University of Pretoria etd – Fourie, A (2005)

# DIE AANPASSING VAN DIE ADOLESSENT NÁ ONTSLAG UIT DIE KINDERHUIS

**ARINA FOURIE**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE**
**(SPELTERAPIE)**

**in die**

**Departement Maatskaplike Werk**
**Fakulteit Geesteswetenskappe**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER: DR. J.M. YSSEL**

Pretoria Januarie 2004

*Hierdie verhandeling word opgedra aan my wonderlike ondersteunende en liefdevolle ouers,*
*Burton en Henri-Hetta Fourie.*

University of Pretoria etd – Fourie, A (2005)

# INHOUDSOPGAWE


**DANKBETUIGINGS** **i**

**OPSOMMING** **ii**

**SUMMARY** **vi**

**HOOFSTUK 1 UITEENSETTING VAN DIE NAVORSING**

**1.1 Inleiding** **1**

**1.2 Probleemformulering** **5**

**1.3 Navorsingsdoelwitte** **6**

**1.4 Navorsingsvraag** **7**

**1.5 Navorsingsbenadering** **8**

**1.6 Soort navorsing** **9**

**1.7 Navorsingsontwerp** **9**

**1.8 Navorsingsprosedures** **10**

1.8.1 Data insameling 10

1.8.2 Analise van data 11

**1.9 Voorondersoek** **11**

1.9.1 Uitvoerbaarheid van die navorsing 11

1.9.2 Toetsing van die onderhoudskedule 12

**1.10 Universum, Populasie en Steekproefneming** **12**

**1.11 Etiese kwessies** **13**

1.11.1 Benadeling van respondente 13

1.11.2 Ingeligte toestemming 14

1.11.3 Misleiding van respondente 14

1.11.4 Gewelddadige inbreuk van konfidensialiteit 15

| | | |
|---|---|---|
| **1.11** | **Etiese kwessies** | **(vervolg)** |
| 1.11.5 | Optrede en vaardighede van die navorser | 15 |
| 1.11.6 | Samewerking met medewerkers of borge | 15 |
| 1.11.7 | Herstel van respondente | 16 |
| **1.12** | **Definisie van hoofkonsepte** | **16** |
| 1.12.1 | Aanpassing | 16 |
| 1.12.2 | Adolessent | 16 |
| 1.12.3 | Ontslag | 17 |
| 1.12.4 | Kinderhuis | 17 |
| **1.13** | **Oorsig van die navorsingsverslag** | **18** |

**HOOFSTUK 2 DIE ADOLESSENT SE AANPASSING NÁ ONTSLAG UIT DIE KINDERHUIS**

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | **Inleiding** | **19** |
| **2.2** | **Die kinderhuis as substituutsorg** | **20** |
| 2.2.1 | Definisie van 'n kinderhuis | 20 |
| 2.2.2 | Die doel en funksies van 'n kinderhuis | 21 |
| 2.2.3 | Opname in die kinderhuis | 22 |
| **2.3** | **Adolessensie as ontwikkelingsfase** | **25** |
| 2.3.1 | Die tydperk van adolessensie | 25 |
| **2.4** | **Holistiese ontwikkelingskenmerke van die adolessent en die impak daarvan op aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis** | **26** |
| 2.4.1 | Kognitiewe ontwikkeling van die adolessent | 26 |
| 2.4.1.1 | Formele operasionele denke | 27 |
| 2.4.1.2 | Egosentrisme | 29 |
| 2.4.2 | Persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent | 33 |
| 2.4.2.1 | Die ontwikkeling van 'n identiteit | 33 |
| 2.4.3 | Sosio-emosionele ontwikkeling van die adolessent | 37 |

University of Pretoria etd – Fourie, A (2005)

**2.5 Die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker 42**

2.5.1 Maatskaplike werker as opvoeder 44

2.5.2 Maatskaplike werker gemeenskapsmediator 45

**2.6 Samevatting 48**

**HOOFSTUK 3 EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS**

**3.1 Inleiding 49**

**3.2 Hoof- en subtemas van die navorsing 50**

3.2.1 Hooftema 1: Huidige lewensituasie van die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef 51

3.2.1.1 Werk/studeer as huidige lewensituasie 51

3.2.1.2 Aanpassing van die adolessent by sy/haar huidige lewensituasie 52

3.2.2 Hooftema 2: Adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se belewing van sy/haar lewe as kinderhuiskind en die invloed van dié belewing op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis 53

3.2.2.1 Positiewe ervaring 54

3.2.2.2 Negatiewe ervaring 55

3.2.3 Hooftema 3: Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persoonlike opinie van hom/haarself en die invloed van laasgenoemde opinie op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis 56

3.2.4 Hooftema 4: Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se belewing van die sosialiseringsomgewing en sy/haar aanpassing daarby 59

**3.2 Hoof- en subtemas van die navorsing (vervolg)**

3.2.4.1 Opinie ten opsigte van sosialisering buite die grense van die kinderhuis 59
3.2.4.2 Afhanklikheid van liefde, ondersteuning en beskerming in die kinderhuis 61
3.2.4.3 Persoonlike keuse 62

3.2.5 Hooftema 5: Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van sy/haar betrokkenheid by anti-sosiale gedrag in die samelewing 63
3.2.5.1 Betrokkenheid by antisosiale gedrag 63
3.2.5.2 Persoonlike waardestelsel 66

3.2.6 Hooftema 6: Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van die voorbereiding wat ontvang is, voor die proses van ontslag uit die kinderhuis 67
3.2.6.1 Betrokkenheid van die maatskaplike werker 67
3.2.6.1.1 Fisiese voorbereiding 67
3.2.6.1.2 Emosionele voorbereiding 69

3.2.7 Hooftema 7: Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van spesifieke aspekte waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus ten einde adolessente optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis 71
3.2.7.1 Voldoende voorbereiding 71
3.2.7.2 Begeleiding tot die hantering van trauma 72
3.2.7.3 Die verskaffing van leiding aan die individu 73
3.2.7.4 Die fasillitering van onafhanklikheid 74

**3.3 Samevatting 76**

University of Pretoria etd – Fourie, A (2005)

**HOOFSTUK 4: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**


**4.1 Inleiding 78**

**4.2 Doelstelling van die ondersoek 78**

**4.3 Doelwitte van die ondersoek 79**

**4.4 Navorsingsvraag 80**

**4.5 Samevatting van die navorsingsresultate, gevolgtrekkings en aanbevelings 81**

4.5.1 Samevatting van die navorsingsresultate 81

4.5.2 Gevolgtrekkings 82

4.5.3 Aanbevelings 87

**4.6 Slotgedagte 90**


## LYS VAN TABELLE


**3.1 Hoof- en subtemas soos geïdentifiseer vanuit die empiriese data 76**


## BYLAES


**A Onderhoudskedule**

**B Ingeligte toestemmingsbrief aan respondente**

**BRONNELYS**

University of Pretoria etd – Fourie, A (2005)

# DANKBETUIGINGS

Die volgende persone en instansies word hartlik bedank vir hulle bystand en ondersteuning met die voltooiing van hierdie verhandeling:

Dr. J. M. Yssel wat as my studieleier 'n professionele bydrae gelewer het ten opsigte van vakkennis, vaardighede, ondersteuning, aanmoediging en bystand.

Dr. J.M.C. Joubert en al die ander dosente van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria wat betrokke is by die Magister Socialis Diligentiae (Spelterapie)-kursus, vir waardevolle insette.

Die twee vakreferente verbonde aan die Akademiese Inligtingsdiens aan die Universiteit van Pretoria, Liezl Stiegler en Jacqueline Theunissen, vir hulle besondere effektiewe werksvermoë en vaardighede op grond van bronne en bronverwysings en al die moeite wat met laasgenoemde gepaard gaan.

Me. S. Porter, Hoof van die Môreson Kinderhuis op George, vir die tyd wat sy afgestaan het ten einde kennisinsette vir hierdie navorsing te lewer en vir haar toestemming om adolessente wat Môreson Kinderhuis gedurende die afgelope jaar verlaat het, by die ondersoek te betrek.

Almal wat betrokke was by die empiriese ondersoek vir die deel van waardevolle kennis waarsonder hierdie navorsing nie 'n werklikheid kon word nie.

Vickie Mhanne vir die transkribering van die empiriese bevindinge.

My familie en Sean wat deurlopend ondersteuning, bystand, aanmoediging, liefde en geduld in tye wat moeilik was, moes toon.

My God vir die vermoëns en vaardighede, krag, voorregte en bystand ten einde hierdie studie te kon voltooi.

## OPSOMMING

**DIE AANPASSING VAN DIE ADOLESSENT NÁ ONTSLAG UIT DIE KINDERHUIS**

Deur

Arina Fourie

Studieleier: Dr. J.M. Yssel

Departement Maatskaplike Werk

MSD (Spelterapie)

Die adolessent in die kinderhuis vorm deel van die groeiende aantal Suid-Afrikaanse kinders wat deur die loop van hulle lewens aan fisiese-, emosionele- en seksuele mishandeling, wanvoeding en verwerping onderhewig was. Hierdie mishandeling van kinders word aan armoede en onkunde ten opsigte van kinderopvoeding wat daar by ouers en versorgers bestaan, toegeskryf. Die adolessente word as gevolg van hulle situasie as sorgbehoewend beskryf, wat tot die plasing van die individu in alternatiewe sorg lei. Kinderhuise maak deel uit van hierdie alternatiewe sorg wat vir sorgbehoewende kinders beskikbaar gestel word. Op die ouderdom 18 jaar word die kind volgens wet verplig om die kinderhuis te verlaat, wat weer met verskeie gevoelens van vrees, onsekerheid en ontkenning gepaard gaan. Laasgenoemde gevoelens kan daartoe aanleiding gee dat die aanpassing van die adolessent, ná ontslag uit die kinderhuis, negatief beïnvloed word. Daarom word groot fokus op die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker geplaas om die adolessent optimaal voor te berei vir die proses van ontslag uit die kinderhuis.

Deur die adolessent optimaal voor te berei vir die proses van ontslag uit die kinderhuis en deurlopend ondersteuning te bied, kan die aanpassing van die individu buite die grense van die kinderhuis, suksesvol wees. Hierdie verantwoordelikheid van maatskaplike werkers moet deur die loop van die kinderhuiskind se lewe toegepas word ten einde die individu in sy geheel optimaal voor te berei vir die proses van ontslag uit die kinderhuis. Maatskaplike werkers moet bewus gemaak word van die verskeie bydraende faktore wat 'n invloed kan hê op suksesvolle of onsuksesvolle aanpassing van die adolessent. Met die oorbrugging van die kennisleemte wat daar by maatskaplike werkers bestaan, kan die individu optimaal vir ontslag uit die kinderhuis voorberei word.

Hierdie navorsing het ondersoek ingestel na die verskeie bydraende faktore wat ‘n invloed op die suksesvolle- of wanaanpassing van die adolessent buite die kinderhuis kan hê. Die doel van hierdie navorsing was dus om ondersoek in te stel na die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is bepaalde doelwitte gestel. Dit het behels dat ‘n teoretiese kennisbasis opgestel moes word oor die adolessent se algemene leefwêreld by ontslag uit die kinderhuis, die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker in die verskaffing van deurlopende ondersteuning en optimale voorbereiding van die adolessent by ontslag uit die kinderhuis en ’n ondersoek na die positiewe en negatiewe faktore wat tot suksesvolle aanpassing of wanaanpassing kon lei.

‘n Empiriese ondersoek waartydens semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode gebruik is, is uitgevoer ten einde die adolessent se aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis te assesseer. Die volgende hooftemas is geïdentifiseer: huidige lewensituasie van adolessente bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef; adolessente se selfsiening en die invloed van laasgenoemde persepsie op hulle aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis; hulle belewing van hulle sosialiseringsomgewing en aanpassing daarby; hul persepsies van betrokkenheid by antisosiale gedrag in die samelewing; hul persepsies van optimale voorbereiding voor, tydens en ná ontslag uit die kinderhuis en laastens hul persepsies van spesifieke gebiede van verandering waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus om adolessente optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis. Tien respondente is deur middel van individuele, semi-gestruktureerde onderhoude by die ondersoek betrek.

Toegepaste navorsing is gedoen aangesien daar uit verskeie onderhoude met maatskaplike werkers ‘n behoefte geïdentifiseer is aan meer kennis ten opsigte van die bydraende faktore wat die adolessent se algemene aanpassing beïnvloed. Die navorser het gepoog om antwoorde te kry op die navorsingsvraag wat tot verhoogde kennis en bemagtiging van maatskaplike werkers wat met hierdie kinders werk, kan lei. Daardeur kan dienslewering (die voorbereiding- en ondersteuning van die adolessent voor en na ontslag uit die kinderhuis) verbeter word en die adolessente se suksesvolle aanpassing buite die kinderhuis versterk word. Die navorser het verder van ‘n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak om kwalitatiewe empiriese inligting te verkry.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar van die fenomenologiese strategie gebruik gemaak, aangesien die fokus op die ondervinding, betekenis en persepsies wat die adolessente het aangaande hulle algemene aanpassing by hulle leefwêreld ná ontslag uit die kinderhuis geplaas is.  Die volgende faktore is geïdentifiseer wat die aanpassing van die adolessent na ontslag uit die kinderhuis positief beïnvloed:

- voorbereiding op ontslag deur maatskaplike werkers
- aanvaarding deur die portuurgroep
- ondersteuning deur maatskaplike werkers tydens verblyf in die kinderhuis en ook na ontslag
- fasilitering van effektiewe traumahantering tydens verblyf in die kinderhuis
- gemaklike sosialisering buite die kinderhuis
- ondersteunende kontak met familielede

Die navorsingsvraag wat vir die doel van hierdie ondersoek geformuleer is, was: Wat is die bydraende faktore wat die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis beïnvloed?

Empiriese gegewens wat verkry is, het getoon dat adolessente oor die algemeen positief aanpas ná ontslag uit die kinderhuis.  Die meeste adolessente ervaar hulle lewe as kinderhuiskind as positief.  Hierdie positiewe terugvoer kan aan die manier waarop die individu in die kinderhuis behandel is, toegeskryf word.  Die adolessente se aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis, hang in die meeste gevalle af van die waarde wat aan hulle verblyf in die kinderhuis geheg word, af.

Die ondersoek het dus fokus op die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis geplaas, wat verdere navorsingsmoontlikhede inhou.  Die verlangde inligting is bekom en kan in verdere werk met adolessente in dieselfde situasie benut word.

**SUMMARY**

**THE ADAPTATION OF THE ADOLESCENT AFTER EMANCIPATION FROM THE CHILDREN'S HOME**

By

Arina Fourie

Study leader: Dr. J.M. Yssel

Department of Social Work

MSD ( Play Therapy)

The adolescent in a children's home forms part of the growing number of South African children who through the course of their lives have been exposed to physical, emotional and sexual abuse, malnutrition and neglect. This type of abuse could be the result of lack of parenting skills in the case of parents and carers fuelled by poverty and poor education.

Consequently, these adolescents would be described as "in need" and would be eligible for placement in alternative care. Children's homes fall in the category of alternative care, made available for children "in need". In terms of the law, a young person is enforced to leave the children's home at the age of 18. This is accompanied by feelings of fear, uncertainty and denial. These feelings could influence the young person's adaptation in the community negatively. The emphasis is therefore placed on the role and the responsibility of the social worker to prepare the individual for successful emancipation from the children's home.

Preparing the adolescent optimally for emancipation from the children's home and in addition to deliver support throughout, may lead to successful adaptation into the community. This particular responsibility should be available to the child throughout his/her life in the children's home, not just prior to the emancipation process. Social workers should be made aware of different factors that could influence the successful adaptation, for example, social workers might lack knowledge and the focus should be on bridging such shortcomings. This study focused on various contributing factors that influence the success of the adolescents' adaptation in the community.

The aim of the study was to investigate the general adaptation of the adolescent after emancipation from the children's home. In order to reach the required goal, a number of objectives were formulated. These included the formulation of a theoretical framework of knowledge about the adolescent's general life around the time of emancipation; the role and responsibilities of the social worker in providing support and optimal preparation of the individual; and the positive and negative factors that contribute to the individual's success.

An empirical study, during which semi-structured interviews were used as a data collecting method, was undertaken to assess the adaptation of the adolescents after emancipation from the children's home. The following main themes were identified: the current life situation of the adolescent over the age of 18 who lives outside the borders of the children's home; his/her self-esteem and how this perception of him/herself influences the adaptation process after emancipation; how the adolescents adapt and experience the social environment; their opinion about participation in anti-social behaviour; their feelings about the optimal preparation before and after the process of emancipation and their opinion on specific areas of change to contribute to the optimal preparation of emancipation out of the children's home. Ten participants took part in individual, semi-structured interviews.

Applied research was undertaken as the researcher aimed at establishing solutions for the identified problem area, namely that social workers need more information on the contributing factors that influence the general adaptation process after emancipation.

A qualitative approach was used in order to gather qualitative empirical data. To achieve the goal in this study, a phenomenological strategy was applied, as the focus was on the experience, meaning and concept of the individual as regards his/her general adaptation process after emancipation from the children's home.

The research question formulated for this study was: What are the contributing factors that influence the general adaptation process of the adolescent after emancipation from the children's home?

The research findings indicate that the adolescent generally adapts well after emancipation from the children's home. Most individuals experience their lives as children in a children's home as positive. This positive feedback could be attributed to the way these individuals have been treated in the children's home. Their adaptation process depends on the value they attach to their lives in the children's home. The following aspects was indicated to have a positive influence on the adaptation of the adolescent after leaving the children's home:

- preparation for life outside the children's home by social workers
- acceptance by the peer group
- support from social workers during the adolescent's time in the children's home and after leaving the children's home
- facilitation of the adolescent' s effective handling of his trauma during his stay in the children's home.
- Spontaneous socialization outside the children's home
- Supportive contact with family members

This study revealed the experience of the adolescents after emancipation from the children's home, which holds further research possibilities. The necessary information was acquired and could be used in further studies of adolescents in a similar situation.

**SLEUTELTERME / KEY TERMS**

| | |
|---|---|
| Adolessent | Adolescent |
| Aanpassing | Adaptation |
| Kinderhuis | Children's home |
| Ontslag | Emancipation |
| Maatskaplike werker | Social worker |

# HOOFSTUK 1

# UITEENSETTING VAN DIE NAVORSING

## 1.1 INLEIDING

’n Toenemende aantal Suid-Afrikaanse kinders maak deel uit van die kringloop van fisiese-, seksuele- en emosionele mishandeling, verwerping en wanvoeding. Emerson en Thomas (2003:199) meld die volgende in hierdie verband: *“Child abuse statistics in South Africa are exceptionally high. About one in four girls and one in eight boys are abused at some time.”* Die mishandeling en misbruik van kinders kan deur faktore soos onstabiele huislike omstandighede, alkohol- en dwelmmisbruik, onkunde oor kinderopvoeding en armoede veroorsaak word en kan daartoe lei dat die kind sorgbehoewend bevind word, en in alternatiewe sorg, soos in ’n kinderhuis, geplaas word.

In die Kinderwet word gemeld dat die Suid-Afrikaanse regering geld bewillig vir die oprigting van kinderhuise en dat hierdie kinderhuise in stand gehou moet word vir die opname, versorging, bewaring, waarneming, ondersoek en behandeling van sorgbehoewende kinders (Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983). In die konsepbeleidstuk rakende die Transformasie van die Kinder- en Jeugsorgstelsel van Suid-Afrika (2002:4) word vermeld dat daar tans 41 kinderhuisfasiliteite in die Wes-Kaap bestaan waar daar vir die versorging van 2248 voorsiening kinders gemaak word.

Die skrywer Ayasse (1995:207) bevestig dat daar as gevolg van mishandeling, verwerping en alkohol- en dwelmmisbruik deur ouers ’n toename is in die aantal kinders wat in kinderhuise versorg word. Porter (2004) sluit by bogenoemde aan en meld dat die volgende aspekte tot opname in die Môreson Kinderhuis in George lei: drankmisbruik of verslawingsprobleme van ouers (35%), fisiese verwaarlosing en wanvoeding (24%), emosionele verwaarlosing (14%), gedragsprobleme by kinders (12%), fisiese mishandeling en molestering (10%) en verlating van die ouerhuis (7%). As gevolg van bogenoemde faktore moet die Kinder- en Gesinsorgstelsel van Suid-Afrika ’n beduidende groep kinders met uiteenlopende behoeftes opneem en versorg.
In ’n onderhoud met ’n maatskaplike werker van die Môreson Kinderhuis te George blyk

dit dat die kinders wat opgeneem word verskeie behoeftes ervaar wat van kind tot kind verskil. Oor die algemeen ervaar die kinders 'n behoefte aan fisiese en emosionele versorging, ontwikkelingsgeleenthede, die bemeestering van sekere vaardighede, asook 'n behoefte aan die gevoel om tot 'n groep te behoort (Porter, 2004). Scholte (1997:657) asook Cantos, Gries en Slis (1996:927) is van mening dat die doel van kinderhuise is om aan sorgbehoewende kinders belangrike dienste te lewer wat tot die bevrediging van hulle fisiese-, sosiale- en emosionele behoeftes lei. Kinderhuise skep 'n "veilige hawe" waarin die kinders optimaal kan funksioneer, weg van hulle onstabiele huislike omstandighede. Molin (1990:503) is ook van mening dat dienste wat aan die kind in die kinderhuis gelewer word, tot 'n meer stabiele "gesins"-omgewing kan lei waarbinne die kind se emosionele en sielkundige probleme aandag kry en verminder kan word.

Kinders word gewoonlik tot ontslag op 18-jarige ouderdom in kinderhuise versorg. In die konsepbeleidstuk van die Minimum Standaarde van Suid-Afrikaanse Kinder- en Jeugsorgstelsels (1998:39) word daar gemeld dat die kind die kinderhuis moet verlaat ná voltooiing van sy laaste skooljaar of gedurende die jaar wanneer hy 18 jaar oud word. Emerson en Thomas (2003:200) bevestig dit deur te meld dat kinders die kinderhuis wettig op die ouderdom van 18 jaar verlaat.

Uit 'n onderhoud met 'n Kommissaris van Kindersorg blyk dit dat kinders ook onder ander omstandighede wettiglik uit kinderhuise verwyder kan word. Indien rekonstruksie-dienste gelewer is en die kind se huislike omstandighede toepaslik verander het, kan 'n kind met volledige toestemming en goedkeuring van die Kommissaris van Kindersorg by sy biologiese ouers teruggeplaas word (Fourie, 2004).

Dit sluit aan by die Kinderwet wat aandui dat die minister te eniger tyd ná uitreiking van 'n hofbevel skriftelike toestemming kan gee dat 'n leerder of kind uit die kinderhuis ontslaan kan word. Dit kan slegs plaasvind as die minister die betrokke bestuur of goedgekeurde vereniging raadpleeg voordat die leerder uit 'n inrigting ontslaan kan word (Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983).

Hierdie ondersoek het gefokus op die adolessent se aanpassing in die buitewêreld ná ontslag uit die kinderhuis op die ouderdom 18 jaar. Adolessensie word deur Craig (1996:404) en Louw en Edwards (1998:476) gedefinieer as die tydperk of oorgang tussen die kinderjare en volwassenheid, waartydens belangrike ontwikkeling ten opsigte van die adolessent se kognitiewe vaardighede, sosiale betrokkenheid en sieninge van die self plaasvind.

Volgens Porter (2004) gaan die tydperk van naderende ontslag uit die kinderhuis sonder uitsondering met ’n rouproses en belewenis van ’n krisis gepaard. “*Vir die jong volwassene wat oor ondersteuningsnetwerke en sekuriteit wat die kinderhuis hom of haar gebied het beskik, is die verlating uit hierdie beskermende omgewing ’n angswekkende krisistydperk*.” (Porter, 2004). Molin (1990:502) sluit hierby aan deur aan te voer dat hierdie jongmense oor hulle huidige en toekomstige status twyfel, aangesien daar nie duidelikheid is oor wat hulle toekoms vir hulle kan inhou nie.

Volgens die navorser moet daar ook in ag geneem word dat die kind wat in ’n gelukkige huislike omgewing grootgeword het, hierdie oorgang meer geleidelik en met voortgesette ondersteuning deur die ouers beleef. By die kind in die kinderhuis is die verlating van die veilige omgewing gegrond op ’n wetlike bepaling sonder dat daar noodwendig ander stelsels beskikbaar is vir ondersteuning buite die kinderhuis. Dit behels dus ’n skriftelike onafhanklikheidswording waarmee die adolessent moet saamlewe.

Volgens Sinclair en Gibbs (1998:72) word die verantwoordelikheid om die kind tydens die stadium van die verlating van die kinderhuis te ondersteun op die maatskaplike werkers en versorgers geplaas. Molin (1990:503) stem saam met bogenoemde skrywers dat die sleutelelemente in die suksesvolle aanpassing buite die kinderhuis deurlopende ondersteuning en betrokkenheid van maatskaplike werkers en versorgers by die kind verg. Laasgenoemde betrokkenes kan die kind help om ambivalente gevoelens, angs en onsekerhede beter te kan hanteer en oplossings te vind waar nodig.

Ter aansluiting by hierdie belangrike rol en verantwoordelikheid wat maatskaplike werkers ten opsigte van die kind buite die kinderhuislewe het, word daar in die konsepbeleidstuk van Minimum Standaarde van Kinder- en Jeugsorgstelsels in Suid-Afrika (1998:40) beklemtoon dat elke jeugdige wat die kinderhuis verlaat onvoorwaardelik van ontwikkelingsgerigte geleenthede en programme, gegrond op die doelstellings van die kind in die kinderhuis se sorgplan en individuele ontwikkelings-plan, voorsien moet word.

Sinclair en Gibbs (1998:47) voer aan dat kinders by ontslag uit kinderhuise ’n onsekerheid oor hulle toekoms toon aangesien daar baie vrae oor die lewe in die buitewêreld bestaan. Dit kan moontlik daartoe aanleiding gee dat adolessente nie oor genoegsame kennis en vaardighede beskik om suksesvol in die wêreld buite die kinderhuis aan te pas nie. Dit is volgens die navorser van kardinale belang dat maatskaplike werkers oor die kennis ten opsigte van faktore wat die adolessent se aanpassing negatief of positief beïnvloed, moet beskik. Met genoegsame kennis kan die maatskaplike werkers by die kinderhuis dienslewering bied wat kan bydra tot die optimale aanpassing en funksionering van die adolessent buite die kinderhuis.

Tydens onderhoude met maatskaplike werkers (Porter, 2004; Terblanche, 2004) is ’n duidelike behoefte aan verhoogde kennis ten opsigte van die aanpassing en funksionering van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis geïdentifiseer. Hierdie behoefte kan gedefinieer word as ’n kennisleemte ten opsigte van faktore wat die oorsaak is van wanaanpassing van sekere kinders teenoor die suksesvolle aanpassing van ander kinders ná ontslag uit die kinderhuis. *“Daar bestaan ’n groot behoefte aan kennis oor die faktore wat daartoe aanleiding gee dat sekere kinders maklik buite die kinderhuisomgewing ná ontslag aanpas en ander kinders geweldig moeilik by hulle nuwe lewensomstandighede aanpas.”* (Porter, 2004). Terblanche (2004) bevestig die behoefte aan kennis ten opsigte van die oorsake van die kinders se suksesvolle aanpassing of wanaanpassing. Hierdie geïdentifiseerde kennisleemte kan veroorsaak dat maatskaplike werkers nie optimale hulpverlening voor en ná ontslag uit die kinderhuis aan adolessente kan bied nie.

Tydens die huidige ondersoek is verken hoe adolessente ná ontslag uit die kinderhuis aanpas. Die ondersoek het gepoog om relevante kennis ten opsigte van die positiewe en negatiewe faktore wat tot die suksesvolle aanpassing of wanaanpassing van adolessente by ontslag uit die kinderhuis bydra, te verkry. Hierdie inligting kan gebruik word om 'n kennisraamwerk beskikbaar te stel wat deur maatskaplike werkers gebruik kan word ten einde die adolessent optimaal vir ontslag voor te berei en ná ontslag deurlopende ondersteuning aan die adolessent te bied.

## 1.2 PROBLEEMFORMULERING

Volgens Murph (2000:1145) het die meeste kinders in kinderhuise 'n sekere mate van trauma ondervind, hetsy blootstelling aan aanhoudende mishandeling, verwerping, gebrek aan versorging of gebrek aan stabiele lewensomstandighede. Laasgenoemde traumas veroorsaak gewoonlik fisiese-, emosionele- of sosiale probleme op die kort- en lang termyn. In die kinderhuis word verskeie dienste deurlopend aan elke individu verskaf. Dienste sluit maatskaplike-, sielkundige-, skolastiese-, en versorgingsdienste in. Daar word dus voortdurend aan die kind se behoeftes aandag gegee. As gevolg van hierdie veilige ondersteuningsnetwerk word die kind deurlopend beskerm. Onsekerheid oor sy toekoms ná skool en dus ontslag uit die kinderhuis sal met gevoelens van angs, vrees en ontkenning gepaard gaan. Molin (1990:503) is van mening dat die kind wat die kinderhuis verlaat, sy daaglikse roetine, stabiliteit, sekuriteit en veiligheid moet prysgee. As gevolg van sy ontslag uit die kinderhuis bevind die kind hom in 'n moeilike stadium van sy lewe, en toon onsekerheid oor die hede en die toekoms.

Volgens Molin (1990:505) en Sinclair en Gibbs (1996:72) moet daar 'n pertinente fokus op die rol van die maatskaplike werker in die optimale voorbereiding van die kind vir ontslag geplaas word. Bogenoemde skrywers is van mening dat elke kind individueel op 'n realistiese manier deur 'n betrokke maatskaplike werker ondersteun moet word. Optimale voorbereiding moet ook deur die maatskaplike werker verskaf word, sodat die kind sy onafhanklike lewe buite die kinderhuis as 'n individu suksesvol kan deurvoer. Sinclair en Gibbs (1996:72) fokus veral op die belangrikheid van die oopdeurbeleid wat maatskaplike werkers moet handhaaf sodat die kinders, in geval van nood, hulp kan ontvang.

Volgens die inligting wat die navorser uit onderhoude met die maatskaplike werkers (Porter, 2004 en Terblanche, 2004) verkry het, bestaan daar 'n kennisleemte by maatskaplike werkers oor die faktore wat bydra tot die suksesvolle aanpassing of wanaanpassing van adolessente ná ontslag uit die kinderhuis. Hierdie kennisleemte lei daartoe dat optimale voorbereiding en ondersteuning ná ontslag aan bande gelê word.

In hierdie navorsingsondersoek het die navorser ondersoek ingestel na die kennisleemte ten opsigte van faktore wat tot die suksesvolle of onsuksesvolle aanpassing van adolessente buite kinderhuise bydra. Inligting vanuit die empiriese ondersoek is as grondslag gebruik om aanbevelings ten opsigte van 'n voorbereidings- en hulpverleningstruktuur daar te stel vir gebruik deur maatskaplike werkers ten einde die kind optimaal vir ontslag voor te berei en tydens en ná ontslag uit die kinderhuis te ondersteun.

## 1.3 NAVORSINGSDOELWITTE

Die doel van hierdie verkennende ondersoek was eerstens 'n ondersoek na die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis. Uit hierdie inligting kon gevolgtrekkings gemaak word van wat die onderskeie faktore is wat bydra tot suksesvolle aanpassing of wanaanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis. Hierdie inligting is gebruik as basis vir aanbevelings ten opsigte van die optimale hantering van die adolessente by en ná ontslag uit die kinderhuis. Die doelstelling was dus verkenning van die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis.

Volgens Neuman (1994:18) word verkennende navorsing gedefinieer as *"… die ondersoek van 'n geval waaroor daar min of geen literatuur bestaan"*. In die geval van die huidige ondersoek het die navorser gebruik gemaak van verkennende navorsing aangesien daar min inligting en literatuur oor die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis beskikbaar is. Die navorser wou dus meer kennis bekom ten opsigte van dié kennisleemte. Die navorser het beoog om ook verdere vrae te formuleer wat deur toekomstige navorsing beantwoord kan word. Fouché (2002b:109) is van mening dat 'n verkennende ondersoek na 'n spesifieke probleem ten doel het om meer insig ten opsigte van die verskynsel te verkry. Die

navorser het beoog om op grond van die ingesamelde kennis oor die faktore wat tot die suksesvolle aanpassing of wanaanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis kan lei, tot groter insig oor die verskynsel by te dra.

Die onderstaande doelwitte is dus vir die ondersoek geformuleer :

► Om 'n teoretiese kennisraamwerk op te stel oor die adolessent se algemene leefwêreld voor en tydens ontslag uit die kinderhuis, die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker in die verskaffing van deurlopende ondersteuning en optimale voorbereiding van die adolessent by ontslag uit die kinderhuis, en watter positiewe en negatiewe faktore tot suksesvolle of wanaanpassing buite die kinderhuis kan bydra.

► Om tydens 'n empiriese ondersoek te bepaal wat die bydraende faktore is wat die bydraende faktore is wat die adolessent se algemene aanpassing by ontslag uit die kinderhuis kan beïnvloed.

► Om op grond van die inligting wat deur die navorser ingesamel en geanaliseer is aanbevelings te maak ten einde die kennisleemte wat daar by maatskaplike werkers oor die onderwerp bestaan, uit die weg te probeer ruim.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Volgens Babbie en Mouton (2001:75) word 'n empiriese navorsingsvraag gedefinieer as *"… 'n vraag wat 'n probleem wat van toepassing op 'n alledaagse kwessie is, ondersoek"*. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die navorsingsvraag in vraagvorm met betrekking tot die doelstelling van die studie gedefinieer. Hierdie oorhoofse vraag is tydens die deurvoer van die navorsing beantwoord. Om 'n empiriese vraag te beantwoord, moet nuwe inligting oor 'n spesifieke kwessie ingesamel word of die reeds bestaande data met betrekking tot 'n aangeleentheid volledig geanaliseer word. In die geval van hierdie ondersoek is daar van 'n verkennende navorsingsvraag gebruik gemaak.

Die navorsingsvraag wat tydens die ondersoek beantwoord is, is: *"Wat is die bydraende faktore wat die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis*

*beïnvloed?"*

## 1.5 NAVORSINGSBENADERING

Fouché en Delport (2002:79) definieer 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering as *"…'n paradigma wat vanuit 'n antipositivistiese benadering ontwikkel en ideografies en holisties van aard is"*. Hierdie benadering is daarop gefokus om die sosiale lewe van mense te verstaan, en om die betekenis wat mense aan hulle alledaagse lewe heg, in perspektief te plaas.

Terre Blanche en Durrheim (1999:42) sluit by bogenoemde aan deur van mening te wees dat die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik word in die geval waar die navorser inligting deur middel van geskrewe of verbale woorde insamel, of deur middel van observasies wat deur die navorser self gemaak word. In hierdie ondersoek is daar van die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak, aangesien daar gefokus is op die ontleding van 'n verstandhouding tussen die sosiale lewe van die mens en die betekenis wat mense aan hulle lewe heg. Die betekenis, idees en persepsies is dus vanuit 'n subjektiewe perspektief verkry. Daar is gefokus op die interaksie van die mens met sy of haar direkte en indirekte omgewing. Navorsing is gedoen oor die adolessent se leefwêreld ná ontslag uit die kinderhuis ten einde te bepaal wat die bydraende faktore is wat die algemene aanpassing van die adolessent beïnvloed.

Die holistiese beeld van die adolessent, met al die aspekte wat 'n rol in sy lewe speel ná ontslag uit die kinderhuis, is nagevors. Inligting is in die respondente se eie woorde of persepsies weergegee. Die soort navorsing sluit die respondente se persoonlike geloofstelsel en waardes wat betrekking op die onderliggende verskynsel sou hê in. Sodoende kon 'n subjektiewe verkenning van die realiteit en perspektief van die adolessente verkry word.

## 1.6 SOORT NAVORSING

Beide Grinnell (1993:21) en Neuman (1994:21) onderskei tussen twee hoofstroom-navorsingstipes, naamlik basiese en toegepaste navorsing. *Basiese* navorsing word gesien as 'n soort navorsing waardeur fundamentele kennis oor die sosiale wêreld verkry word. Nuwe inligting word gegenereer en ontwikkel. Hierteenoor word *toegepaste* navorsing gesien as 'n soort navorsing waar spesifieke probleme opgelos moet word. 'n Probleem word vanuit die praktyk verkry en 'n oplossing vir die probleem moet deur middel van die toepassing van navorsing verkry word.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar van toegepaste navorsing gebruik gemaak, aangesien daar uit verskeie onderhoude met maatskaplike werkers (Porter, 2004 en Terblanche, 2004) 'n duidelike behoefte aan meer kennis ten opsigte van die bydraende faktore wat die adolessent se algemene aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis kan beïnvloed, na vore gekom het. Die positiewe en negatiewe faktore wat tot suksesvolle aanpassing of wanaanpassing lei, is noukeurig tydens die uitvoer van hierdie studie ondersoek. Die ingesamelde inligting is gebruik om aanbevelings te maak vir maatskaplike werkers ten einde die kind optimaal voor te berei en te ondersteun vir en ná ontslag uit die kinderhuis.

## 1.7 NAVORSINGSONTWERP

Fouché (2002a:271) bevestig dat kwalitatiewe navorsers die navorsingstrategie wat die beste by hulle navorsing pas, skep. Babbie en Mouton (2001:75) beklemtoon dat 'n navorsingsontwerp 'n plan of 'n "bloudruk" is van die wyse waarop 'n navorsingsondersoek uitgevoer sal word. 'n Fenomenologiese strategie word deur Fouché (2002a:273) gedefinieer as *"… 'n studie van die betekenis wat verskeie individue aan 'n ondervinding, verskynsel of konsep heg"*. Hierdie benadering fokus op die begrip en interpretasie van subjekte van hulle alledaagse lewens.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van die fenomenologiese strategie. Die fokus is dus op die ondervinding van adolessente ná ontslag uit die kinderhuis en die betekenis wat hulle aan hulle algemene aanpassing by hulle leefwêreld, heg.

## 1.8 NAVORSINGSPROSEDURE

### 1.8.1 Insameling van data

Aangesien daar tydens hierdie navorsing op die persepsies, idees, verwysingsraamwerk en opinies van die adolessente ten opsigte van hulle algemene aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis gefokus is, is daar van ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering en ’n fenomenologiese strategie gebruik gemaak. Volgens Grinnell (1993:225) word daar van onderhoudvoering in navorsing gebruik gemaak wanneer inligting aangaande individue se situasies en ondervindings verkry moet word.

Gedurende die ondersoek is gebruik gemaak van individuele onderhoude wat met ’n geselekteerde groep adolessente wat die afgelope jaar (2003 tot 2004) uit kinderhuise ontslaan is, gevoer is. Greeff (2002:298) beskou semi-gestruktureerde onderhoudvoering as ’n tipe onderhoud wat ten opsigte van verskeie areas van belangrikheid georganiseer word, maar waar ’n geleentheid vir meer buigbaarheid en diepgaande bespreking bestaan.

Aangesien ’n breë beeld van die bydraende faktore wat die algemene aanpassing van die adolessente by ontslag uit die kinderhuis beïnvloed, verkry moes word, is daar vir die doeleindes van hierdie ondersoek van semi-gestruktureerde onderhoude met ’n onderhoudskedule gebruik gemaak. Dit het ’n geleentheid geskep om meer buigbare en diepgaande besprekings te voer oor die respondente se persepsies, perspektiewe en gevoelens ten opsigte van die verskillende faktore wat hulle algemene aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis beïnvloed. Tydens die onderhoude het die navorser met die hulp van die onderhoudskedule oop vrae, gebaseer op onderwerpe waarop gekonsentreer gaan word, gevra.

### 1.8.2 Analise van data

Analise van data word deur De Vos (2002:339) gedefinieer as die proses waardeur orde, struktuur en betekenis aan ingesamelde data gegee word:
*"The process of data analysis and interpretation can best be represented in a spiral image – a data analysis spiral. The researcher moves in analytic circles rather than using a fixed linear approach"* (De Vos, 2002:340).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van die kwalitatiewe data-analiseringsproses. Volgens dié analiseringsproses word data tydens die onderhoudvoering met behulp van 'n bandopnemer opgeneem. Na elke individuele onderhoud maak die navorser transkripsies van die onderhoude wat gevoer is. Laasgenoemde geskied so gou moontlik ná die onderhoud. Elke onderhoud se transkripsie word in 'n lêer geplaas, deurgelees en 'n holistiese beeld van die temas verkry. *"Read the transcripts in their entirety several times. Immerse yourself in the details, trying to get a sense of the interview as a whole before breaking it into parts"* (De Vos, 2002:343).

Tydens die deurlees van die ingesamelde data is verskeie temas en subtemas uitgelig. Hierna is die data in kategorieë geplaas en die navorser het die betekenis van elke kategorie verduidelik. Daarna is alle inligting met literatuur gekontekstualiseer en geverifieer. Die data ter wille van duidelikheid in die finale verslag ook visueel skematies voorgedra.

## 1.9 VOORONDERSOEK

### 1.9.1 Uitvoerbaarheid van die navorsing

Die ondersoek is deurgevoer met veral een praktiese aspekte in gedagte, naamlik die opstel van 'n volledige tyds- en beplanningsraamwerk, waarvolgens die navorsingsondersoek uitgevoer is. Die tydsraamwerk het 'n uiteensetting bevat van verskeie stadiums van die navorsing en die beplanning is deurlopend tydens die studie gemonitor en geëvalueer. Die ondersoek is by een kinderhuis, naamlik die Môreson

Kinderhuis in George, deurgevoer. Die betrokke kinderhuis is vooraf genader en toestemming vir die uitvoer van die ondersoek is verkry. Daar is ooreengekom dat die navorser die adolessente wat tydens die voorafgaande jaar (2003 tot 2004) uit die kinderhuis ontslaan is by haar studie kon betrek. Volledige ingeligte toestemming moes ook van die respondente verkry word. Daar is van die begin van die navorsing af binne die raamwerk van 'n begrotingstruktuur gewerk. Alle moontlike uitgawes is oorweeg voordat dit aangewend kon word, en die navorser het self verantwoordelikheid hiervoor aanvaar.

### 1.9.2 Toetsing van die onderhoudskedule

Die individuele onderhoudskedule is voor die hoof empiriese ondersoek met twee adolessente wat die voorafgaande jaar uit die kinderhuis ontslaan is, maar wat nie deel van die studie sou uitmaak nie, getoets. Veranderinge ten opsigte van die onderhoudskedule is voor die empiriese ondersoek aangebring.

## 1.10 UNIVERSUM, POPULASIE EN STEEKPROEFTREKKING

Strydom en Venter (2002:198) definieer 'n *universum* as *"… al die potensiële subjekte wat dieselfde probleem het en wat deel van die studie kan uitmaak"*. Verder word 'n *populasie* gedefinieer as *"… al die subjekte uit die universum wat dieselfde karaktertrekke besit."*

Die universum van hierdie studie is alle adolessente wat uit kinderhuise in Suid-Afrika ontslaan is. Die populasie van hierdie studie verteenwoordig alle adolessente van die Môreson Kinderhuis wat van 2003 tot 2004 uit die kinderhuis ontslaan is op grond van die feit dat hulle 18 jaar oud was of hulle laaste skooljaar voltooi het.

Strydom en Venter (2002:203) definieer *ewekansige steekproeftrekking* as die metode waar elke steekproef eenheid in die populasie 'n gelyke kans het om geselekteer te word. Die selektering van die eenhede is gebaseer op 'n sekere vorm van ewekansige steekproeftrekking.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die steekproef op ’n ewekansige wyse geselekteer deur gebruik te maak van “simple random” steekproeftrekking. In hierdie geval is ‘n lys van eenhede beskikbaar gestel waaruit 10 respondente op ‘n ewekansige manier gekies is.

### 1.11 Etiese kwessies

*“The fact that humans are the objects of study in the social sciences, brings unique ethical problems to the fore that would never be relevant in the pure, clinical laboratory settings of the natural sciences.”* (Strydom, 2002:62). Strydom (2002:62) is verder van mening dat enige mens wat by navorsing betrokke is, tydens die uitvoer van wetenskaplike navorsing bewus gemaak moet word van die algemene ooreenkomste aangaande wat reg is en wat verkeerd is. Spesifieke aspekte wat op hierdie navorsing van toepassing is en waaraan die navorser voldoen het, word vervolgens uitgelig.

#### 1.11.1 Benadeling van respondente

Volgens Strydom (2002:64) is dit die verantwoordelikheid van die navorser om die respondente te alle tye teen enige fisiese- en emosionele benadeling wat tydens die uitvoering van die navorsingsondersoek kan voorkom, te beskerm.

In hierdie ondersoek is die respondente vooraf in kennis gestel oor die aard van die ondersoek, asook die impak wat die ondersoek moontlik op hulle kon uitoefen. Die respondente is geselekteer deur gebruik te maak van eenvoudige ewekansige steekproeftrekking. In hierdie geval is ’n lys eenhede beskikbaar gestel waaruit 10 respondente op ’n ewekansige manier gekies is.

Die respondente is deurlopend die kans gegun om van die ondersoek te onttrek indien hulle dit nodig sou ag. Die moontlikheid het bestaan dat die respondente tydens die uitvoer van die ondersoek gevoelens van sosiale en emosionele ongemak oor hulle huidige lewensituasies kon ervaar, aangesien daar gedurende die onderhoudvoering op die individu se persoonlike lewenservarings gefokus is.

Die navorser het met die hoof van die Môreson Kinderhuis (me. A. Porter) gereël dat daar, waar nodig, 'n ontlontingsessie, na afloop van die individuele onderhoude met die betrokke respondente gehou kon word.

### 1.11.2 Ingeligte toestemming

Strydom (2002:65) is van mening dat dit die verantwoordelikheid van die navorser is om inligting aangaande die doel van die navorsing, die prosedures wat tydens die navorsing gevolg sal word, die voor- en nadele daarvan vir die respondente, asook moontlike risiko's wat tydens die uitvoer van die navorsing kan voorkom deurlopend aan respondente te verskaf. Daarna moet die respondente die geleentheid gebied word om 'n ingeligte keuse met betrekking tot deelname aan die navorsing te maak.

Tydens die uitvoering van hierdie ondersoek het die navorser duidelike en akkurate inligting aangaande die verloop van die ondersoek aan die respondente oorgedra. Die respondente is ook die geleentheid gegun om 'n duidelike besluit ten opsigte van hulle deelname aan die navorsing te neem. Die respondente is ook die vryheid gegun om op enige tydstip uit die ondersoek te onttrek.

### 1.11.3 Misleiding van respondente

Volgens Strydom (2002:66) behels misleiding van respondente weerhouding van inligting of die oordrag van verkeerde inligting om die deelname van respondente te bevorder.

Tydens hierdie ondersoek het die navorser gedefinieerde en duidelike inligting ten opsigte van die doel van die ondersoek, asook korrekte inligting ten opsigte van die verwagtings wat tydens die uitvoer van die ondersoek van die respondente gekoester is, oorgedra. Respondente se belewenis van die ondersoek is deurlopend bespreek.

### 1.11.4 Vertroulikheid

Strydom (2002:67) definieer vertroulikheid as ’n reg van die individu om te besluit waar, wanneer, aan wie en tot watter mate sy of haar geloof, opinie, persepsie en gedrag aan ander bekend gemaak mag word. Dit is dus die verantwoordelikheid van die navorser om inligting wat verkry word en die identiteit van die respondente op vertroulike wyse te hanteer. Respondente se toestemming moes dus verkry word vir bekendmaking van inligting wat uit die bandopnames verkry word. Alle bandopnames is ná afloop van die ondersoek vernietig en skuilname is gebruik om respondente se privaatheid te beskerm.

### 1.11.5 Optrede en vaardighede van die navorser

Strydom (2002:69) is van mening dat navorsers eties verplig word om tydens die uitvoering van hulle navorsing vaardig te wees om sodanige navorsing op ’n etiese en korrekte wyse uit te voer. Die navorser moet dus vaardig genoeg wees om die doel van die ondersoek binne die riglyne van etiese kwessies uit te voer.

Die doel van die navorsing, die uitvoering daarvan, die resultate en die analisering van data is korrek deur die navorser gerapporteer. Die navorser is ’n geregistreerde maatskaplike werker wat die navorsing onder toesig van ’n studieleier onderneem het.

### 1.11.6 Samewerking met medewerkers of borge

Die deelname van en verhoudings met medewerkers en/of borge is belangrik, aangesien die navorser nie in alle gevalle die volledige projek alleen kan deurvoer nie:

> ”*The relationship between the researcher and the sponsor can also sometimes raise ethical issues, for instance when the sponsor acts prescriptively towards the researcher, when the identity of the sponsor of the study remains undisclosed, when the researcher does not disclose the real findings in compliance with the expectations of the sponsor, or when the real goal of the investigations is camouflaged*”
> (Strydom, 2002:71).

Die navorser het in hierdie ondersoek wel die samewerking van die personeel by die kinderhuis benodig, en het duidelike riglyne hiervoor opgestel. Die navorser het egter self al die onderhoude met die respondente gevoer.

#### 1.11.7 Herstel van respondente

Aangesien die navorsingsonderwerp daartoe kan lei dat respondente bewus word van emosionele of sosiale ongemak oor hulle huidige lewensituasie, is dit die navorser se plig om aan hulle geleentheid tot ontlonting te bied. Die navorser het met die hoof van die Môreson Kinderhuis, me. Porter, gereël om die ontlonting, asook opvolg-terapeutiese sessies, indien nodig, met die respondente te doen.

### 1.12. Definisie van hoofkonsepte

Vir die doeleindes van die ondersoek is die volgende definisies gebruik:

1.12.1 *Aanpassing*

Volgens die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:68) word *aanpassing* gedefinieer as *"… die wederkerige proses tussen individu en omgewing om mekaar te akkommodeer om sodoende toereikende passing tussen menslike behoeftes en omgewingshulpbronne te bewerkstellig"*. Louw, van Ede en Louw (1998:155) definieer *aanpassing* as die oorgang van 'n byna parasitiese bestaan na dié van 'n afsonderlike individu in 'n nuwe omgewing.

Die navorser definieer *aanpassing* vir die doeleindes van hierdie ondersoek as die proses waardeur die adolessent deurlopend moet inpas by 'n nuwe omgewing, ten einde 'n suksesvolle lewe buite die grense van die kinderhuis te lei.

1.12.2 *Adolessent*

*Adolessensie* word deur die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:2) gedefinieer as *"die lewensfase beginnende by puberteit en eindigende in volwassenheid".* Adolessensie is dus die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid.

Die term *adolessensie*, wat afgelei is van die werkwoord *adolescere,* beteken dan ook *"om "groot te word"* of *"om te groei tot volwassenheid"* (Thom, Louw, Van Ede en Ferns, 1998:388).

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek definieer die navorser die *adolessent* as 'n persoon wat die ouderdom 18 jaar bereik het en wat wettig verplig is om die kinderhuis te verlaat. Hierdie adolessent is dus in 'n posisie waar daar deurlopend aangepas moet word by veranderde omstandighede in die omgewing buite die grense van die kinderhuis.

1.12.3 *Ontslag*

*Ontslag* is die handeling waardeur iemand ontslaan, vrygestel of onthef word (*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 1994:739).

*The Standard English Dictionary* (1990:217) definieer *ontslag* soos volg: "*To send away; to permit to depart; to remove from a significant place, service or employment".*

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek, word *ontslag* gedefinieer as die proses wat deur die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) daargestel is en waardeur die adolessent die kinderhuis moet verlaat, ten einde 'n onafhanklike lewe buite die grense van die kinderhuis te begin.

1.12.4 *Kinderhuis*

Volgens die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983), word *kinderhuis* gedefinieer as *"… enige verblyfplek of tehuis wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders weg van hulle ouers af, maar wat nie ook 'n nywerheidskool of 'n verbeteringskool is nie"*.

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:32) ondersteun hierdie omskrywing in hulle definisie van 'n kinderhuis as *enige fasiliteit wat kragtens die Wet op Kindersorg, 1983 (Suid-Afrika, 1983) in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders weg van hulle ouerhuise af* .

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word ‘n *kinderhuis* gedefinieer as *“die plek waar die kind ná verwydering uit ouerlike sorg tuisgaan, weg van sy/haar ouerhuis of biologiese voog/ouers af”.* Die adolessent verlaat die kinderhuis op die ouderdom van 18 jaar, en moet daarna by die omgewing buite die kinderhuis aanpas.

## 1.13 OORSIG VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag word in vier hoofstukke verdeel. Hoofstuk een is die algemene inleiding tot die navorsingsondersoek. Hoofstuk twee behels ’n bespreking van die adolessent se algemene leefwêreld met die ontslag uit die kinderhuis. Die fokus is geplaas op die positiewe en negatiewe faktore wat tot suksesvolle aanpassing of wanaanpassing buite die kinderhuis kan lei en op ’n bespreking van die rol en verantwoordelikheid van maatskaplike werkers in die verskaffing van deurlopende ondersteuning en optimale voorbereiding van die adolessent voor en ná ontslag uit die kinderhuis. Hoofstuk drie behels die weergee van die empiriese inligting wat die analisering en interpretering van die empiriese inligting soos verkry uit die individuele onderhoude bevat. Hoofstuk vier bevat die gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die navorsing.

# HOOFSTUK 2

# DIE ADOLESSENT SE AANPASSING NÁ ONTSLAG UIT DIE KINDERHUIS

## 2.1 INLEIDING

*"Placement has been recognized as a powerful intervention in the lives of children and families, with ramifications of its own extending through time. Despite the movement towards permanency planning, children continue to be exposed to periods of uncertainty, ambivalence, and ambiguity about the resolution of placement"* (Molin, 1990:501).

Talle kinders met fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosio-emosionele ontwikkelingsprobleme word jaarliks in 'n kinderhuisstruktuur opgeneem. Die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) verplig die Suid-Afrikaanse regering om geld vir die oprigting en instandhouding van kinderhuise vir die opname, versorging, bewaring, waarneming, ondersoek en behandeling van sorgbehoewende kinders te bewillig.

Kinders se omstandighede voor die verwydering uit die ouerhuis en plasing in 'n kinderhuis kan trauma vir die kind meebring. Hierdie trauma veroorsaak ontwikkelingsagterstande wat tydens adolessensie manifesteer. Thom, Louw, Van Ede en Ferns (1998:391) bevestig dat sowel die kompleksiteit en diversiteit van adolessente se liggaamlike en seksuele ontwikkeling as die ontwikkeling van hulle denke, gevoelens, persoonlike verhoudings, gedrag en identiteit in die bestudering van adolessensie as ontwikkelingstadium in gedagte gehou moet word. Om die algehele funksionering van die adolessent in die kinderhuis te verstaan is dit dus nodig om die adolessent holisties te benader en sy kognitiewe-, persoonlikheids- en sosio-emosionele ontwikkeling in ag te neem. Die impak wat die eise van adolessensie as ontwikkelingstadium aan die individu stel, tesame met eise van individue se negatiewe belewenisse voor hulle verwydering na die kinderhuis, het volgens die navorser 'n beduidende invloed op die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis.

Die navorser se persoonlike ervaring dui daarop dat die maatskaplike werker 'n uiters belangrike rol in die optimale voorbereiding en deurlopende ondersteuning van die

adolessent by die ontslag uit die kinderhuis speel. Daarom is dit vir die maatskaplike werker noodsaaklik om 'n raamwerk van kennis ten opsigte van die faktore wat die adolessent se aanpassing negatief of positief kan beïnvloed, op te stel.

In hierdie hoofstuk sal daar spesifiek op sowel die kinderhuis as substituutversorger vir sorgbehoewende kinders as op adolessensie as 'n ontwikkelingsfase in die lewe van individue en die algemene ontwikkelingskenmerke van adolessensie gefokus word. Daarna sal die impak van lewenseise tydens adolessensie, tesame met trauma wat veroorsaak is deur die individu se agtergrondsomstandighede en wat 'n groot invloed op die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis sal uitoefen bespreek word. Verdere fokus sal gerig word op die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker ten opsigte van die optimale voorbereiding en ondersteuning van die adolessent binne en buite die kinderhuis.

## 2.2 DIE KINDERHUIS AS SUBSTITUUTSORG

### 2.2.1 Definisie van 'n kinderhuis

*"…'n Kinderhuis is 'n institusie of fasiliteit wat kragtens die Wet op Kindersorg 1983 (Wet nr. 74 van 1983) in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders weg van hulle ouerhuise af …"* (*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*, 1995:32).

Jack (1998:10) definieer 'n *institusie* as *"… 'n organisasie wat gestig of opgerig word ten einde 'n wetenskaplike, opvoedkundige of ander publieke objek te bemark of te ontwikkel"*. Die skrywer brei verder op bogenoemde definisie uit en verwys na 'n institusie as *"… 'n fisiese gebou wat deur 'n organisasie gebruik word ten einde 'n bepaalde doelwit of sosiale bylewering in 'n spesifieke samelewing volgens 'n spesifieke struktuur en funksie daar te stel …"*
So 'n instelling (institusie) waarborg doeltreffende en spesifieke dienste aan 'n spesifieke samelewing. Clough (1998:213) definieer *residensiële sorg* as *"…'n diens wat aan 'n samelewing gelewer word vanuit 'n opgerigte, wetlike en gevestigde institusie"*

Emerson en Thomas (2003:199) definieer ’n *kinderhuisstruktuur* as *“… ’n voorafbeplande diens vir kinders wat sorgbehoewend is en as gevolg van verskeie redes nie saam met hulle biologiese ouers kan woon nie”*. Die plasing van die kinders kan vir die lang of kort termyn wees. Die navorser is van mening dat ’n kinderhuisstruktuur ’n tipe residensiële sorg of institusie is waar sorgbehoewende kinders versorg kan word. Dit is die plig van die staat om sulke institusies beskikbaar te stel.

### 2.2.2 Die doel en funksies van ’n kinderhuis

*“As well as being the most numerous and the most costly, residential homes are the most distinct, clearly defined units of social care provision”* (Burton, 1998:20).

In die geval waar ouers nie optimaal in die kind se behoeftes kan voorsien nie, moet die kinderhuisstruktuur verseker dat ’n positiewe omgewing en ervaring geskep word, ten einde ’n helende proses aan die individu te verseker. Buehler (2003:61) meld dat die behoeftes van die kind by opname in die kinderhuis ondersoek en bevestig moet word. Sholte (1997:657) sluit by bogenoemde aan deur die fokus te plaas op die skep van ’n “gesinstruktuur” waar daar deurlopend aandag, liefde en struktuur in die kinders se lewens bewerkstellig kan word. Laasgenoemde gee aanleiding tot die positiewe, helende proses van die individu. Sowel Bagwell (2001:65) as Simms en Halfon (1994:505) bevestig die noodsaaklikheid van ’n stabiele omgewing met goeie versorgers vir die positiewe helende ondervinding van die kind oor ’n bepaalde tydperk. Sodoende kry kinders die geleentheid om beduidende veranderings in hulle fisiese-, emosionele- en intellektuele ontwikkeling te ervaar. Cantos, Gries en Slis (1996:927) beskou kinderhuise as belangrike en noodsaaklike instellings in die samelewing, aangesien daar daagliks sorgbehoewende kinders is met verskeie behoeftes wat hulp op verskeie terreine benodig.

Die navorser is van mening dat kinderhuise ’n uiters belangrike rol in die samelewing kan speel ten einde kinders ’n “tweede kans” te gee om optimaal as individue te kan funksioneer. Mehra (1996:80) en Meadowcroft, Hawkins, Grealish en Weaver (1990:100) bevestig dat die doelstelling en funksies van kinderhuise as instellings daarop gerig is om in die kind se emosionele-, sielkundige-, geloofs-, fisiese- en sosiale

behoeftes te voorsien. Bogenoemde skrywers definieer hulle siening van kinderhuise soos volg

- Die instelling moet daarop fokus om veranderinge in die kind se gedrag en algemene funksionering aan te bring.

- Daar moet gefokus word op die kinderhuiskind se aanleer van toepaslike sosio-emosionele gedrag ten einde suksesvolle aanpassing by veranderde omgewings te verseker.

- Die kinderhuisstelsel moet 'n omgewing skep waarbinne die kinders veilig kan voel en versorgers sal hê wat die kinders kan motiveer en op 'n daaglikse basis kan ondersteun.

In hierdie verband beklemtoon Mehra (1996:80) dat 'n kinderhuisstruktuur geskep word wat die kind die geleentheid sal gee om veral die volgende aspekte in sy lewe te ontwikkel:

- 'n positiewe identiteit;
- om binne 'n individuele taal-, kulturele- en geloofstruktuur, die individu in staat te stel om 'n eie waardestelsel te ontwikkel waarop die kind sy lewe kan voortbou; en
- om aanpasbare vaardighede as kind, adolessent en volwassene in 'n spesifieke samelewing aan te leer.

### 2.2.3 Opname in die kinderhuis

Ten einde die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis te begryp, moet daar eers op die redes vir die opname van individue in kinderhuise gefokus word, sodat die impak wat vorige belewenisse en omstandighede op die individu het, in verband met die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis gebring kan word.

Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:60) definieer die *sorgbehoewende kind* as een wie se maatskaplike funksionering, asook fisiese-, psigiese- en emosionele ontwikkeling belemmer is deur verwaarlosing of mishandeling, of gebrek aan uitoefening van beheer deur die ouer of voog. Sholte (1997:657) en Timbers (1990:26) is van

mening dat die oorhoofse blaam vir die redes vir plasing van kinders in substituutsorg op negatiewe huislike omstandighede waar kinders aan mishandeling, verwaarlosing, verwerping en wanvoeding onderworpe was, geplaas kan word. Hierdie kinders toon as gevolg van hulle omstandighede hoë vlakke van emosionele- , gedrags-, sosiale- en ontwikkelingsprobleme. Die toename in die aantal kinders wat in substituutsorg opgeneem word, word soos volg deur 'n internasionale bron bevestig: *"Greater numbers of young children with complicated serious physical health, mental health or development problems are entering foster care"* (Development issues for young...2000:1145).

Volgens die Wet op Kindersorg 1983 (Wet 74 van 1983) kan 'n kind deur die kinderhof onder andere na 'n kinderhuis, soos deur die Direkteur-generaal aangewys, verwys word. Dit gebeur slegs indien die hof ná 'n deeglike ondersoek oortuig is dat die betrokke kind geen ouer of voog het nie, of wel 'n ouer of voog het, maar in die bewaring van 'n persoon is wat nie in staat of geskik is om die kind se versorging te behartig nie.

Volgens hierdie wet is 'n persoon nie in staat of geskik om die bewaring van die kinders in sy/haar sorg te hê nie deurdat hy/sy:

1) "dermate geestesongesteldheid is dat hy nie in staat is om vir die liggaamlike, verstandelike of maatskaplike welsyn van die kind voorsiening te maak nie;
2) die kind aangerand of mishandel het of toegelaat het dat hy aangerand of mishandel word;
3) die verleiding, ontvoering of prostitusie van die kind of die pleging deur die kind van onsedelike handelinge veroorsaak of in die hand gewerk het;
4) gewoontes en gedrag openbaar wat die liggaamlike, verstandelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig benadeel;
5) versuim om die kind toereikend te onderhou;
6) die kind in stryd met artikel 10 (van die Wet nr. 74 van 1983) onderhou;
7) die kind verwaarloos of toelaat dat hy verwaarloos word;
8) die kind nie behoorlik kan beheer ten einde behoorlike gedrag, soos gereelde skoolbywoning, te verseker nie;
9) die kind verlaat; of
10) geen waarneembare bestaansmiddele het nie" (Wet op Kindersorg, Wet No 74 van 1983, artikels 14 & 15).

Verskeie skrywers (vergelyk Timbers, 1990:26; Ayasse, 1995:207; Cantos, *et al*., 1996:921; Clausen, Landsverk, Ganger, Chadwick en Litrownik, 1998:284; Zeanah en Laurrieu, 1998:358) sluit by bogenoemde redes vir die opname van kinders in die kinderhuis aan deur op die moontlike oorsake van die hoë voorkoms van kinders wat jaarliks in die kindersorgstelsel opgeneem en versorg word, te fokus.

Die volgende aspekte is deur bogenoemde skrywers uitgewys:

- die meeste sodanige kinders woon in wanaangepaste omgewings wat hulle fisiese-, emosionele- en psigiese ontwikkeling strem;
- ontwikkelingsprobleme of agterstande van hierdie kinders word hoofsaaklik deur gedrag wat deur hulle ouers openbaar word, veroorsaak;
- die gedrag van ouers wat tot die ontwikkeling van probleme en agterstande van die kind lei, is soos volg:
  - daaglikse alkohol- en substansmisbruik;
  - huweliksprobleme wat tot ’n omgewing wat aan voortdurende konflik blootgestel is, kan lei;
  - geestesongesteldhede van ouers wat die risiko kan verhoog dat die kind spesifieke wanaangepaste gedrag kan aanleer;
  - armoede, finansiële druk en werkloosheid wat kan tot baie ander konfliksituasies en omstandighede vir die kind kan lei;
  - ouers wat in gevangenis is en;
  - ouers met MIV/Vigs wat aanleiding kan gee tot die oordrag van die virus aan die kind.

Die navorser is van mening dat laasgenoemde veral in Suid-Afrika ’n groot oorsaak is dat baie kinders sonder enige heenkome is. Die navorser stem saam dat bogenoemde faktore spesifieke omstandighede veroorsaak waar kinders aan fisiese-, emosionele- en seksuele mishandeling, verwaarlosing, wanvoeding of selfs die dood blootgestel word. Dit is dus noodsaaklik dat alle kinders, veral jonger kinders, die kans gegun word om in ’n versorgende, ondersteunende en stimulerende omgewing geplaas te word waar die kind as individu optimaal kan ontwikkel.

Die plasing van die kind in die kinderhuisomgewing skep juis die geleentheid om in ’n stabiele, positiewe omgewing op te groei. So ’n omgewing bied geleenthede vir die

ontwikkeling van individuele potensiaal ten einde suksesvolle aanpassing van die kind in sy of haar volwasse lewe te bewerkstellig.

Murph (2000:1146) sluit by bogenoemde aan en is van mening dat die optimale ontwikkeling van ’n sorgbehoewende kind bereik kan word indien ’n spektrum van behoeftes oor ’n tydperk bevredig word.

Kinders wat in kindersorg geplaas word, ontwikkel volgens Sholte (1997:657) as gevolg van hulle omstandighede in die verlede, beduidende hoë vlakke van emosionele-, gedrags- en sosiale probleme. Elke kind se agtergrond en primêre rede vir die aanvanklike opname in die kinderhuis is uniek. Die navorser lei hieruit af dat kinders verskeie behoeftes ervaar wat op verskillende tye in hulle lewens geïdentifiseer en bevredig moet word. Die graad en intensiteit van hulle behoeftes hang af van aaneenlopende gebeure en omstandighede wat hulle as jong kinders ervaar het. Die kinders toon veral behoeftes op sosio-emosionele-, sielkundige-, skolastiese- en fisiese vlak. Hierdie behoeftes sal in die literatuurstudie in paragraaf 2.2.3 in meer detail bespreek word.

Die Wet op kindersorg beskou die kind as ’n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Die skrywers Meadowcroft en Trout (1990:123) en Bagwell (2001:64) bevestig dat ’n kind die kinderhuis wetlik op die ouderdom van 18 jaar, moet verlaat. *“On reaching the age of 18, these youth are legally emancipated”* (Emerson en Thomas, 2003:200).

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die adolessent op 18 jaar as “gereed” beskou word om die kinderhuis te verlaat ten einde ’n onafhanklike lewe te begin. Die navorser is egter van mening dat die adolessent in hierdie stadium van ontslag uit die kinderhuis moontlik in ’n stadium van onsekerheid en angs verkeer. Die eise wat adolessensie as ’n ontwikkelingstadium aan die individu stel, tesame met ’n geskiedenis van negatiewe ervarings kan tot ’n stresvolle oorgangstadium lei wat die aanpassing van die adolessent buite die kinderhuis negatief kan beïnvloed.

Vervolgens word daar op adolessensie as ontwikkelingsfase gefokus ten einde die moontlike impak van die adolessent se verlating van die kinderhuis binne die konteks van sy ontwikkelingsfase te begryp.

## 2.3 ADOLESSENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE

### 2.3.1 Die tydperk van adolessensie:

Ten einde die impak wat die proses van ontslag uit die kinderhuis op die adolessent het te verstaan, is dit noodsaaklik om die tydperk van adolessensie holisties te verken.

Volgens Craig (1996:404) en Thom *et al*. (1998:388) word adolessensie as die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid gedefinieer. Adolessensie strek van 11-jarige ouderdom tot die vroeë twintigerjare (Thom *et al*., 1998:476). Craig (1996:404) en Thom *et al*. (1998:388) is van mening dat daar onsekerheid oor die definisie van die grense wat adolessensie as 'n stadium afbaken bestaan en dat daar eerder gefokus moet word op spesifieke sielkundige en fisiese ontwikkelingskenmerke wat die tydperk van adolessensie bepaal.

In hierdie navorsing word die fokus op die adolessent tussen die ouderdom van 18 en 21 jaar geplaas. Dit is dus die stadium van laat-adolessensie en vroeë volwassenheid. Thom *et al*. (1998:518) definieer hierdie stadium van adolessensie as die "nuwelingsfase" waartydens die individu emosioneel en finansieel onafhanklik word en volwasse rolle (soos in 'n beroep, huwelik en gesin) moet aanneem. Die adolessent ontwikkel gedurende hierdie fase 'n identiteit en 'n persoonlike waardestelsel wat hom in staat moet stel om volwasse vriendskappe en liefdesverhoudings aan te knoop. Baron (1998:342) sluit hierby aan deur adolessensie te beskryf as 'n tydperk wat begin met puberteit en eindig met die onafhanklikheid van die individu en die aanneem van volwasse rolle en verantwoordelikhede. Ander outeurs skryf soos volg oor hierdie tydperk: *"In most societies, adolescence is regarded as a period that allows for the preparation for adulthood*" (Duncan, Van Niekerk & Mufamadi, 2003:37).

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat dit moeilik is om 'n spesifieke ouderdom vir die aanvang en afsluiting van adolessensie te bepaal en dat bogenoemde ouderdomme slegs as riglyne moet dien.

Vervolgens word op die algemene ontwikkelingskenmerke van die adolessent en spesifiek die impak wat die veranderinge en eise tydens adolessensie op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis het, gefokus.

## 2.4 HOLISTIESE ONTWIKKELINGSKENMERKE VAN DIE ADOLESSENT EN DIE IMPAK DAARVAN OP AANPASSING NÁ ONTSLAG UIT DIE KINDERHUIS

Die ontwikkelingskenmerke van die adolessent word volgens sy kognitiewe-; persoonlikheids- en sosio-emosionele ontwikkeling gekategoriseer.

### 2.4.1 Kognitiewe ontwikkeling van die adolessent

*Kognisie* verwys na die wyse waarop individue inligting omtrent hulle wêreld inwin en hoe hulle sodanige inligting en kennis individueel verwerk (hoe die kennis geberg, herwin en gebruik word om gedrag te rig). *Kognisie* verwys dus na die prosesse en produkte van die intellek. Voorbeelde van kognitiewe prosesse is aandag skenk (konsentrasie), waarneming, geheue, denke, redenasie, konseptualisering, klassifikasie, assosiasie, simbolisering, droom en fantasering (Thom *et al.,* 1998:10). Baron (1998:255) sluit by bogenoemde aan en definieer *kognisie* as die kognitiewe prosesse wat geassosieer word met denke, kennis en geheue.

Volgens Louw en Edwards (1998:482) het kognitiewe veranderinge tydens adolessensie tot gevolg dat die kind se konkrete denkvermoë in 'n omvattende, meer volwasse vermoë verander. 'n Voorbeeld hiervan is die vermoë om konkrete en abstrakte begrippe en denke te analiseer en logies te beredeneer. *"The ability to engage in abstract matters, such as moral or political issues, is acquired, enabling the individual's ability to process decisions about a career, individual values and ideologies, in order to construct a value system, social roles and his or her own identity"* (Duncan *et al*., 2003:38). Craig (1996:424) stem hiermee saam en assosieer die kognitiewe ontwikkeling van adolessente met verhoogde denke.

#### *2.4.1.1 Formele operasionele denke*

Craig (1996:424) en Thom *et al*. (1998:417) bevestig dat Jean Piaget se formele operasionele fase as die hoogste vlak van denke wat in menslike kognitiewe ontwikkeling bereik kan word, gedefinieer kan word. Hierdie siening word so deur Duncan *et al.* (2003:38) gestel: *"The period of adolescence coincides with Piaget's highest level of cognitive development, the formal operational period"*. Hierdie stadium van kognitiewe ontwikkeling word op 'n ouderdom tussen 12 en 15 jaar bereik en word gekenmerk deur die vermoë tot abstrakte denke. Die adolessent is reeds in staat om

hipoteses te ontwikkel, afleidings te maak en interpretasies voor te stel. Volgens Craig (1996:424) is die individu in werklikheid in staat om wetenskaplik te dink.

Op grond van bostaande is die navorser van mening dat die adolessent in die kinderhuis ook breër kan begin dink oor sy betrokke situasie, omstandighede en verlede. Die adolessent begin dus om meer logies te dink wat kan aanleiding gee tot die bewuswording van hoe sy lewe buite die kinderhuis sou kon wees. Laasgenoemde denke kan tot gevoelens van woede, angs, rebelsheid, opstandigheid, frustrasie en magteloosheid aanleiding gee wat noodwendig die jeugdige se aanpassing buite die kinderhuis negatief kan beïnvloed. Laasgenoemde opinie word bevestig deur Duncan *et al.* (2003:38) wat van mening is dat die vermoë om oor abstrakte konsepte in die adolessent se lewe te dink en te redeneer met die verhoogde bewusmaking van die self geassosieer word. *"Adolescents can think abstractly, they can deal with ideals and possibilities. This ability allows adolescents to imagine a better world"* (Levine, 1990:59). Volgens Thom *et al*. (1998:419) speel die sosiale interaksie en oordrag, aanleg en vaardighede van die individu 'n belangrike rol in sy kognitiewe ontwikkeling. Hierdie faktore kan die bereiking van die formeel operasionele denke beïnvloed. Skoolonderrig speel pertinent 'n belangrike rol in die kognitiewe ontwikkeling van die individu. Kinders wat deel van die kinderhuis- of gesinsorgstelsel vorm, toon oor die algemeen probleme en agterstande op grond van hulle kognitiewe ontwikkeling (Meadowcroft *et al.,* 1990:105). Mcfadden (1990:180) stem saam en plaas die fokus op die impak wat die individu se fisiese mishandeling en emosionele verwerping op sy kognitiewe ontwikkeling en skoolprestasies het.

Ayasse (1995:207) en Emerson en Thomas (2003:200) sluit hierby aan en is van mening dat kognitiewe agterstande van adolessente in die kinderhuis toegeskryf kan word aan die emosionele trauma van aanhoudende skeiding van hulle ouers, vriende, skole, opvoeders en versorgers wat 'n impak het op die normale aanpassing by die skoolstruktuur. Die kinders is deurlopend blootgestel aan nuwe opvoedingsverwagtings, onderwysmetodes en kurrikula wat van skool tot skool verskil. Hierdie aanhoudende veranderings versteur die kind se normale intellektuele ontwikkeling. Ayasse (1995:208) en Zetlin, Weinberg en Kimm (2003:106) dui daarop dat sosiale- en emosionele probleme wat deur aanhoudende mishandeling en verwaarlosing van 'n kind veroorsaak

word, tesame met probleme ten opsigte van die kind se aanpassing by die kinderhuisstelsel, 'n groot effek op sy/haar opvoedkundige ontwikkeling het.

Verskeie skrywers (vergelyk Mcparlin, 1996:113; Sholte, 1997:658; Emerson en Thomas, 2003:201; Zetlin *et al.,* 2003:105) fokus op die spesiale opvoedingsbehoeftes wat by die meeste kinders in die kinderhuis voorkom. Dié skrywers stem ooreen dat die meeste kinders verswakte akademiese prestasies, verhoogde afwesigheid van die skool, swak motivering, herhaling van grade, swak deelname aan skoolaktiwiteite en voortdurende konflik met opvoeders beleef. Zetlin *et al.* (2003:105) dui spesifiek daarop dat die meeste kinders wat aan seksuele- of fisiese mishandeling, verwerping of wanvoeding onderhewig is/was, gewoonlik akademies ondergemiddeld presteer en oor die algemeen agterstande ten opsigte van hulle lees- en skryfvermoëns toon teenoor ander in dieselfde graad en ouderdomsgroep.

Die navorser is van mening dat adolessente in kinderhuise se kognitiewe ontwikkeling kan verskil van die adolessente wat in gelukkige huislike omstandighede opgroei as gevolg van historiese gebeurtenisse en omstandighede. Die adolessente se ondergemiddelde kognitiewe vermoëns kan daartoe lei dat hulle op 'n kognitiewe vlak funksioneer waar hulle nooit leer om abstrak te dink nie. Die adolessent in die kinderhuis het moontlik deur die loop van sy skoolloopbaan min individuele aandag ontvang wat op die hantering van spesiale behoeftes of skolastiese probleme gefokus het, en daar is moontlik ook minder individuele stimulering, motivering en ondersteuning aan die besondere kind gebied, aangesien hy deel van 'n kollektiewe groep uitgemaak het.

Die navorser is van mening dat die agterstande wat die adolessent op skool beleef, kan lei tot agterstande in sy potensiële prestasie ten opsigte van tersiêre opvoeding. Swak prestasies op skool en lae intellektuele ontwikkeling kan daartoe lei dat die adolessent min selfvertroue het wat direk en indirek sy werksgeleenthede verminder. Die feit dat die adolessent uit die kinderhuis se kognitiewe geleenthede, vaardighede en vermoëns verskil van ander adolessente in die omgewing kan die aanpassing van die individu by die ontslag uit die kinderhuis beïnvloed. Laasgenoemde kan weer 'n invloed op die adolessent se selfbeeld hê.

#### 2.4.1.2 *Egosentrisme*

Egosentrisme word deur verskeie skrywers (vergelyk Craig, 1996:427; Baron, 1998:344; Louw & Edwards, 1998:482; Thom *et al.,* 1998:423) gedefinieer as *"… die vermoë van adolessente om hulle eie denke te reflekteer en te analiseer"*. Die individu is in staat om ander persone se denke te konseptualiseer en voor te stel, maar slaag nie daarin om te onderskei tussen wat vir hulle en wat vir ander mense belangrik is nie. Hulle dink byvoorbeeld dat ander hulle waarneem soos wat hulle hulself waarneem. Twee vorms van egosentrisme word onderskei, naamlik:

- *Denkbeeldige gehoor:*

Adolessente dink hulle is die middelpunt van ander se aandag en belangstelling. Hulle skep dus in hulle gedagtes 'n denkbeeldige gehoor en reageer op wat hierdie gehoor van hulle dink. 'n Goeie voorbeeld hiervan sou die verhoging van 'n adolessent se bewustheid ten opsigte van sy fisieke voorkoms wees. Baie aandag word dus geskenk aan kleredrag en haarstyl, omdat die adolessent nou baie meer selfbewus is as tydens ander ontwikkelingstadiums.

Die navorser is van mening dat adolessente in die kinderhuis se selfbeeld baie kan verskil van dié van ander adolessente. As gevolg van hulle agtergrond is hulle selfbeeld swakker as dié van ander adolessente. As gevolg van wanvoeding, alkohol- en dwelmmisbruik van ouers het die meeste van die kinders in die kinderhuis 'n fisiese agterstand en is onderontwikkeld. *"More than 60% of care leavers have on-going health problems: respiratory, dental care, skin problems and mental health difficulties"* (Mcparlin, 1996:114).

Die fisiese agterstand van die meeste van hierdie kinders kan 'n invloed hê op hulle selfbeeld, wat nie die geval is met die selfbeeld van ander individue in die samelewing nie.

Die adolessente in die kinderhuis wil net soos ander adolessente goed lyk in kontemporêre kleredrag, maar het in sommige gevalle nie 'n vrye keuse ten opsigte van hul kleredrag nie. Die idee wat hulle oor hulleself vorm, is die idee wat hulle het oor wat mense van hulle dink. Die navorser is van mening dat die adolessente oor 'n swak

selfbeeld kan beskik wat weer hulle aanpassing buite die kinderhuis negatief kan beïnvloed. Hulle inpassing by ander adolessente in die gemeenskap kan dan negatief wees en hulle kan hulleself as “anders” as al die ander adolessente sien. Thom *et al.* (1998:424) sien die toetrede van adolessente tot ’n nuwe sosiale omgewing as ’n tydperk waarin daar definitief groter beskerming vereis word, anders sou dit kan aanleiding gee tot toenemende egosentrisme.

Die adolessent in die kinderhuis geniet volgens die navorser nie noodwendig individuele beskerming en ondersteuning van een betekenisvolle persoon nie. Sommige adolessente in ’n kinderhuis is deur hulle ouers, voog(de) of versorgers verwerp, wat hulle selfbewustheid verhoog en tot toenemende egosentrisme en negatiewe gevoelens kan lei wat hoërisikogedrag versterk en aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis negatief kan beïnvloed. Hoërisikogedrag by adolessente kan aanleiding tot die wyse waarop daar met ander mense in die samelewing in interaksie getree word gee. In die paragraaf hieronder sal daar die fokus op persoonlike fabel as deel van die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent geplaas word.

- *Persoonlike fabel:*

Tydens adolessensie sien die individu hom/haarself as uniek. Adolessente kyk terug na hulle persoonlike ervarings en is onder die indruk dat dit altyd verskil van dié van ander. Hulle is byvoorbeeld onder die indruk dat niemand anders weet hoe dit is om verlief te wees nie. Hierdie aspek hou verband met hoërisikogedrag soos alkohol- en dwelmmisbruik, onbeheerde seksuele aktiwiteite, roekelose bestuur, vroeë swangerskap, diefstal en ongerespekteerde gedrag teenoor ander in die samelewing (vergelyk Baron, 1998:344; Louw & Edwards, 1998:482; Thom *et al.,* 1998:424; Levine, 1990:40.)

In hierdie verband toon Mcparlin (1996:114) uit ondersoeke aan dat 38% van alle jong gevangenes uit “versorgingshuise” kom en dat die meeste meisies binne 18 maande ná ontslag uit die kinderhuisstruktuur swanger raak. Craig (1996:453) bevestig bogenoemde tendens en toon aan dat hoërisikogedrag wat by adolessente voorkom aan die herassessering van waardes toegeskryf kan word. In die proses waartydens die individu se waardes herassesseer word, word hoërisikogedrag ook herassesseer.

Levine (1990:59) sluit by laasgenoemde aan deur van mening te wees dat die woede, angs en blaam van adolessente ná ontslag uit die kinderhuis minder raak en botsende idees, persepsies en idees oor hulle lewens (verlede en toekoms) normaliseer.

Die navorser is van mening dat adolessente in kinderhuise tydens hulle kinderjare aan hoërisikogedrag blootgestel word. Hulle beskik nie oor 'n ondersteuningstruktuur wat begeleiding, kennis en inligting aangaande sekere gedrag aan hulle kan verskaf nie. Die adolessente kan dus voel dat niemand hulle lewensomstandighede en besondere situasie verstaan nie. Hulle kan ook voel dat almal 'n opinie het, maar dat daar op individuele vlak geen leiding, wysheid en insig ten opsigte van die risiko's of gevolge verbonde aan optrede aan hulle gebied word nie. Dit is moontlik dat hulle voel dat daar geen spesifieke struktuur in hulle lewe bestaan nie, maar dat hulle tog moet oorleef. Dit kan lei tot die instandhouding van hulle gemarginaliseerde gevoel, swak selfbeeld en min selfvertroue. Dit kan die aanpassing buite die kinderhuis negatief beïnvloed.
Land (1990:37) beklemtoon dat die kinderhuisomgewing waar die adolessent grootword hierdie aspekte moet hanteer deur te noem dat die manier waarop die adolessent sy omstandighede ná ontslag uit die kinderhuis sal hanteer, van die spesifieke kinderhuis omgewing waarin hy grootgeword het, sal afhang.

Volgens Craig (1996:427) ontwikkel die adolessent wat 'n sterk of goeie verhouding met 'n versorger of ouer het, 'n sterker, positiewer selfbeeld. Die manier waarop die adolessent stresfaktore in sy lewe sal hanteer, sal van sy persoonlikheidsontwikkeling tydens vroeë adolessensie afhang. Stoner (1999:160) is van mening dat die adolessent wat in 'n kinderhuis grootgeword het, reeds 'n agterstand het as gevolg van persoonlike historiese gebeurtenisse, soos mishandeling, verwerping en onstabiliteit wat die kind sensitief laat. Sekere adolessente leer ná ontslag uit die kinderhuis die nodige persoonlike vaardighede en vermoëns aan wat aanleiding gee tot die onafhanklikheid van die adolessent. 'n Mens sou sodanige adolessent as gelukkig kon bestempel.

Die navorser is van mening dat die adolessent stressore ten opsigte van aanpassing buite die kinderhuisstruktuur sal kan hanteer tot die mate waartoe die adolessent die vertroue, vaardighede en sterktes tydens sy vroeë jare aangeleer het en deel van sy geïntegreerde persoonlikheidsontwikkeling gemaak het.

### 2.4.2 Persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent

#### 2.4.2.1 *Die ontwikkeling van 'n identiteit*

'n *Identiteit* word deur Thom *et al.* (1998:429) en Duncan *et al*. (2003:39) gedefinieer as die proses waartydens die individu se bewustheid van hom of haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n bepaalde plek in die samelewing gesien word. Die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:28) sluit by bogenoemde definisie aan deur *identifisering* te definieer as *"die proses waardeur individue hulleself onbewus, of gedeeltelik onbewus, ten nouste met ander individue vereenselwig as gevolg van emosionele bande wat tussen hulle bestaan"*.

Voor adolessensie akkumuleer die kind 'n verskeidenheid rolle, en tydens adolessensie word hierdie rolle geanaliseer en herstruktureer ten einde 'n gevestigde identiteit te vorm (Craig, 1996:438). Volgens die navorser word die adolessent se huidige ontwikkelingsfase gekenmerk as 'n tydperk van emosionele veranderings waar die vorming en vestiging van 'n eie identiteit nodig is. Die vorming van die adolessent se identiteit is baie belangrik aangesien dit 'n basis verskaf vir die daaropvolgende persoonlikheidsontwikkeling van die individu.

Erik Erikson se identiteitsontwikkelingsteorie (vergelyk Thom *et al.,* 1998:430; Duncan *et al.,* 2003:39; Emerson & Thomas, 2003:151) impliseer dat adolessente tydens dié stadium van identiteitsontwikkeling moet definieer wie hulle is, wat vir hulle belangrik is en watter rigting(s) hulle wil inslaan. Louw en Edwards (1998:487) en Thom *et al.* (1998:431) dui aan dat identiteitsvorming tydens adolessensie as 'n stadium beskou word waar take bemeester moet word, geslagsrolle gevestig en bevestig moet word, waar verhoudings, godsdiens, 'n persoonlike waardestelsel, onafhanklikheid van ouers en sosiale verantwoordelikheid tot wasdom moet kom. Die fokus word dus geplaas op spesifieke take wat deur die adolessent bemeester moet word ten einde 'n eie identiteit te vorm. Enkele spesifieke take word vervolgens uitgelig:

→ Adolessente moet 'n geheelbeeld van die self vorm. Hierdie proses word deur Erikson in Thom *et al* (1998:414) as *egosintese* gedefinieer. Die persoon moet ten spyte van tydsverloop en veranderinge steeds voel dat hy dieselfde persoon

kan bly. Sekerheid oor 'n posisie en plek in die direkte interaktiewe samelewing is dus nodig.

Die navorser is van mening dat adolessente in die kinderhuis onseker oor hul plek en posisie in die samelewing en hulle selfidentiteit in sekere situasies is. Hierdie siening word gemotiveer deur verskeie skrywers (vergelyk Molin, 1990:501; Mehra, 1996:80) wat beklemtoon dat adolessente in kinderhuise onsekerheid en ambivalente gevoelens toon wat aanleiding gee tot 'n gemarginaliseerde identiteit en die inneem van die rol van "weeskind" in die samelewing. Mcfadden (1990:163) het aan die lig gebring dat fisiese-, seksuele- en emosionele mishandeling 'n negatiewe invloed op die adolessent in die kinderhuis kan uitoefen en die adolessent se aanpassing buite die kinderhuis negatief kan beïnvloed. Die adolessent sal dus as gevolg van trauma in die verlede moeilik by sekere omstandighede aanpas. Die gemarginaliseerde identiteit veroorsaak 'n gevoel van onstabiliteit, afhanklikheid en onsekerheid in die adolessent se lewe.

> "Any child in care has a particular need to build and sustain a positive self-identity and, if they are placed in an environment where people of their kind are held in low esteem or rarely encountered at all, the outcome will be marginalized identity. Rejection so frequently encountered at the stage of adolescence or young adulthood, is most likely to lead to an identity confusion" (Mehra, 1996:80).

Die hoof en maatskaplike werker van die Môreson Kinderhuis op George sluit aan by Mehra hierbo deur te sê dat, wanneer die adolessent se ontslag aanbreek, hy by die spesifieke omgewing waar hy ná ontslag uit die kinderhuis geplaas sal word, ingeskakel word (Porter, 2004). Die navorser is van mening dat hierdie "bindingsproses" die adolessent die kans gun om 'n stabiele, onafhanklike en selfversekerde identiteit te vorm.

→ Die adolessent moet 'n sosio-kulturele identiteit vorm, wat die waarde-oriënterings en rolverwagtings van sy kultuur/verwysingsgroep insluit.

Die navorser is van mening dat die adolessent homself met die kinderhuiskultuur identifiseer en deur die skool, kerk en gemeenskap as 'n "kinderhuiskind" geëtiketteer

word. Hierdie assosiasie gee aanleiding tot ’n gevoel van ongemak tydens interaksie met die res van die samelewing. Die adolessente is bang om iets nuuts te probeer aangesien hulle vrees vir verdere mislukking en verwerping, wat weer aanleiding gee tot min selfvertroue wat ook ’n impak op die vorming van ’n selfidentiteit het.

→ Die adolessent moet ’n beroepsidentiteit vorm. Dit impliseer dat adolessente realisties moet wees ten opsigte van hulle eie prestasies en vermoëns om ’n realistiese beroepskeuse te kan uitoefen.

Sowel Ayasse (1995:207) as Zetlin *et al.* (2003:105) toon aan dat die meeste kinders in ’n kinderhuis deur die loop van hulle lewens aan seksuele- en fisiese mishandeling, verwerping, wanvoeding en aanhoudende skeiding van betekenisvolle individue in hulle lewe onderwerp is. Hierdie faktore gee aanleiding tot lae akademiese prestasies, verminderde selfvertroue en ’n swak selfbeeld. Op dié wyse ontwikkel hulle nie die vermoëns en vaardighede om hulle volle potensiaal te ontwikkel nie. Dit het weer ’n negatiewe impak op die adolessent in die kinderhuis se vorming van ’n beroepsidentiteit. Minimale geleenthede en keuses word aan dié adolessente gebied. Beperkte finansiële hulpbronne ten einde ’n beroepskeuse te maak, beperk hulle keuses nog verder. Die navorser is van mening dat die adolessent in die kinderhuis nie ’n stewige basis van rolmodelle het wat hulp kan verleen ten opsigte van die uitoefening van keuses in beroepsrigtings nie. Dié adolessente maak deel uit van ’n kollektivistiese groep waar individuele aandag minimaal is en daar nie spesifiek gefokus word op die individue se spesiale behoeftes nie. Hierdie faktore het ’n impak op die aanpassing van die adolessent buite die kinderhuis aangesien hy min of geen begeleiding het nie, wat weer tot antisosiale gedrag aanleiding kan gee. Die hoof van Môreson Kinderhuis op George is van mening dat die adolessente in die kinderhuis tydens hulle “skoolverlaterjaar”, by die werkgemeenskap ingeskakel moet word, waardeur hulle aangemoedig word om werk te kry wat by hulle persoonlike vaardighede, vermoëns en persoonlike keuses pas. Tydens die inskakeling by die betrokke werksituasie word die adolessente ’n kans gegee om ’n beroepsidentiteit te vorm wat aanleiding gee tot hoër selfvertroue (Porter, 2004).

Die navorser is van mening dat die feit dat die adolessent die kans gegun word om verskeie werksituasies uit te toets en persoonlik te besluit wat sy aanleg en belangstellingsveld is, aanleiding sal gee tot die keuse van die mees gepaste beroepsrigting wat 'n positiewe impak op die aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis kan hê.

→ Die adolessent moet 'n eie waardestelsel ontwikkel. Sekere waardes moet deurdink word ten einde 'n basiese lewensfilosofie te vorm wat as 'n lewensanker kan dien.

Die navorser is van mening dat adolessente wat in 'n kinderhuis grootgeword het verwarring ten opsigte van hulle sosiale identiteit kan toon. Laasgenoemde kan veroorsaak dat die ontwikkeling van 'n waardestelsel problematies is aangesien die adolessente deur die loop van hulle lewens aan meer as een waardestelsel blootgestel is, naamlik die waardes, reëls en regulasies van die kinderhuis teenoor die waardes van hulle ouers.

Tydens naweekbesoeke en vakansies is die adolessent blootgestel aan ander reëls en waardestelsels waar daar gewoonlik min of geen grense toegepas word nie. Die gevolg hiervan is 'n innerlike konflik met betrekking tot 'n eie waardestelsel ná ontslag van die adolessent uit die kinderhuis. Die waardes waarmee die adolessent grootgeword het en die eksperimentering met nuwe waardes kan lei tot 'n krisistydperk in die aanpassing van die adolessent buite die kinderhuis. Craig (1996:406) en Thom *et al.* (1998:432) is van mening dat die toestand van verwarring tot angs, apatie en vyandigheid teenoor rolle of waardes kan lei, wat weer tot antisosiale gedrag en 'n negatiewe impak of onsuksesvolle aanpassing buite die kinderhuis aanleiding sou kon gee. Levine (1990:64) verskil hiervan deurdat hy van mening is dat die adolessente ná ontslag uit die kinderhuis 'n stadium bereik waar alle historiese gebeurtenisse en situasies in hulle lewens aanvaar word en waar alle gevoelens van woede en angs stabiliseer. Die skrywer is verder van mening dat dit tydens hierdie stadium van aanvaarding is dat die individu homself in die toekoms kan plaas.

Craig (1996:406) plaas die fokus op die belangrikheid van 'n ondersteunende en reagerende omgewing ten einde aan die adolessent ontwikkelingsgeleenthede te

verskaf. Die adolessent benodig dus ’n betekenisvolle persoon wat deurlopend ondersteuning, motivering en leiding kan verskaf. Die navorser huldig die mening dat adolessente in die kinderhuis nie noodwendig ’n ‘mentor’ het wat hulle help om keuses en besluite te neem nie. Laasgenoemde beïnvloed die sosiale interaksie van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis, veral ten opsigte van die neem van verantwoordelikheid vir risiko’s verbonde aan spesifieke gedrag en interaksiepatrone. Dit het moontlik ’n negatiewe invloed op die sosiale aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis.

### 2.4.3 Sosio-emosionele ontwikkeling van die adolessent

Die persoonlikheidsontwikkeling van die adolessent word in ’n groot mate deur sy eie interaksie met sy portuurgroep bepaal. Hy word aanvaar of verwerp, en verwerping kan tot die ontstaan van emosionele probleme by die adolessent lei. Die adolessent in die kinderhuis het sy eiesoortige probleme en behoeftes wat sy sosio-emosionele funksionering beïnvloed.

Volgens Thom *et al.* (1998:449) vind al die aspekte van adolessente ontwikkeling (liggaamlik, seksueel, kognitief, persoonlikheid, sosiaal en moreel) binne ’n sosiale konteks plaas. Hierdie sosiale konteks is daartoe in staat om die algemene ontwikkeling van die adolessent te strem of te bevorder. Die kulturele- en sosiale omgewings waarin die adolessent homself bevind speel ’n belangrike rol in die vorming van sy gedrag en bepaal watter rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes vereis sal word.

*“Children in foster placement often experience a variety of social and emotional problems that stem from their history of being abused, neglected and from disruption of being placed in foster care”* (Ayasse, 1995:207). Sholte (1997:658) sluit hierby aan en dui daarop dat die grootste risikofaktor wat tot antisosiale gedrag van die kinderhuiskind aanleiding gee aan die kind se historiese primêre versorgingsomgewing toegeskryf kan word. ’n Huislike geskiedenis van persoonlike probleme van een of albei ouers, ouer-kind-disfunksies en konflik, swak kommunikasie tussen gesinslede, mishandeling, verwerping en wanvoeding kan aanleiding gee tot die manifestasie van emosionele versteurings en dra grootliks by tot die oorsake van verhoogde emosionaliteit by die adolessent. Hierdie aspekte het potensieel ’n negatiewe invloed op die adolessent se sosiale aanpassing buite die kinderhuis. Thom *et al.* (1998:390) beskou ook dié individu

tydens adolessensie as ankerloos, emosioneel onstabiel, minder idealisties en meer krities ten opsigte van sy morele waardes. Die outeurs beklemtoon dat adolessente deur ’n tydperk van intense konflik gaan. Hierdie fase word deur Craig (1996:435) en Thom *et al.* (1998:390) beskryf as die tydperk van “storm en drang”, wat beskou word as ’n tyd van wisselende emosies en houdings. ’n Voorbeeld hiervan is energieke toestande teenoor verveeldheid; sensitiwiteit teenoor gevoelloosheid en teerheid teenoor wreedheid.

Thom *et al.* (1998:441) is ook van mening dat adolessente se emosionele belewenisse ’n komplekse interaksie tussen puberale en sosiale invloede is, dit wil sê ’n situasie waar hoë vlakke van geweld, armoede en gesinsdisintegrasie voorkom. Daar kan dus verwag word dat die adolessent sekere emosionele probleme sal ondervind. Die adolessent wat min liefde, begrip en ondersteuning ontvang het, ervaar die “storm-en-drang-”tydperk ook soveel intenser. Verskeie skrywers (vergelyk Bullock, Little en Millham, 1993:16; Cantos *et al;* 1996:921; Kenrick, 2000:396; Sprince, 2000:410) fokus op die impak wat langtermynskeiding op ’n kind kan hê. Hulle is van mening dat die aanhoudende skeiding van ouers of versorgers trauma kan veroorsaak wat weer tot onstabiliteit vir die individu aanleiding kan gee. Laasgenoemde veroorsaak gedragsprobleme, identiteitsprobleme asook vrees- en angstoestande wat ’n negatiewe impak op die sosiale interaksie van die adolessent in sy interaktiewe omgewing uitoefen. Laasgenoemde toestande en diskontinuïteit wat met die integrasie van gesinne gepaardgaan het ook ’n invloed op die sosiale ontwikkeling van die adolessent, aangesien die adolessent hom as ‘anders’ in vergelyking met ander adolessente wat uit stabiele huishoudings kom, sien.

Die navorser stem saam dat die adolessent in die kinderhuis blootgestel is aan ’n onstabiele lewe tot ’n swak selfbeeld aanleiding kan gee. Die adolessent uit die kinderhuis wat ontneem is van ’n deurlopende primêre verhouding met ’n versorger, kan dit moeilik vind om emosionele bande te smee en te behou. Hierdie faktore het ’n beduidende invloed op die aanpassing van die adolessent buite die kinderhuis, aangesien die adolessent dit moeilik sal vind om op sosiale vlak te kommunikeer en verhoudings aan te gaan. Ter aansluiting by laasgenoemde is die hoof en maatskaplike werker van die Môreson Kinderhuis op George van mening dat daar deurlopend vir al die adolessente in die stadium van naderende ontslag uit die kinderhuis

groepwerksessies op 'n gereelde basis aangebied moet word ten einde opleiding ten opsigte van lewensvaardighede te verskaf. Tydens die groepwerksessies word daar op temas soos die uitoefening van keuses, besluitneming asook die ontwikkeling van vaardighede en vermoëns ten opsigte van probleemoplossing en kommunikasie gefokus (Porter, 2004). Die navorser sluit hierby aan deur van mening te wees dat die ontwikkeling van lewensvaardighede tydens die groepwerksessies die individu die kans sal gee om effektief en suksesvol op sosiale vlak te kommunikeer en verhoudings aan te gaan.

Die sosiale konteks waarbinne die adolessente hulle bevind word deur ouers en portuurgroepe gevorm. Ouers speel 'n ondersteuningsrol in 'n stadium waartydens die adolessent 'n wyer en meer komplekse sosiale omgewing betree, terwyl die portuurgroepe die sosiale kompleksiteit en die spesifieke omgewing vir die adolessent bepaal. Molin (1990:503) en Thom *et al.* (1998:454) is van mening dat die adolessent in die kinderhuis 'n dringende behoefte aan stabiliteit en 'n gevoel van "behoort" ervaar. Volgens Grealish en Meadowcroft (1990:51) en Kates, Johnson, Raider en Strieder (1991:584) kan die plasing van kinders in die kindersorgstelsel bedreigend vir die individu wees. Die kinders toon vrees en angs aangesien die biologiese ouers nie die kinders se behoeftes kon bevredig nie. Die adolessent in die kinderhuis beleef moontlik die "nuwe omgewing" as 'n stadium waardeur hy weer teleurgestel gaan word. Die adolessent is dus bang vir verdere verwerping van individue in dié sosiale omgewing.

Thom *et al.* (1998:489) is verder van mening dat toenemende interaksie met portuurgroepe en vriende belangrike interpersoonlike kontak buite die adolessent se gesinsverband bied en 'n belangrike rol in die adolessent se psigososiale ontwikkeling speel. Interaksie is dus 'n belangrike bron van inligting en bied geleenthede vir sosialisering. Maluccio, Krieger en Pine (1990:7) stem saam met bogenoemde skrywers en bevestig dat dit vir adolessente in 'n kinderhuis uiters belangrik is om hulle sosiale en lewensvaardighede te ontwikkel ten einde suksesvol buite die grense van die kinderhuis aan te pas. Die adolessent het 'n neiging om toe te gee aan sosiale druk; dus aan konformiteit ten einde aanvaar te word deur die buitewêreld. Thom *et al.* (1998:457) omskryf *konformiteit* as die komplekse proses wat deur individue se ouderdomme, spesifieke behoeftes en situasies beïnvloed word. *Konformiteit* word deur die navorser gedefinieer as die proses waardeur adolessente poog om deel te wees van 'n spesifieke

groep ten einde te verhoed dat hulle geïsoleerd sal voel in die interaktiewe samelewing. Adolessente konformeer om aanvaar te word, aangesien konformiteit die adolessent ’n mate van sekuriteit en outonomie bied.

Volgens Craig (1996:450) bied die proses waardeur die adolessent konformeer terugvoer aan die portuurgroep binne die kulturele-, historiese- en sosiale konteks (waarin die individu grootgeword het). Faktore wat hier ’n rol sal speel, is ouers se ekonomiese status, beroep en sosialiseringsomgewing. Mcparlin (1996:112) en Mehra (1996:80) dui aan dat die adolessent wat in die kindersorgstelsel grootgeword het, ’n behoefte het om ’n positiewe selfbeeld te vorm. Hulle groei egter op in ’n omgewing wat deur die samelewing as gemarginaliseerd beskou word. Die gemarginaliseerde status van die individu kan sy selfbeeld negatief beïnvloed en daar bestaan bykans geen kans vir die opbou van ’n positiewe identiteit nie.

Aanhoudende verwerping van mense in die adolessent se sosiale omgewing, kan lei tot ’n verdere identiteitsverwarring. In ’n poging om negatiewe projeksies van ander in die omgewing te weerstaan, word antisosiale gedrag deur adolessente aangeleer en getoon in ’n poging om die situasie beter te kan hanteer en te kan beheer. Levine (1990:62) is van mening dat adolessente wat in ’n kinderhuisomgewing grootgeword het, geneig is om by antisosiale gedrag betrokke te raak in ’n poging om die aanhoudende verwerping en mishandeling deur hulle ouers te verstaan.

Die navorser is van mening dat die adolessent wat in die kinderhuis was nie altyd oor egokragte beskik om negatiewe situasies te hanteer nie. Die adolessent in die kinderhuis sal maklik toegee aan ’n spesifieke groep waar hy aanvaar word en veilig voel, wat daartoe lei dat die individu dus makliker tot ’n spesifieke groep konformeer. Baie van die groepe waarin die kinderhuiskind beweeg, skep geleenthede waar negatiewe gedrag openbaar kan word. Die adolessent se sosiale aanpassing buite die kinderhuis word beïnvloed deur die “groep” waaraan die individu konformeer. Aangesien die adolessent min selfvertroue het, angs en vrees vir verdere verwerping toon en oor swak sosiale vaardighede en ’n kognitiewe agterstand beskik, kan die aanpassing en die inpassing by ’n adolessente portuurgroep negatief verloop. Die adolessent in die kinderhuis kan nie soos ander adolessente net vriende gaan besoek nie, aangesien daar deurlopend reëlings getref moet word ten opsigte van besoeke.

Hulle is afhanklik van die ander vriende se ouers om hulle te kom haal en terug te bring. Hulle situasie moedig dus nie sosiale interaksie met buitevriende aan nie en hulle kan moontlik nooit werklik by die res van hulle portuurgroep inpas nie.

Die adolessent in die kinderhuis is gewoond daaraan om met min of geen sakgeld oor die weg te kom. Dit het ook 'n invloed op aanpassing buite die kinderhuis. Die adolessente voel dat hulle nie dieselfde byvoordele het as ander adolessente in die omgewing nie en daarom neem hulle minder deel aan aktiwiteite en sosiale byeenkomste. Die aanleer van verantwoordelike gebruik van geld in gesinsverband word ook nie by die kinders ontwikkel nie. Dit kan aanleiding gee tot die onvermoë om begrotings wat suksesvol beheer kan word, op te stel.

Volgens Kenrick (2000:396) en Sprince (2000:410) het aanhoudende skeiding en traumatiese gebeurtenisse 'n fundamentele invloed op die adolessent se kontak met sy interne wêreld. Dit gee aanleiding tot 'n gevoel van eensaamheid, identiteitloosheid en stadiums van katastrofiese angs. Hierdie interne kontak wat betekenis moet gee aan die kind se lewe is, as gevolg van verskeie traumatiese gebeurtenisse, versteur. Ayasse (1995:207) sluit hierby aan en is van mening dat aanhoudende verandering van 'n "huislike struktuur", ouers, vriende, skole en groepsnorme 'n groot impak op die adolessent se aanpassing by 'n nuwe omgewing uitoefen.

Die gedragspatrone van die adolessent in die kinderhuis plaas stremming op die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings met 'n portuurgroep, versorgers en potensiële werkgewers (Price en Brew, 1998:1999). Ayasse (1995:209) fokus op gedragsprobleme wat deur die adolessent se omstandighede in die kinderhuis veroorsaak word. Hierdie omstandighede gee aanleiding tot die aanleer van oorlewingsmeganismes wat met aggressiewe gedrag gepaardgaan en stremmend op verhoudings met ander inwerk. As gevolg van hulle swak selfbeeld en minder geleenthede om verskillende dinge aan te pak is adolessente uit die kinderhuis ook geneig om van sosiale situasies te onttrek. Die navorser is van mening dat die adolessent in die kinderhuis se vertrouensvlakke laag is as gevolg van aanhoudende skeiding en veranderde omstandighede. Die antisosiale gedrag van 'n individu kan veroorsaak dat ander adolessente in die omgewing die gedrag onaanvaarbaar vind. Dit

kan opnuut tot verwerping lei wat die adolessent verder vereensaam en geïsoleerd laat voel.

Molin (1990:503) is van mening dat die adolessent in die kinderhuis vertroue in ’n betekenisvolle persoon nodig het om hom te help om te leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir keuses met betrekking tot sy toekoms. Dit is veral die maatskaplike werker wat hulp aan die adolessent moet verleen in die begeleiding ten opsigte van die neem van verantwoordelike besluite met betrekking tot sy toekoms. Die adolessent moet deurlopend ingelig en voorbereid wees op veranderinge en die impak wat dit op sy welstand kan hê.

Die navorser is van mening dat die adolessent in die kinderhuis nie noodwendig ’n sterk ondersteuningstruktuur het wat hulp, leiding, ondersteuning en liefde verskaf in tye wanneer dit benodig word nie. Die individu moet in die meeste gevalle self lewensbesluite neem, sonder deurlopende advies en leiding. Laasgenoemde kan lei tot situasies waar die adolessent se aanpassing buite die kinderhuis beïnvloed kan word as gevolg van verkeerde besluite.

Die maatskaplike werker het ’n belangrike rol om te speel in gevalle waar adolessente in die kinderhuis gehelp moet word om ’n positiewe sosio-emosionele aanpassing buite die kinderhuis te maak. In die afdeling wat vervolgens hanteer word, word die spesifieke rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker ten opsigte van die optimale voorbereiding vir die adolessent se ontslag uit die kinderhuis bespreek.

## 2.5 DIE ROL EN VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

*“A major goal of therapeutic foster care is to bring about changes in socially and personally significant behaviors of troubled and troubling children, and to expand and develop new adaptive behaviors”* (Meadowcroft *et al.,* 1990:100).

Die maatskaplike werker speel ’n beduidende rol in die lewe van die kind in die kinderhuis aangesien sy vanaf die verwyderingsproses tot en met die assessering en plasingsproses by die individu betrokke is. Volgens Kirby en Hardesty (1998:429) is die

maatskaplike werker betrokke as die primêre versorger of voog van die kind in die kindersorgstelsel. Hulle beskou die verantwoordelikheid en rol van die maatskaplike werker soos volg:

- om die aanvanklike identifiserende of verwysingsinligting volledig te analiseer, die kind se huishoudelike omstandighede te monitor en te evalueer en om die verwyderingsproses van die kind te behartig;

- om seker te maak dat die kind se permanente plasing, hetsy in kindersorgfasiliteit of terug by ouers of familie, altyd in die beste belang van die kind is;

- om in die geval waar die kind in permanente sorg geplaas word, seker te maak dat al die stelsels betrokke by die kind gekoördineerd saamwerk, en om die rol van mediator te vervul; en

- om die belange van die kind deurlopend op die hart te dra.

Volgens die navorser word daar groot klem geplaas op die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker omdat sy van die eerste ontmoeting met die kind in die kinderhuis af by die proses van die kind se aanpassing en ontwikkeling betrokke raak.

Verskeie skrywers (vergelyk Meadowcroft *et al.,* 1990:100; Cantos *et al.,* 1996:929; Price & Brew, 1998:200) is van mening dat die historiese agtergrond van die adolessent in die kinderhuis (waar hy gewoonlik antisosiale gedrag aangeleer het) 'n geweldige negatiewe invloed op die individu uitoefen. Daarom is dit van kardinale belang dat die adolessent blootgestel sal word aan 'n ander omgewing waar stabiliteit verskaf word. Die maatskaplike werker is daarvoor verantwoordelik dat die aanpassing van die individu in sy nuwe omgewing deurlopend gemonitor en geëvalueer sal word. Die omgewing wat geskep moet word, word deur Meadowcroft *et al.* (1990:101), Molin (1990:503), Cantos *et al.* (1996:929) asook Price en Brew (1998:200) omskryf as 'n plek waar die kind 'n geleentheid gegun moet word om op meer konstruktiewe wyse op die oplossing van probleemsituasies te reageer. Maatskaplike werkers en versorgers moet as "aktiewe leermeesters" optree wat gemotiveerd is om individue deurlopend te ondersteun in alles

wat hulle doen en aanpak. Laasgenoemde geld veral vir tydperk van ontslag uit die kinderhuis.

Volgens Molin (1990:503) is adolessente se belewenis van hulle ervaringswêreld 'n sleutelelement en is dit van kardinale belang dat die maatskaplike werker en versorgers wat by die adolessente betrokke is, begrip toon ten opsigte van die plasing en toekomstige status van die individu. Die maatskaplike werker moet deurlopend in die proses betrokke wees ten einde hulpverlening te bied op gebiede waar die adolessent onsekerheid en angs toon ten opsigte van sy situasie in en buite die kinderhuis en orde soek.

### 2.5.1 Die maatskaplike werker as opvoeder

Meadowcroft *et al.* (1990:102) beklemtoon die provisionele rol van opvoeder wat die maatskaplike werker by ontslag van die adolessent uit die kinderhuis moet speel. Die maatskaplike werker vervul die noodsaaklike rol van 'n "aktiewe opvoeder". *"The child's problem behaviors are not viewed as a sign of inner emotional disturbance, but rather as evidence of what the child needs to learn"* (Meadowcroft *et al,* 1990:102).

Bagwell (2001:65) fokus spesifiek op die rol van die maatskaplike werker as opvoeder in die adolessent se lewe, veral ten opsigte van stappe om sosiale en emosionele veiligheid, sekuriteit en selfvertroue by die individu te ontwikkel wat aanleiding kan gee tot die optimale voorbereiding van die adolessent vir die ontslag uit die kinderhuis. Die onderstaande stappe moet in dié verband gevolg word:

- Die maatskaplike werker moet duidelike verwagtings en sterk grense stel, ten einde aan die individu rigting te gee vir die regulering of vermindering van antisosiale gedrag.
- Daar moet vir die individu struktuur gestel word, maar altyd op 'n sagte en liefdevolle wyse.
- Daar moet gewerk word met die emosies van die adolessent, en klem moet geplaas word op die aanleer van verantwoordelikheid vir situasies en beter hantering en verwerking van emosionele situasies.
- Die individu moet geleer word om realistiese besluite in spesifieke situasies te

neem. Daarom moet die adolessent deurlopend keuses gegee word en moet hy of sy geleer word om hierdie keuses op so 'n manier uit te oefen dat positiewe aanpassing buite die kinderhuis bevorder kan word. In hierdie verband geld dit veral in die individu se besluitneming ten opsigte van sy toekoms.

- Daar moet deurlopende vertroue gebou word om die individu te help om mense weer te vertrou.
- Dit is noodsaaklik om 'n stabiele kinderhuisomgewing te skep, waarin die adolessent kan floreer. Dit sal bydra tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld wat sy aanpassing positief kan beïnvloed.
- Die maatskaplike werker moet realisties wees ten opsigte van ideale, idees en beplanningsraamwerke van die individu. Hy moet deurlopend opsies aan die adolessent verskaf en probeer om laasgenoemde met die drome en toekomstige beplanning van die individu te inkorporeer.
- Die maatskaplike werker moet sosiale vaardighede aan die individu leer. Die gedrag van die individu moet gehanteer word ten einde begeleiding daar te stel wat die adolessent geleentheid bied om meer sosiaal aanvaarbare gedrag aan te leer. Dit sal aanleiding gee tot die ontwikkeling van selfvertroue en sosiale betrokkenheid van die adolessent by die res van sy omgewing.
- Die maatskaplike werker moet altyd beskikbaar wees in situasies waar die individu hulp benodig, veral ook in die geval waar probleme ondervind word in verhoudings met ander in die omgewing. Die individu moet gehelp word om realistiese besluite te neem. Die navorser stem saam met laasgenoemde, en is verder van mening dat die vertrouensverhouding tussen die individu en die maatskaplike werker uiters belangrik is in die geval waar die maatskaplike werker van die adolessent verwag om sy persoonlike lewe en besluite met haar te bespreek.
- Die maatskaplike werker moet van die begin af duidelike en realistiese doelstellings aan die individu stel. Sy moet die adolessent help om deurlopende versterking te kry vir doelwitte wat reeds positief bereik is. Laasgenoemde sal die individu motiveer tot verdere doelbereiking wat die aanpassing buite die kinderhuis positief kan beïnvloed.

Die navorser sluit aan by bogenoemde stappe, en wil fokus op die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker om deurlopend, ná die ontslag van die adolessent uit die

kinderhuis, ’n oopdeurbeleid te handhaaf waar die individu voel en weet hy is altyd welkom as probleme wat die aanpassing buite die kinderhuis negatief kan beïnvloed, opduik.

### 2.5.2 Die maatskaplike werker as gemeenskapsmediator

Meadowcroft *et al.* (1990:107) dui daarop dat die maatskaplike werker as ’n skakel tussen die adolessent in die kinderhuisomgewing en die gemeenskap moet dien. Terwyl die adolessent deel van die kinderhuisstruktuur is, is die hoofrol van die maatskaplike werker om geleenthede te skep vir die kind om positiewe sosiale ondervindings in sy direkte omgewing, buite die kinderhuisverband, te beleef. Geleentheid moet vir die adolessent geskep word om in konstruktiewe aangepaste interaksie met sy portuurgroep te tree wat ’n positiewe invloed op die individu kan hê. Die adolessent moet vanaf sy kinderjare gehelp en aangemoedig word om op ’n normale, effektiewe manier met ’n portuurgroep buite die kinderhuis te kommunikeer. Die individu moet deurlopend by skoolaktiwiteite soos kampe, verskeie groepsaktiwiteite en Kersfeesgeleenthede ingeskakel word. Vir die navorser is besoeke aan naweekouers, wat in Suid-Afrikaanse kinderhuise ingestel is, ’n positiewe vasgestelde roetine.

Price en Brew (1998:199) fokus in dié verband spesifiek op die rol van die maatskaplike werker as sosiale mediator van die adolessente in die kinderhuis, en is van mening dat indien pogings aangewend word om die individu se sosiale ontwikkeling “normaal” te laat verloop, hulle in sosiale omgewings geplaas moet word wat hulle natuurlike sosiale ontwikkelingsproses sal fasiliteer. Die omgewing moet bestaan uit ’n spesifieke reeks omgewingstoestande wat normale ontwikkeling kan bevorder. Die onderstaande besondere omgewingstoestande kan in dié geval geld:

- Die skep van ’n positiewe omgewing waar die individu beskerm kan word en waar geleenthede vir positiewe interaksie met individue in hulle omgewing gebied word.

- Om die individu in situasies te plaas waar hy/sy met portuurgroepe in die omgewing in kontak kom. Price en Brew (1998:206) sien laasgenoemde interaksie as ’n geleentheid waartydens die individu se sosio-emosionele behoeftes bevredig kan word.

- Sosiale vaardighede moet aangeleer word ten einde die adolessent se aanpassing by sy sosiale omgewing te versterk.

Ten opsigte van die adolessent se skolastiese opvoeding beklemtoon Meadowcroft *et al.* (1990:105), Emerson en Thomas (2003:202) en Zetlin *et al.* (2003:107) die rol van die maatskaplike werker wat deel van die kinderhuisstruktuur uitmaak om ’n volledige assessering te maak van elke individu se skolastiese vermoëns en vaardighede. Op dié wyse word elke individu se spesifieke behoeftes geïdentifiseer en hanteer. Alle opsies vir die individu moet oorweeg word, en opvoedingsopsies in die hoofstroom-, gespesialiseerde, volledige klas of remediërende opvoedingsituasies moet in aanmerking geneem word. Die navorser is van mening dat die diens van spraak- en spelterapeute ook in hierdie verband gebruik moet word, want indien die individu se opvoedingsagterstande vroegtydig aandag kry, kan dit ’n beduidende invloed hê op die selfbeeld van die adolessent. Dit kan weer aanleiding gee tot beter aanpassing by portuurgroepe en vriende en die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis.

Die navorser is van mening dat daar in die geval waar die adolessent ingeskakel word by ’n omgewing, deurlopend en noukeurig gekyk moet word na die aanpassing van die individu. Deurlopende betrokkenheid en ondersteuning moet gebied word ten opsigte van die opbou van verhoudings. Individue moet van vroeg in hulle kinderhuislewe gehelp word om probleme te identifiseer en dit so effektief moontlik op te los. Die navorser is van mening dat die aanleer van sosiale vaardighede en die afleer van antisosiale gedrag baie belangrik is in die geval waar die individu in gesonde interaksie met die omgewing wil tree. Die proses waardeur die individu onafhanklik in positiewe interaksie met sy omgewing buite die grense van die kinderhuis tree, het ’n groot impak op die onafhanklike lewe wat die adolessent betree ná ontslag uit die kinderhuis.

## 2.6 SAMEVATTING

Uit die navorser se literatuurstudie aangaande die adolessent blyk dit dat die adolessent baie uitdagings op kognitiewe-, persoonlikheids- en sosio-emosionele vlak beleef. Hierdie uitdagings het weer ’n beduidende invloed op die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis. Die verskillende eise wat tydens adolessensie as ’n

ontwikkelingstadium aan die individu gestel word, tesame met die impak van die historiese agtergrond, omstandighede en persoonlike ervarings van die adolessent in die kinderhuis, maak dit moeilik vir die adolessent om sonder enige voorbereiding, ondersteuning en liefde buite die kinderhuisomgewing aan te pas. Uit die literatuurstudie kan afgelei word dat veral die maatskaplike werker die rol van versorger, opvoeder en mediator moet vertolk. Hierdie rolle is belangrik vir die optimale voorbereiding en deurlopende ondersteuning tydens die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis. In die geval waar die adolessent 'n betekenisvolle persoon het wat deurlopend ondersteuning kan bied, sal die aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis volgens die navorser meer positief verloop.

# HOOFSTUK 3

# EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS

## 3.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is inligting ten opsigte van die kinderhuis as substituutversorger vir sorgbehoewende kinders, adolessensie as ’n ontwikkelingsfase en die algemene ontwikkelingskenmerke van adolessensie weergegee. Fokus is geplaas op die impak wat lewenseise tydens adolessensie, tesame met trauma wat deur die individu se agtergrondsomstandighede veroorsaak is, het op die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis. Inligting aangaande die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker ten opsigte van die optimale voorbereiding en ondersteuning van die adolessent binne en buite die kinderhuis is ook verskaf.

Die fokus van hierdie navorsing is die assessering van die adolessent se aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis. Die impak wat spesifieke bydraende faktore op die aanpassing van die individu na ontslag uit die kinderhuis het, is tydens hierdie navorsing deur die navorser ondersoek.

Vir die doel van hierdie navorsing is empiriese data deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude en ’n onderhoudskedule met tien respondente ingewin. Die navorser het die respondente op grond van ewekansige steekproeftrekking, waar ’n lys beskikbaar was, geselekteer.

In hierdie hoofstuk sal die empiriese gegewens en navorsingsbevindings aangebied en geanaliseer word.

### 3.2 Hoof- en subtemas van die navorsing

Die onderstaande hooftemas is vanuit die empiriese data geïdentifiseer:

- Huidige lewensituasie van die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persoonlike belewing van sy lewe as kinderhuiskind en die invloed van dié belewing op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persoonlike opinie van homself en die invloed van laasgenoemde op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se belewing van die sosialiseringsomgewing en sy aanpassing daarby.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se opinie ten opsigte van sy betrokkenheid by antisosiale gedrag in die samelewing.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van die optimale voorbereiding wat voor, tydens en ná die proses van ontslag uit die kinderhuis ontvang is.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van die optimale voorbereiding wat ontvang is, voor die proses van ontslag uit die kinderhuis.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van spesifieke gebiede van verandering waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus ten einde adolessente optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis.

Elke hooftema en die onderskeie subtemas word hieronder bespreek.

### 3.2.1 Hooftema 1

*Huidige lewensituasie van die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef*.

Die eerste hooftema wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is, is ’n oorsig van die adolessente wat buite die grense van die kinderhuis leef, se huidige lewensituasie. Hierdie oorsig wat deur die respondente verskaf is, is in twee subtemas verdeel, naamlik werk of studeer as huidige lewensituasie en die belewenis van aanpassing by die spesifieke lewensituasie.

3.2.1.1 *Werk of studeer as huidige lewensituasie*

Dit blyk uit die empiriese data dat adolessente, ná hulle ontslag uit die kinderhuis oor die algemeen goed aanpas binne hul werksituasies. Die meerderheid respondente het laat blyk dat hulle tans ’n werk het en dat hulle oor die algemeen hulle werksituasies baie geniet.

Thom *et al*. (1998:518) bevestig dat adolessensie’n stadium is waartydens die individu die kans gegun word om finansieël en emosioneel onafhanklik te raak deur identifisering met volwasse rolle (soos ’n beroep en studierigting). Die navorser is van mening dat die keuse van ’n besondere beroepsrigting ’n moeilike proses is, veral vir die individu wat in die kinderhuis was en nie die nodige leiding en ondersteuning van ’n ouer gehad het nie.

‘n Enkele respondent het aangetoon dat hy werkloos is, maar dat hy wel wil werk en tans besig is om werk te soek. Enkele ander is nog besig met hul studies. Die respondente het laat blyk dat hulle ’n kans gegun is om op hulle tersiêre opvoeding uit te brei, terwyl baie van die ander kinders in die kinderhuis ook graag verder wil gaan studeer, maar nie die geld en geleentheid daarvoor het nie. In teenstelling met bogenoemde meld Meadowcraft *et al*. (1990:105) dat adolessente wat deel van die kinderhuis of gesinsorgstelsel was, oor die algemeen probleme en agterstande op grond van hulle kognitiewe ontwikkeling toon. Hierdie agterstande kan ook ’n invloed op hulle selfvertroue hê. Die navorser is van mening dat hierdie agterstande ’n beduidende

invloed op die keuse en identifisering van ’n besondere rigting ten opsigte van ’n beroep of studie kan uitoefen, maar in hierdie ondersoek is dit duidelik dat die respondente die nodige kognitiewe vermoëns en vaardighede het, maar nie dat nie al die kinders in die kinderhuis die finansiële ondersteuning het om by tersiêre opvoeding betrokke te raak nie.  Die individu se prestasies op skool kan hom in baie opsigte daarvan weerhou om ’n spesifieke loopbaan te volg of te gaan studeer.  Laasgenoemde word uit die literatuur bevestig deurdat Mcfadden (1990:180) fokus plaas op die impak van fisiese mishandeling en emosionele verwerping op die kognitiewe ontwikkeling en die individu se prestasie op skool.  Die meerderheid respondente het self hulle werk/studierigting gekies, ongeag hulle agterstande en historiese agtergrondsomstandighede.  Hulle het rigtings gekies wat by hulle persoonlike vermoëns en vaardighede pas.  Porter (2004) meld dat die inskakeling van adolessente by ’n beroepsomgewing in die stadium voor ontslag uit die kinderhuis hulle die kans gee om self te bepaal watter beroepsrigting die toepaslikste is ten opsigte van hulle persoonlike vaardighede en vermoëns. Dit was dus hier van toepassing.

3.2.1.2 *Aanpassing van die adolessent by sy huidige lewensituasie*

Dit blyk uit die empiriese data dat adolessente ná ontslag uit die kinderhuis oor die algemeen goed aanpas by hulle werk of die omgewing van verdere studie en ‘n bydraende faktor hiertoe is die feit dat hulle self die werk- of studierigtings gekies het. Hierdie respondente is van mening dat hulle werk- en studierigtings gekies het waar hulle met mense kan werk, omdat die kinderhuis aan hulle die geleentheid gebied het om te leer om met verskillende soorte mense oor die weg te kom.  Die navorser ondersteun die uitspraak dat kinders wat in ’n kinderhuisomgewing grootword gedurende hulle lewens aan baie verskillende soorte mense blootgestel word.  In elke kinderhuis is daar kinders van verskillende ouderdomme, asook die huismoeder en -vader, maatskaplike werkers, verpleegsters en skoonmakers wat aan die inwoners die geleentheid bied om op ’n aanvaarbare wyse met volwassenes en ander kinders te kommunikeer.  Enkele respondente is van mening dat die feit dat hulle in die kinderhuis was, hulle sterker gemaak het en hulle dus op die hantering van negatiewe situasies buite die kinderhuis voorberei het.  Die literatuur bevestig hierdie aspek.  Land (1990:37) meld dat die adolessent stressore ten opsigte van die aanpassing buite die kinderhuisstruktuur tot die mate sal kan hanteer waartoe hy vertroue, vaardighede en

sterktes tydens die kinderjare aangeleer het. Die navorser is van mening dat individue se belewing van hulle kinderhuisjare van persoon tot persoon verskil, aangesien hulle agtergrondomstandighede, geskiedenis, soort trauma beleef en die terapie wat ontvang is van mekaar verskil. Een kind kon liefdevolle vakansie-ouers gekry het, terwyl 'n ander een deurlopend deur die spesifieke vakansie-ouers verwerp kon wees. Dit het alles 'n invloed op die aanpassing van die adolessent by sy latere werk of studiesituasie.

Vir enkele van die respondente is dit moeilik om by die werk- of studie-omgewing buite die kinderhuis aan te pas, aangesien die deurlopende ondersteuning, liefde, aandag en beskerming waaraan hulle gewoond was, verlore is. Uit die literatuur word dit bevestig dat jongmense tydens adolessensie breër oor hulle betrokke situasie, omstandighede en verlede begin dink. Die adolessent begin dus om logieser te dink oor dit wat aanleiding kan gee tot die bewuswording van hoe die lewe buite die kinderhuis sou kon wees. Die navorser is van mening dat die adolessent sy spesifieke werk- of studiesituasie vergelyk met dié van ander adolessente wat nie in 'n kinderhuis was nie. Die adolessente word bewus van die feit dat hulle nie 'n ouer-kind-verhouding het wat aan hulle die nodige ondersteuning, liefde, beskerming en aandag bied nie. Laasgenoemde word bevestig deur Levine (1990:59): *"Adolescents can think abstractly, they can deal with ideals and possibilities. This ability allows them to imagine a better world".*

### 3.2.2 Hooftema 2

*Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se belewing van sy/haar lewe as kinderhuiskind en die invloed van dié belewing op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis.*

Die tweede hooftema wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, is die belewing van die adolessent se lewe as dié van kinderhuiskind, asook die invloed van dié belewing op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis. Hierdie ervaring van die respondente is in twee subtemas onderverdeel, naamlik die positiewe en negatiewe ervaring, soos hieronder bespreek.

3.2.2.1 *Positiewe ervaring*

Uit die empiriese data blyk dit dat die meerderheid respondente se belewing van hulle lewe as kinderhuiskinders positief was. Respondente het genoem dat hulle lewe as kinderhuiskind hulle sterker gemaak het, wat weer aanleiding gegee het tot die strewe na positiewe omstandighede buite die kinderhuis. Die respondente is van mening dat die kinderhuis ’n geleentheid geskep het waar meer waardering geleer is vir klein geleenthede wat hulle deurlopend ontvang het, soos byvoorbeeld, kos, klere en behuising, wat hulle nie buite die kinderhuis sou gehad het nie. In teenstelling met bogenoemde, word dit deur Thom *et al.* (1998:424) bevestig dat die meeste kinders in ’n kinderhuis deur hulle ouers, voog of versorgers verwerp is, wat aanleiding kan gee tot toenemende egosentrisme en gevoelens van haat, woede en aggressie wat hoërisiko-gedrag by die individu versterk en die aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis negatief beïnvloed. Die navorser is van mening dat die feit dat die respondente aanvaar het dat hulle nooit ’n perfekte ouer-kind-verhouding gehad het nie, daartoe bydra dat hulle met ’n nuwe lewe buite die kinderhuis kan voortgaan. Die navorser is dus van mening dat die respondente hulle historiese gebeurtenisse laat vaar het ten einde ’n nuwe begin te maak. Die positiewe empiriese inligting het dus die negatiewe mening van Thom et al. (1998:242) weerspreek.

Enkele van die respondente sien hulle ervaring as ’n kind in die kinderhuis as positief, aangesien die beheerstrukture (maatskaplike werkers en sielkundiges) hulle tot hulp was in situasies waar hulle negatiewe gedrag geopenbaar het. Die respondente is van mening dat die kinderhuis hulle dus gehelp het om negatiewe gedrag af te leer en positiewe gedrag aan te leer. Volgens die respondente sou hulle nooit die geleentheid gehad het om positiewe gedrag aan te leer, as hulle buite die kinderhuis grootgeword het nie. Hulle is van mening dat hulle ewig dankbaar is teenoor die kinderhuis. Een respondent verklaar: *“Ek sou nooit kon wees wie ek nou is, as dit nie vir die kinderhuis was nie”*.

#### 3.2.2.2 *Negatiewe ervaring*

‘n Enkele respondent se ervaring van haar lewe in die kinderhuis was negatief. Die respondent is van mening dat sy steeds gemarginaliseerd in die samelewing voel. Laasgenoemde bevinding word deur verskeie skrywers (vergelyk Molin, 1990:501 en Mehra, 1996:80) bevestig, naamlik dat die adolessent in die kinderhuis onsekerheid en ambivalente gevoelens toon wat aanleiding gee tot ’n gemarginaliseerde identiteit en die rol van ’n “weeskind” in die samelewing. Die navorser is van mening dat die gemarginaliseerde identiteit ’n gevoel van onstabiliteit, afhanklikheid en onsekerheid in die adolessent se lewe veroorsaak. Die respondent is ook van mening dat daar nie na haar emosionele behoeftes omgesien is nie. Sy voel dat die kinderhuis meer klem op haar trauma kon geplaas het, in plaas daarvan om net op haar fisiese behoeftes te konsentreer.

Mcfadden (1990:163) het aan die lig gebring dat fisiese-, seksuele- en emosionele mishandeling die adolessent se aanpassing buite die kinderhuis negatief kan beïnvloed. Die adolessent sal dus moeilik aanpas by verskillende omstandighede as gevolg van die trauma wat hy beleef het. Volgens die respondent het sy in die kinderhuis sterker geword ten einde daartoe te streef om nie dieselfde omstandighede vir haar kinders te skep nie. Die navorser is van mening dat die respondent se negatiewe ervaring toegeskryf kan word aan haar persoonlike trauma wat nog nie verwerk is nie. Dit is dus duidelik dat dit van kardinale belang is dat die individu in die kinderhuis deurlopend deur ’n maatskaplike werker ondersteun moet word ten einde vroeëre trauma te help identifiseer en verwerk, voor ontslag uit die kinderhuis.

Dit is dus duidelik dat die kind in die kinderhuis sowel positiewe as negatiewe ervarings van hul lewe in die kinderhuis weer kan gee, afhangende van die mate wat die individu ondersteun is om sy eie trauma te verwerk.

### 3.2.3 Hooftema 3

*Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van hom/haarself en die invloed van laasgenoemde opinie op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis*

Die derde hooftema wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, is dié wat handel oor die adolessent wat in die kinderhuis grootgeword het, se persepsie van homself en die invloed van individuele persepsie op die aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis. In dié geval is die hooftema nie in subtemas onderverdeel nie.

Dit blyk uit die empiriese data dat respondente grotendeels goed oor hulself voel, en dat dit daaraan toegeskryf kan word dat die kinderhuis hulle geleer het om selfstandig en met selfvertroue op te tree. Die respondente is van mening dat die feit dat hulle in 'n kinderhuis grootgeword het, hulle sterker gemaak het, aangesien hulle baie noukeurig moes let op hulle gedrag en houdings as gevolg van hulle reeds bestaande status, naamlik dié van 'n kinderhuiskind. Vanuit die literatuur word laasgenoemde deur Land (1990:37) bevestig, wanneer hy meld dat die manier waarop adolessente hulle omstandighede en hulle opinie van hulleself ná ontslag uit die kinderhuis sal hanteer, van die besondere kinderhuisomgewing waarin hulle grootgeword het, sal afhang. Die navorser is van mening dat die mate van leiding, ondersteuning, geleentheid vir die aanleer van vaardighede en die voorsiening van liefde en aandag alles bydraende faktore is wat die aanpassing van die adolessent kan beïnvloed. Die navorser is van mening dat die adolessent in die kinderhuis reeds in die samelewing geëtiketteer is as 'n kinderhuiskind en dat die respondente dus hard werk aan die soort gedrag en houdings wat in die samelewing geopenbaar en aanvaar word.

Al die respondente voel dat hulle hulle lewensdoel sal bereik, ongeag wat ander adolessente in die omgewing bereik. Hulle sal streef na wat hulle uit die lewe wil hê. Die respondente se gedetermineerdheid en selfversekerde houding lei daartoe dat hulle 'n positiewe opinie oor hulleself vorm. Hulle pas dus goed aan in hulle direkte omgewing en is onvergelykbaar met ander adolessente in die omgewing as gevolg van die groot verskil in historiese agtergrondsomstandighede. In teenstelling met laasgenoemde bevindinge beklemtoon Stoner (1999:160) dat individue wat in 'n kinderhuis grootgeword het, reeds 'n agterstand het as gevolg van hulle persoonlike geskiedenis van

mishandeling, verwerping en onstabiliteit. Laasgenoemde dra by tot die kwesbaarheid van die individu. Dié skrywer is verder van mening dat sekere adolessente ná ontslag uit die kinderhuis die nodige persoonlike vaardighede en vermoëns aanleer wat weer aanleiding gee tot onafhanklikheid. Hierdie individue word deur die skrywer as “gelukkig” bestempel. Die empiriese inligting weerspreek dus in hierdie geval die literatuur, deurdat hierdie respondente juis uitgewys het dat die kinderhuisomgewing vir hulle geleentheid gebied het om hierdie vaardighede te bekom.

Die navorser is van mening dat hierdie spesifieke groep respondente goed aanpas by hulle omgewing, aangesien hulle ’n goeie selfbeeld in die kinderhuis ontwikkel het. Dié ontwikkeling van ’n positiewe selfbeeld kan toegeskryf word aan die feit dat sekere kinderhuisstrukture volgens Porter (2004) die adolessent, by naderende ontslag, by die spesifieke omgewing waarheen hy ná ontslag sal gaan laat inskakel. Hierdie “bindingsproses” kan die individu die kans gee om ’n stabiele, onafhanklike en selfversekerde identiteit te vorm. Die navorser sekondeer die gedagte dat die inskakeling van die individu by sy toekomstige heenkome hom die kans sal bied om sy “voete te vind” wat sal bydra tot ’n positiewe inskakeling by die omgewing.

Een spesifieke respondent uit hierdie groep is van mening dat hy wel partykeer minderwaardig teenoor ander adolessente in sy omgewing voel, aangesien hy bewus is van die voordele wat ander adolessente geniet. Voorbeelde van sodanige voordele is ’n motor, klere en geld wat deur die ouers verskaf word en geleenthede om aan universiteite te studeer. Hy is verder van mening dat hy nie toelaat dat hierdie spesifieke gevoelens hom onderkry nie en dat hy eerder fokus op wat hy as individu uit die kinderhuis geleer het en wat ander adolessente (dié buite die kinderhuis) nie geleer het nie. Dié respondent beleef dit as ’n gevoel van trots. In vergelyking met bogenoemde bevindings bevestig die navorser dat die adolessent in die kinderhuis se idee oor hulself baie kan verskil van dié van ander adolessente. Die adolessent in die kinderhuis wil net soos ander adolessente goed lyk in kontemporêre kleredrag, maar het nie altyd ’n keuse ten opsigte daarvan nie, soos reeds gemeld.

‘n Enkele respondent is van mening dat die feit dat hy in die kinderhuis grootgeword het, sy opinie van homself positief beïnvloed het. Hy is verder van mening dat sy opinie van homself versterk is, aangesien sy gedrag positief verander is met behulp van die leiding

en ondersteuning van die personeel van die kinderhuis. Die navorser is van mening dat dié respondent goed oor homself voel, aangesien die gedrag wat hy openbaar, positief is, wat weer aanleiding gee tot ’n gevoel van trots en selfverwesenliking. In teenstelling met bogenoemde bevinding, is die navorser van mening dat daar altyd in gedagte gehou moet word dat die kind in die kinderhuis homself as uniek en as anders as ander individue in die samelewing kan sien. Dit kan lei tot die instandhouding van ‘n gemarginaliseerde gevoel, swak selfbeeld, min selfvertroue en besef van min of geen ondersteuning. Dit kan die aanpassing buite die grense van die kinderhuis negatief beïnvloed.

Vanuit die literatuur het verskeie skrywers (vergelyk Molin, 1990:501; Mehra, 1996:80) aan die lig gebring dat die adolessent in die kinderhuis onsekerheid en ambivalente gevoelens toon wat tot ’n gemarginaliseerde identiteit en die rol van “weeskind” in die samelewing aanleiding gee. Die gemarginaliseerde identiteit veroorsaak ’n gevoel van onstabiliteit, afhanklikheid en onsekerheid in die adolessent se lewe. Ter ondersteuning hiervan het ’n enkele respondent gemeld dat sy steeds as “kinderhuiskind” in die samelewing gemarginaliseerd voel, wat haar aanpassing buite die kinderhuis hinder. Sy voel minderwaardig en anders in vergelyking met ander adolessente in die samelewing. Laasgenoemde gevoelens gee aanleiding tot ’n negatiewe opinie van haarself in vergelyking met ander adolessente. Die navorser is van mening dat die respondent ’n gevoel van “veiligheid” in die kinderhuis ontvang het waar al die kinderhuiskinders se voordele en luukshede dieselfde was. Buite die kinderhuis moet die individu onafhanklik voortgaan in ’n kompeterende samelewing, sonder die nodige finansiële hulp en voordele van ouers. Dit lei tot die ontwikkeling van die negatiewe selfbeeld.

### 3.2.4 Hooftema 4

*Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se belewing van die sosialiseringsomgewing en sy aanpassing daarby*

Die vierde hooftema wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, is die adolessent se belewing van aanpassing by die sosiale omgewing ná ontslag uit die kinderhuis. Drie subtemas is onder hierdie hooftema geïdentifiseer, naamlik hul persepsie van sosialisering buite die grense van die kinderhuis, hul afhanklikheid van liefde, ondersteuning en beskerming in die kinderhuis, en die persoonlike keuse van die respondente.

3.2.4.1 *Opinie ten opsigte van sosialisering buite die grense van die kinderhuis*

Dit blyk uit die empiriese data dat die meerderheid respondente hulle sosialiseringsomgewing as positief ervaar. Hierdie spesifieke respondente is van mening dat daar tydens hulle jare as 'n kind in die kinderhuis deurlopend geleenthede geskep is vir sosialisering buite die kinderhuis. Hulle is dus die kans gegun om op 'n gereelde basis met ander mense, buite die grense van die kinderhuis, in interaksie te tree. Die respondente het genoem dat hulle oor naweke en gedurende vakansies by vriende, familie of vakansieouers kon bly en by hulle terugkoms by die kinderhuis het hulle die geleentheid gehad om met hulle huisouers oor hulle sosialiserings-ondervindinge te praat. Dit het hulle die kans gegee om onsekere en probleemsituasies buite die kinderhuis op te los.

Die navorser is van mening dat onsekerhede ten opsigte van verhoudings, eksperimentering met drank en sigarette, groepsdruk en konformering op hierdie wyse uit die weg geruim kan word en dat die individu sy gemaksone op hierdie manier kan bepaal. 'n Verdere aspek wat volgens die respondente teweeg gebring word, is feit dat die kinderhuis op 'n gereelde basis sosiale geleenthede met ander kinderhuise in die omgewing gereël het ten einde die kinders die kans te gee om met ander kinders wat ook deel van 'n kinderhuisstruktuur vorm, te sosialiseer. Die navorser is van mening dat die kinders in die kinderhuis sodoende 'n breër groep vriende met dieselfde behoeftes en wat mekaar verstaan, vorm. Hierdie vriende sal vir mekaar ná ontslag uit die kinderhuis 'n ondersteuningsnetwerk kan vorm.

Die belangrikheid daarvan dat adolessente in 'n kinderhuis sosiale vaardighede en lewensvaardighede moet ontwikkel ten einde suksesvol buite die grense van die kinderhuis aan te pas word deur Maluccio, Krieger en Pine (1990:7) en Thom *et al.* (1998:489) bevestig. Verdere bevestiging in hierdie verband kom van Porter (2004) wat fokus op die voorbereidingsprosedure van 'n spesifieke kinderhuis in Suid-Afrika plaas. Kort voor ontslag uit die kinderhuis word daar op 'n gereelde basis groepwerksessies aangebied ten einde opleiding in lewensvaardighede te verskaf. Die ontwikkeling van die adolessent se lewensvaardighede en vermoëns gee op sosiale vlak aanleiding tot suksesvolle en effektiewe kommunikasie en die vorming van verhoudings. Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat die kind in die kinderhuis vir ontslag uit die kinderhuis voorberei sal word, indien daar deurlopend kans gegee word vir sosialisering buite die kinderhuis en indien meer fokus op die ontwikkeling van vermoë tot goeie kommunikasie en die vorming van verhoudings asook die ontwikkeling van vaardighede by die individu geplaas sal word. Hierdeur kan die individu self 'n besluit neem oor sy posisie en spesifieke plek in die samelewing, asook die spesifieke mense met wie die individu wil sosialiseer.

Enkele respondente wat aanvoer dat hulle nie deurlopend die kans gegun is om buite die grense van die kinderhuis te sosialiseer nie, noem dat dit hulle aanpassing by hulle sosialiseringsomgewing negatief beïnvloed het. Hulle is van mening dat hulle sosialisering gestrem is deur streng reëls en regulasies. Die respondente noem dat die reëls en regulasies slegs op kinders wat negatiewe gedrag toon, toegepas moet word. Ter aansluiting hierby noem hulle dat hulle ná ontslag uit die kinderhuis sosiaal onvoorbereid voel.

Thom *et al.* (1998:449) bevestig dat die kulturele- en sosiale omgewings waarin die kinders in die kinderhuis hulle bevind, 'n belangrike rol speel in die vorming van individue se gedrag en dat dit bepaal watter rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes van die individue vereis gaan word. Die navorser is van mening dat, indien die kind in die kinderhuis deurlopend die kans gegun word om buite die grense van die kinderhuis te sosialiseer, die individu ná ontslag uit die kinderhuis meer tuis in sy nuwe omgewing sal voel. Dit word uit die literatuur bevestig deur Molin (1990:503) en Thom *et al.* (1998:454) wat ook aanvoer dat die adolessent in die kinderhuis 'n dwingende behoefte aan stabiliteit en 'n gevoel van "behoort" ervaar. Daarom is dit belangrik om die adolessent

deur die loop van sy lewe die kans te gee om self ’n stabiele plek in die samelewing te kry. Die navorser sluit hierby aan deur van mening te wees dat dit belangrik is dat kinders in die kinderhuis deur die loop van hulle lewe stelselmatig toegelaat moet word om buite die grense van die kinderhuis te beweeg. Op hierdie manier kan hulle stadig begin om ander in die omgewing te vertrou wat weer aanleiding sal gee tot hul identiteitsversterking in hul betrokke omgewing ná ontslag uit die kinderhuis. Die nodige begeleiding moet egter deurlopend deur die maatskaplike werker aan die kinders gebied word.

3.2.4.2 *Afhanklikheid van liefde, ondersteuning en beskerming in die kinderhuis*

Dit blyk uit die empiriese inligting dat respondente wel goed aanpas by hulle sosialiseringsomgewings, ná ontslag uit die kinderhuis, maar dat hulle tydens onstabiele tye in hulle lewens, terugverlang na die deurlopende liefde, ondersteuning en beskerming wat hulle in kinderhuis ontvang het. Die navorser is van mening dat die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis, nie, soos ander jeugdiges, ouers het wat omsien na hulle fisiese en emosionele behoeftes nie. Die kinderhuis het wel gedien as substituut vir die bevrediging van bogenoemde behoeftes toe die kind jonk was, maar ná ontslag uit die kinderhuis kry die individu geen steun meer van die kinderhuis nie. Dit lei tot gevoelens van angs, vrees en verlange.

Bostaande word in die literatuur bevestig deur Kenrick (2000:396) en Sprince (2000:410) wat aanvoer dat die adolessente deur die loop van hulle lewens aan aanhoudende skeidings- en traumatiese gebeurtenisse blootgestel is, wat ’n fundamentele invloed op die adolessent se interne wêreld het. Dit kan aanleiding gee tot gevoelens van eensaamheid en identiteitloosheid en tye van angs. Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat daar in gevalle waar die adolessent gevoelens van eensaamheid en tye van angs tydens hulle verblyf in die kinderhuis beleef het, deurlopend ander kinders met dieselfde behoeftes was, asook personeel wat te alle tye gewillig was om te luister, en om raad, beskerming en ondersteuning te gee. Dit het die individu veilig laat voel. Buite die grense van die kinderhuis het die adolessent nie altyd noodwendig ’n sterk stabiele ondersteuningstruktuur nie. Laasgenoemde kan sy aanpassing by die sosialiseringsomgewing negatief beïnvloed.

3.2.4.3 *Persoonlike keuse*

Dit blyk uit die empiriese data dat dit respondente se persoonlike keuse is om nie sosiaal te verkeer nie. Enkele respondente het genoem dat hulle ongemaklik in die samelewing voel en dus 'n persoonlike besluit geneem het om minimaal met ander mense in hulle sosialiseringsomgewing in interaksie te tree. Die respondente noem byvoorbeeld dat dit hulle hartseer maak om te hoor hoe ander mense negatiewe kommentaar lewer oor die omstandighede en status van minderbevoorregtes in die samelewing. Dit laat hulle terugdink aan die agtergrondsomstandighede waarin hulle grootgeword het. Die navorser is van mening dat adolessente ná ontslag uit die kinderhuis van hulle verlede wil wegbreek en 'n nuwe begin wil maak. Hierdie respondente vind dat daar in hulle sosialiseringsomgewings deurlopend klem geplaas word op mense se status, rykdom en voorkeure wat aanleiding gee tot die onttrekking van sosiale geleenthede, ten einde die gevoel van minderwaardigheid te vermy.

Mcparlin (1996:112) en Mehra (1996:80) bevestig dat adolessente wat in die kindersorgstelsel grootgeword het, 'n behoefte het om 'n positiewe selfbeeld te vorm. Hierdie individue word egter in 'n omgewing geplaas wat deur die samelewing as gemarginaliseerd gesien word. Die gemarginaliseerde status kan die selfbeeld van diegene wat in 'n kinderhuis opgegroei het, negatief beïnvloed. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die persoonlike keuse ten opsigte van die graad van interaksie in die samelewing van die adolessent se eie persepsie van sy huidige status afhang. Sekere persoonlikhede is sterker as ander, en dié sterkeres kon die trauma wat hulle beleef het deur die loop van hulle lewens oplos en verwerk. Dit maak dit vir hierdie betrokke individue moontlik om negatiewe sosialiseringsituasies meer effektief te hanteer in vergelyking met ander. Die feit dat die respondente persoonlik gekies het om sosiaal minder betrokke te wees in die samelewing kan ook toegeskryf word aan die tipe persoonlikheid van die individu.

### 3.2.5 Hooftema 5

*Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van sy betrokkenheid by antisosiale gedrag in die samelewing*

Die vyfde hooftema wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, is die persepsie van adolessente van hulle betrokkenheid by antisosiale gedrag in die samelewing ná ontslag uit die kinderhuis.  Twee subtemas is onder hierdie hooftema geïdentifiseer, naamlik betrokkenheid by antisosiale gedrag, en die ontwikkeling van 'n persoonlike waardestelsel van die individu.  Die subtemas sal vervolgens bespreek word.

3.2.5.1 *Betrokkenheid by antisosiale gedrag*

Dit blyk uit die empiriese data dat die helfte van die respondente gedurende hulle verblyf in die kinderhuis by antisosiale gedrag betrokke was.  Hulle het gemeld dat die tipe antisosiale gedrag meestal diefstal, drankmisbruik en die gebruik van dagga ingesluit het.  Hulle het genoem dat die oorhoofse rede vir hulle negatiewe gedrag, die feit was dat hulle omgewing soveel anders was as die res van die kinders in hulle skool s'n. Hulle het byvoorbeeld genoem dat diefstal die gevolg was van die feit dat hulle nie dieselfde luukshede, klere en ander voordele as ander kinders gehad het nie.  Hulle het deurlopend gevoel dat hulle anders was as gevolg van hulle kleredrag en hoeveelheid sakgeld.

Sholte (1997:658) bevestig dat die grootste risikofaktor wat tot antisosiale gedrag van die kinderhuiskind aanleiding gee, aan die kind se historiese versorgingsomgewing toegeskryf kan word.  Die kind in die kinderhuis het 'n huislike geskiedenis van persoonlike probleme, ouer-kind-disfunksies en konflik, mishandeling, verwerping en wanvoeding wat tot die manifestasie van emosionele versteurings kan lei. Laasgenoemde lewensomstandighede dra grootliks by tot die voorkoms van verhoogde antisosiale gedrag.  Die navorser is van mening dat die respondente minderwaardig voel, en dat dit gekombineer word met hulle historiese agtergrond waartydens geen dissipline en waardes aangeleer is nie.  Dit kan tot die manifestering van antisosiale gedrag aanleiding gee.  Op dié manier kan die kind aandag op homself rig.  Die navorser beskou hierdie manifestering van antisosiale gedrag as 'n hulpkreet.

Verskeie skrywers (vergelyk Baron, 1998:344; Louw & Edwards, 1998:482, Thom *et al*., 1998:424; Levine, 1990:40) bevestig dat adolessente wat in kinderhuise was, hoër vlakke van huweliksprobleme, vroeë swangerskap, alkohol- en dwelmmisbruik en diefstal toon in vergelyking met ander jeugdiges in die samelewing. Die respondente het egter noem dat die kinderhuis in tye van nood die nodige begeleiding verskaf het wat hulle gehelp het om die negatiewe gedrag te verminder. Een respondent is van mening dat die maatskaplike werker hom gehelp het nadat hy diefstal gepleeg het, deurdat sy hom laat besef het wat die oorsake van die gedrag kon gewees het. Dit het hom laat besluit om die gedrag te staak. Hy is verder ook van mening dat hy vir die eerste keer in sy lewe in die kinderhuis 'n gevoel van beskerming, leiding en belangstelling beleef het. Die navorser is van mening dat kinders in die kinderhuis vir die eerste keer in hulle lewens begin verstaan wat reg en verkeerd is en wat die gevolge van sekere dade kan wees. Dit is dus belangrik om die kind te begelei ten einde ander maniere te vind om van opgeboude frustrasie, onsekerheid en angs ontslae te raak. Dié siening word deur Thom *et al.* (1998:424) bevestig, aangesien dié outeurs van mening is dat die adolessent se toetrede tot 'n nuwe sosiale omgewing 'n tydperk is waar daar definitief groter beskerming vereis word. Porter (2004) sluit hierby aan deur te bevestig dat daar deurlopend vir adolessente in die stadium voor ontslag uit die kinderhuis op 'n gereelde basis groepwerksessies aangebied moet word ten einde opleiding ten opsigte van lewensvaardighede te verskaf. Die navorser is van mening dat die individu tydens dié groepwerksessies die nodige vaardighede ten opsigte van probleemoplossing en ook effektiewe konflikhantering kan ontwikkel. Een van die respondente het genoem dat haar rede vir antisosiale gedrag die feit is dat sy deel van 'n spesifieke groep in die skool wou wees. Dit het daartoe gelei dat sy gedrag geopenbaar het wat nie deel van haar persoonlike waardestelsel uitgemaak het nie. Thom *et al.* (1998:457) is van mening dat die adolessent konformeer in 'n poging om deel te wees van 'n spesifieke groep ten einde te verhoed dat hulle geïsoleerd sal wees in die interaktiewe samelewing. In die groepe waarin die individu beweeg, word geleenthede waar negatiewe gedrag openbaar kan word, geskep.

Hierdie groep respondente het gemeld dat hulle hulself nooit weer ná ontslag uit die kinderhuis aan antisosiale gedrag skuldig gemaak het nie en nooit weer sal nie. Hulle het aangedui dat hulle ’n les geleer het en dankbaar is dat dit gebeur het in ’n tyd waar hulle oor ’n ondersteuningstelsel beskik het wat aandag, leiding en beskerming kon bied. Die respondente is van mening dat hulle tydens hulle verblyf in die kinderhuis baie geleer het. Hulle het in die kinderhuis bewus geword van die manier waarop ander kinders deur hulle negatiewe gedrag geaffekteer word. Die respondente wil eerder ander kinders help om hulle lewens op te bou as om dit af te breek. Die navorser is van mening dat hierdie respondente die geleentheid gehad het om ’n positiewe waardestelsel op te bou wat hulle kan toepas in hulle lewe buite die kinderhuis. Die kinderhuis het hulle gehelp met keuses ten opsigte van die hantering van hulle verlede.

Mcparlin (1996:114) meld dat die meeste meisies 18 maande ná ontslag uit die kinderhuisstruktuur swanger raak. ‘n Enkele respondent erken dat sy ná ontslag uit die kinderhuis verwagtend geraak het. Sy noem dat dit gebeur het as gevolg van die feit dat sy gedurende haar skoolloopbaan in die kinderhuis te veel ingeperk en beskerm was. Sy voel dat die kinderhuis meer geleenthede vir sosialisering buite die kinderhuis moet skep, sodat kinders self hulle pad in die omgewing buite die grense van die kinderhuis kan vind. Sy het byvoorbeeld genoem dat sy daarvan weerhou is om verhoudings met mense buite die kinderhuis te vorm. Die navorser stem saam dat kinders wel die geleentheid gegee moet word om self hulle paadjie, buite die grense van die kinderhuis te vind, anders kan dit tot ’n gevoel van isolasie lei. Laasgenoemde kan weer veroorsaak dat die individu met enige groep sal konformeer, sonder om die voor- en nadele teen mekaar op te weeg.

Die minderheid respondente het genoem dat hulle nog nooit by antisosiale gedrag betrokke was nie, en dat hulle dit in die toekoms sal probeer vermy. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat hierdie respondente sterk persoonlikhede het wat daartoe aanleiding gee dat hulle op ’n bewuste wyse besluite kan neem en sodoende nie van ander individue in hulle omgewing afhanklik raak nie. Hierdie respondente het reeds die kans gehad om hulle plek in die samelewing vas te stel en is seker van wat hulle uit die lewe wil hê. Die manier waarop hulle trauma in hulle lewens hanteer het, oefen ook ’n invloed uit op die manier waarop hulle sal optree.

3.2.5.2 *Persoonlike waardestelsel*

Dit blyk uit empiriese data dat al die respondente tydens die jare in die kinderhuis ’n eie waardestelsel opgebou het. Hulle noem dat dit dié waardestelsel is wat tans in hulle lewes uitgeleef word. Die respondente is van mening dat hulle as deur hulle lewensomstandighede in die verlede tesame met alles wat in hulle lewens gehanteer moes word, emosioneel sterk gemaak is en gemotiveerd en gedetermineerd is om suksesvol te wees. Die respondente het genoem dat die kinderhuis, in spesifieke gevalle, ’n grondslag verskaf het van wat in die samelewing as reg en verkeerd bestempel word. Hulle voel dat die riglyne wat so gevorm is, die waardestelsel uitmaak wat hulle tans uitleef.

Tesame met bogenoemde bevindings bevestig die navorser op grond van die literatuurstudie dat adolessente wat in ’n kinderhuis grootgeword het, die ontwikkeling van ’n waardestelsel as problematies ervaar, aangesien dié adolessente deur die loop van hulle lewens aan meer as een waardestelsel blootgestel is, naamlik die waardes, reëls en regulasies in die kinderhuis teenoor die waardes van hulle ouers en/of vakansiegesinne. Die navorser is van mening dat die meeste respondente die waardes, reëls en regulasies wat deur die kinderhuis verskaf is, in kombinasie met hulle eie lewenservaring aangeneem het en deel van hulle persoonlike waardestelsel gemaak het. ’n Enkele respondent het genoem dat die kinderhuis hom as individu sterker gemaak het, deurdat daar deurlopend riglyne en leiding verskaf is in tye dat hy onseker was en onstabiel in die samelewing opgetree het Hy het die volgende in die verband genoem: *“Die kinderhuis het my opgebou tot wie ek nou is en ek wil dit so hou”*.

In aansluiting by bogenoemde bevindinge bevestig Levine (1990:64) dat die adolessente, ná ontslag uit die kinderhuis, ’n stadium bereik waar alle gebeurtenisse en situasies in hulle verlede aanvaar word en alle gevoelens van woede en angs gestabiliseer word. Dit is in hierdie stadium van aanvaarding dat die individu homself in die toekoms sien. Die navorser is van mening dat die spesifieke groep respondente emosioneel sterk gemaak is, hetsy deur die kinderhuis of as gevolg van hulle persoonlike worsteling met hulle verlede, en dat hulle dus hulle lewe ná ontslag uit die kinderhuis op ’n positiewe wyse kan uitleef.

### 3.2.6 Hooftema 6

*Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van die voorbereiding wat ontvang is, voor die proses van ontslag uit die kinderhuis*

Die sesde hooftema wat die navorser geïdentifiseer het, was adolessente se persepsie van die voorbereiding wat voor, tydens en ná ontslag uit die kinderhuis ontvang is. Die mening van die respondente is in drie subtemas verdeel: die betrokkenheid van 'n maatskaplike werker, die fisiese voorbereiding en die emosionele voorbereiding, soos hieronder aangedui sal word.

#### 3.2.6.1 *Betrokkenheid van maatskaplike werker*

Dit blyk uit die empiriese data dat die meeste respondente voel dat hulle optimaal vir ontslag uit die kinderhuis voorberei is. Die meerderheid respondente voel positief ten opsigte van hulle voorbereiding voor ontslag uit die kinderhuis. Hulle voel voorbereid om hulle lewe ná ontslag uit die kinderhuis voort te sit. Van die respondente is van mening dat die begeleiding en ondersteuning wat deur 'n maatskaplike werker aan hulle verskaf is, voor, ná en tydens die ontslag uit die kinderhuis, hulle gehelp het om buite die grense van die kinderhuis aan te pas.

Bagwell (2001:65) bevestig die rol van die maatskaplike werker in die adolessent se lewe, veral ten opsigte van die ontwikkeling van veiligheid, sekuriteit en selfvertroue by die individu. Laasgenoemde gee aanleiding tot die optimale voorbereiding van die individu vir ontslag uit die kinderhuis.

##### *3.2.6.1.1 Fisiese voorbereiding*

Die respondente voer aan dat hulle voorberei is vir ontslag uit die kinderhuis, aangesien 'n maatskaplike werker deurlopend behulpsaam was ten opsigte van die soektog na 'n blyplek en 'n werkplek in die samelewing. Een respondent noem dat die maatskaplike werkers hom gehelp het met die opstel van sy curriculum vitae ten einde 'n werk in sy omgewing te kry. Ander respondente het aangedui dat maatskaplike werkers hulle

gehelp het om hulle familie by wie hulle huidig woonagtig is, op te spoor. Een respondent voer aan dat 'n maatskaplike werker deurlopend by die aanvang van haar studies betrokke was. Die respondente is tevrede met die hulp wat aan hulle gebied is en voel dat die hulp wat verskaf is, 'n positiewe invloed op die suksesvolle aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis gehad het. 'n Enkele respondent noem dat hulp en ondersteuning vir die proses van ontslag uit die kinderhuis gebied is, maar dat 'n maatskaplike werker nie noodwendig stap vir stap hulp verleen het nie. Enkeles voel dat hulle steeds kan teruggaan na die kinderhuis in gevalle waar hulp, ondersteuning en begeleiding benodig word. Hulle is van mening dat daar steeds op die kinderhuis en die maatskaplike werkers se hulp staatgemaak kan word.

Die navorser kan bevestig dat die maatskaplike werker na ontslag uit die kinderhuis steeds 'n beduidende rol in die kinderhuiskind se lewe speel, aangesien daar betrokkenheid by die individu is van die verwyderingsproses af tot en met die assessering en plasingsproses. Kirby en Hardesty (1998:429) bevestig laasgenoemde deur te sê dat die maatskaplike werker as die primêre versorger of voog van die kind in die kindersorgstelsel betrokke is. Die navorser wil hierby voeg dat die maatskaplike werkers in die kinderhuis die kinders goed ken en behoort te weet wat die geskikste rigting is wat die individu kan volg. As gevolg van hulle deurlopende betrokkenheid behoort maatskaplike werkers die kinders goed te ken en te verstaan.

Molin (1990:503) voer in dié verband aan dat die maatskaplike werker deurlopend betrokke moet wees ten einde hulpverlening te bied op gebiede waar die adolessent onsekerheid en angs ten opsigte van sy situasie toon.

Enkele respondente voel dat hulle nie optimaal voorberei is vir die proses van ontslag uit die kinderhuis nie. 'n Enkele respondent noem dat hy voel asof die versorgers by die kinderhuis slegs sy naam doodgetrek het, ná ontslag uit die kinderhuis. Hy het verder aangedui dat geen hulp verleen is ten opsigte van werk- en blyplek nie. Hierdie respondent voel dat hy meer leiding met betrekking tot sy toekomstige rigting kon ontvang het. Ander respondente voel dat die kinderhuis individue oor die algemeen meer van hulp kan wees met betrekking tot die verkryging van werk en 'n blyplek. 'n Enkele respondent voer aan dat die kinderhuis elke kind se spesifieke lewensituasie en historiese agtergrond en omstandighede individueel in ag moet neem voordat 'n besluit

geneem word oor waar die adolessent sal bly en by watter werk die betrokke persoon ingeskakel sal word. ’n Enkele respondent voer aan dat daar met behulp van ’n maatskaplike werker vir hom planne gemaak is om oorsee te gaan, maar dat die planne sonder enige verduideliking deur die maatskaplike werker gestaak is.

Verskeie skrywers (vergelyk Meadowcroft *et al.*, 1990:101; Molin, 1990:503 ; Cantos *et al*, 1996:929; Price & Brew, 1998:200) bevestig dat dit die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker is om ’n plek te skep waar die individu die geleentheid gegun word om meer konstruktief te reageer op die oplos van probleemsituasies en waar maatskaplike werkers en versorgers optree as “aktiewe leermeesters” wat gemotiveerd is om individue deurlopend te ondersteun in alles wat hulle doen en aanpak. Die navorser is van mening dat die adolessent in die kinderhuis in die meeste gevalle nie ouers en familie het nie. Dit is juis in sodanige gevalle belangrik dat die maatskaplike werker in alles wat die individu doen as ’n substituut ondersteuner sal optree. Die maatskaplike werker moet optree as ’n ouer aangesien deure na geleenthede oopgemaak moet word en opsies aan die adolessent gebied moet word. Verder is dit in sodanige gevalle belangrik dat daar ná ontslag en plasing van die individu in ’n spesifieke werks- en blyplek deurlopende evaluerings gedoen sal word ten einde te monitor of die adolessent wel positief aanpas. In gevalle waar probleemsituasies geïdentifiseer word, is dit die plig van die maatskaplike werker om die individu te help om die spesifieke situasie so effektief moontlik op te los.

*3.2.6.1.2 Emosionele voorbereiding*

Uit die empiriese data blyk dit dat die meerderheid respondente voel dat hulle emosioneel voorberei is op die proses van ontslag uit die kinderhuis. Hierdie respondente is van mening dat hulle emosioneel sterk gemaak is in die kinderhuis, wat die emosionele voorbereiding vir ontslag uit die kinderhuis versterk het. ’n Enkele respondent is van mening dat hy emosioneel sterk gemaak is voor die ontslag uit die kinderhuis en dat dit help met sy aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis. Hy voel hy is emosioneel daarop voorberei om die “grootmenslewe” buite die grense van die kinderhuis positief te hanteer. Enkele respondente het aangedui dat ’n maatskaplike werker hulle van die begin af gehelp het en dat hulle altyd welkom voel om terug te gaan na die maatskaplike werker in tye wanneer probleemsituasies te veel raak om alleen te

hanteer. Hulle voel dat 'n maatskaplike werker deurlopend beskikbaar was in situasies waar probleme ervaar is. Hulle is ook van mening dat steeds kan staatmaak op die hulp van maatskaplike werkers in die kinderhuis.

Bogenoemde bevindinge word bevestig deur verskeie skrywers (vergelyk Meadowcroft *et al*., 1990:100; Cantos *et al*, 1996:929; Price & Brew, 1998:200) wat aanvoer dat die maatskaplike werker daarvoor verantwoordelik is om die aanpassing van die individu in sy nuwe omgewing deurlopend te monitor en te evalueer. Die navorser kan bevestig dat die respondente wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, deurlopend tydens hulle verblyf in die kinderhuis emosionele aandag, leiding en beskerming van 'n maatskaplike werker ontvang het. Hulle het dus 'n sterk, emosioneel veilige verhouding met die maatskaplike werker ontwikkel, wat lei tot die gemaklikheid om terug te gaan vir verdere hulp tydens probleemsituasies. Dit hang van persoon tot persoon af hoe die maatskaplike werkers sal optree. Sekere adolessente het die geleentheid om as gevolg van geld wat deur ouers en/of familie verskaf is verder te studeeer, en hulp van die maatskaplike werker sal dus meer gefokus wees op die individu wat geen geleenthede of finansiële basis het nie.

Enkele respondente voel dat hulle nie emosioneel voorberei is vir ontslag uit die kinderhuis nie. Hierdie respondente voel dat 'n maatskaplike werker nie die nodige begeleiding, ondersteuning en aandag verskaf het, in vergelyking met wat ander kinders in die kinderhuis ontvang het nie. 'n Enkele respondent voer aan dat sy te na gekom is ten opsigte van haar voorbereiding vir ontslag uit die kinderhuis. Sy is van mening dat die maatskaplike werkers in die kinderhuis nie genoeg aandag gegee het aan die trauma wat sy as kind beleef het nie, en dat dit aanleiding gegee het tot die onsuksesvolle aanpassing buite die kinderhuis. Sy noem dat daar eerder hulp verskaf moet word om die trauma wat beleef is, te verwerk, in plaas daarvan om soveel klem te lê op die tipe werk en blyplek van die individu. Bagwell (2001:65) bevestig dat die sosio-emosionele behoeftes van die individu in die kinderhuis deur die maatskaplike werker bevredig moet word ten einde emosionele sekuriteit tydens bedreigende situasies aan die persoon te verskaf. Die navorser is ook van mening dat die maatskaplike werker altyd in situasies waar die individu hulp benodig, beskikbaar moet wees. Die hulp wat deur die maatskaplike werkers verskaf word, sal van persoon tot persoon verskil. Die hoeveelheid hulp en begeleiding sal ook van kind tot kind verskil. Sekere kinders het

meer hulp nodig as ander, na gelang van reeds beskikbare bronne tot hulle beskikking. Die feit dat hierdie respondent moeilik aanpas buite die kinderhuis, en haar onhanteerde trauma as rede daarvoor identifiseer, dui net weereens op die noodsaaklikheid om die kind tydens sy verblyf in die kinderhuis te begelei om traumagebeure te verwerk sodat die kind sy energie daarop kan fokus om homself op die lewe buite die kinderhuis voor te berei en suksesvol aan te pas.

### 3.2.7 Hooftema 7

*Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van spesifieke aspekte waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus ten einde adolessente optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis*

Die laaste hooftema wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, is die persepsie van die adolessente van aspekte waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus ten einde die adolessent optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis. Dit is in die volgende subtemas verdeel: voldoende voorbereiding, begeleiding tot die hantering van trauma, die verskaffing van leiding aan die individu, en die fasilitering van onafhanklikheid van individue in die kinderhuis.

#### 3.2.7.1 *Voldoende voorbereiding*

Uit die empiriese data blyk dit dat respondente voel dat hulle optimaal voorberei is vir ontslag uit die kinderhuis. Die meerderheid respondente is van mening dat die manier waarop hulle spesifieke proses van ontslag uit die kinderhuis gehanteer is, voldoende was en dat dieselfde voorbereidingsproses in die geval van individue wat die kinderhuis later verlaat, toegepas moet word. Die respondente voer aan dat hulle tydens hulle kinderhuisjare goed versorg is en tydens die proses van ontslag uit die kinderhuis goed daarop voorberei is. Verskeie skrywers (vergelyk Meadowcroft *et al*, 1990:100; Cantos *et al*, 1996:929; Price & Brew, 1998:200; Bagwell, 2001:65) bevestig dat dit noodsaaklik is om ’n stabiele kinderhuisomgewing te skep waarin die adolessent kan floreer. Die historiese agtergrond van die adolessent in die kinderhuis kan egter ’n negatiewe invloed op die individu hê; daarom is dit van kardinale belang dat hy aan ’n omgewing waar stabiliteit verskaf word, blootgestel moet word. Die navorser is van mening dat die waarde wat die individu aan sy ondervinding as ’n kind in die kinderhuis heg, bydra tot

sy suksesvolle aanpassing buite die grense van die kinderhuis. Een respondent voeg by dat hy sy ondervinding as ’n kind in die kinderhuis as ’n voorreg beskou en dat hy al die ander kinders in die kinderhuis dieselfde voorreg en positiewe ondervinding gun. Hy is verder van mening dat die manier waarop hy op die proses van ontslag uit die kinderhuis voorberei is, by alle individue wat die stadium van ontslag uit die kinderhuis betree, toegepas moet word.

Die navorser is van mening dat elke individu se afsonderlike ervaring van sy verblyf in die kinderhuis en die manier waarop trauma in sy lewe beleef word, hanteer en verwerk is, sal bepaal hoe die proses van voorbereiding vir ontslag uit die kinderhuis ervaar word. Een respondent voer aan dat die mate van voorbereiding vir die proses van ontslag uit die kinderhuis en die intensiteit daarvan afhang van die besondere lewensituasie waarin die adolessent homself bevind. Die respondent voeg by dat die hoeveelheid hulp en begeleiding wat deur die individu benodig word, van bronne wat tot die individu se beskikking is (soos finansiële hulp, permanente blyplek of familie wat na die individu se behoeftes kan omsien) sal afhang.

Die navorser wil beklemtoon dat daar in baie gevalle individue is wat steeds met familielede in kontak is en wat dus hulp ten opsigte van finansies, studie- en werksgeleenthede ontvang. Dit is juis hierdie individue wat die kans gegun word om verder op tersiêre opvoeding te fokus.

3.2.7.2 *Begeleiding tot die hantering van trauma*

Uit die empiriese data blyk dit dat een respondent baie sterk voel oor die wyse waarop trauma gehanteer is. Volgens hierdie spesifieke respondent moet maatskaplike werkers en versorgers meer klem plaas op die identifisering, verwerking en oplos van trauma. Getraumatiseerde individue moet gehelp word om die trauma wat hulle deur die loop van hulle lewens beleef het, te verwerk anders sal aanpassing buite die grense van die kinderhuis altyd onsuksesvol wees. Volgens hierdie respondent se eie ervaring beleef sy haar aanpassing buite die kinderhuis as negatief, aangesien die maatskaplike werkers wel hulp gegee het ten opsigte van haar voorbereiding vir ontslag uit die kinderhuis, maar dat die trauma wat sy beleef het, steeds onverwerk is en ’n groot impak het op haar aanpassing buite die grense van die kinderhuis. Bagwell (2001:65) meld in

dié verband dat dit die verantwoordelikheid van die maatskaplike werkers is om die emosionele situasie van die adolessent te hanteer en dat die klem op die aanleer van verantwoordelikheid vir spesifieke situasies geplaas moet word. Daar moet ook op die korrekte hantering en verwerking van emosionele situasies van die individu gefokus word.

Die navorser is van mening dat die manier waarop trauma hanteer word, van die graad, intensiteit en duur van die trauma wat die persoon beleef het, sal afhang. Dit sal ook afhang van die individu se benadering ten opsigte van hantering van die trauma. In die meeste gevalle is maatskaplike werkers beskikbaar om die individu by te staan om die trauma te identifiseer, te verwerk en op te los, maar suksesvolle verwerking van die trauma hang steeds af van die manier waarop die individu dit hanteer. In baie gevalle gaan die verwerking van die trauma ook hand aan hand met die individu se ervaring van sy lewe as ’n kinderhuiskind.

3.2.7.3 *Die verskaffing van leiding aan die individu*

Dit blyk uit die empiriese data dat die meerderheid respondente voel dat meer leiding ten opsigte van ’n spesifieke rigting aan hulle verskaf kon word. Die respondente noem dat hulle in die geval van ontslag uit die kinderhuis beter voorberei kon gewees het ten opsigte van wat die lewe buite die grense van die kinderhuis behels. Een respondent is van mening dat die maatskaplike werkers meer leiding kon verskaf het ten opsigte van ’n spesifieke rigting wat hy ná ontslag uit die kinderhuis kon volg. Volgens hierdie respondent het die maatskaplike werkers en die hoof van die kinderhuis baie kontakte buite die kinderhuis en hulle kon volgens sy mening dus makliker ’n gepaste werk vir hom geïdentifiseer het.

Bogenoemde word bevestig deur Bagwell (2001:65) wanneer dié outeur aandui dat dit van kardinale belang is dat maatskaplike werkers realisties moet wees ten opsigte van die ideale, idees en beplanningsraamwerke van die individu. Daar moet deurlopend opsies aan die individu verskaf word wat by die drome van die individu en sy toekomsbeplanning geïnkorporeer moet word.

Die respondente was deurgaans van mening dat meer aandag geskenk kon word aan 'n gepaste blyplek wat by die behoeftes van die individu pas. Een respondent het aangedui dat sy baie ongelukkig is by die gesin waar sy geplaas is. Sy het genoem dat haar blyplek haar aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis negatief beïnvloed. Dit is volgens die navorser 'n persoonlike opinie. Die onsuksesvolle aanpassing in laasgenoemde geval is volgens die navorser se mening die gevolg van verhoudings wat onstabiel is. Dit is hierdie onvoorsiene probleme wat die maatskaplike werker nie noodwendig tydens die plasing van die individu in die gemeenskap kon identifiseer het nie. Die navorser wil in dié verband bevestig dat maatskaplike werkers na ontslag uit die kinderhuis beskikbaar moet wees in situasies waar die individu hulp benodig, veral ook waar probleme ondervind word in verhoudings met ander in die omgewing. Maatskaplike werkers moet dus geredelik beskikbaar wees om die adolessent se persoonlike lewe te bespreek.

Een respondent is van mening dat haar familielede by haar lewe ná die kinderhuis ingeskakel kon word ten einde haar behoefte aan emosionele ondersteuning, liefde en aandag te verminder. Die navorser stem nie met laasgenoemde saam nie, aangesien die verhouding tussen die individu in die kinderhuis en die spesifieke familielid eers oor 'n tydperk gemonitor en geëvalueer moet word ten einde vas te stel of die verhouding sterk genoeg is om die individu daar te plaas. Daar moet eers seker gemaak word dat die individu gelukkig sal kan aanpas by die betrokke familielid. Die navorser is verder van mening dat die kind in die kinderhuis 'n behoefte het om soos ander in die omgewing 'n fundamentele gesinstruktuur te hê waarin hulle vertroue geplaas kan word.

3.2.7.4 *Die fasilistering van onafhanklikheid*

Uit die empiriese data blyk dit dat respondente voel dat hulle terwyl hulle in die kinderhuis is, die kans gegun moet word om op 'n gereelde basis buite die grense van die kinderhuis te sosialiseer. Die respondente het genoem dat suksesvolle aanpassing buite die kinderhuis nie bewerkstellig kan word indien die individu nie op sosiale vlak gemaklik in sy sosialiseringsomgewing is nie. Daar moet dus meer geleenthede geskep word vir sosiale interaksie buite die grense van die kinderhuis ten einde te verseker dat die adolessent suksesvol sal aanpas. Een respondent is van mening dat daar 'n

nuuskierigheid heers oor wat in die omgewing buite die kinderhuis aangaan en hoe dit sal wees om sonder reëls en regulasies buite die grense van die kinderhuis te funksioneer. Volgens die navorser is dit die maatskaplike werkers se verantwoordelikheid is om individue die kans te gun om self te probeer aanpas by hulle nuwe sosialiseringsomgewing deur deurlopende begeleiding wat op ’n gereelde basis aan die adolessente verskaf word. Bagwell (2001:65) bevestig dat dit die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker is om die individu met die aanleer van sosiale vaardighede te help. Die gedrag van die individu moet hanteer word ten einde begeleiding te bied wat die adolessent in staat stel om meer sosiaal aanvaarbare gedrag aan te leer. Dit sal tot die ontwikkeling van selfvertroue en die adolessent se sosiale betrokkenheid by die res van sy omgewing aanleiding gee. Die navorser is van mening dat hierdie aanleer van sosiaal aanvaarbare gedrag die individu sal help om ná ontslag uit die kinderhuis beter aan te pas op ’n sosiale vlak.

Een respondent is verder van mening dat die maatskaplike werkers nie oorbetrokke moet raak by die kinderhuiskinders nie. Sy voeg by dat daar wel begeleiding verskaf moet word, maar dat die kinders ook die kans gegun moet word om self besluite te kan neem en keuses te kan maak. Die respondent voel dat maatskaplike werkers soms té betrokke raak by kinders in die kinderhuis en dat daar geen keusevryheid gelaat word nie. Bagwell (2001:65) bevestig laasgenoemde deur te meld dat die individu in die kinderhuis geleer moet word om realistiese besluite in spesifieke situasies te neem. Daar moet deurlopend keuses aan die adolessent gebied word en die individu moet geleer word om hierdie keuses op so ’n manier uit te oefen dat positiewe aanpassing buite die kinderhuis bevorder kan word.

Die navorser wil beklemtoon dat die individu in die kinderhuis geleer moet word om self besluite te neem, maar dat dit steeds die rol en verantwoordelikheid van die maatskaplike werker bly om die individu se keusevryheid te evalueer en waar nodig hulp en begeleiding, te verskaf.

## 3.3 SAMEVATTING

Die fokus van hierdie navorsing was 'n ondersoek na die belewenis van die adolessent se aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis. Uit die empiriese data is sewe hooftemas geïdentifiseer en onder elke hooftema bepaalde subtemas. Dit word soos volg opgesom:

**Tabel 3.1 Hoof- en subtemas soos geïdentifiseer uit die empiriese data**

| HOOFTEMAS | SUBTEMAS |
|---|---|
| 1. Huidige lewensituasie van die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef . | Werk of studeer as huidige lewensituasie.<br>Aanpassing van die adolessent by sy huidige lewensituasie. |
| 2. Ervaring van die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef van sy lewe as kinderhuiskind en die invloed van dié belewing op aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis. | Positiewe ervaring<br>Negatiewe ervaring |
| 3. Adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef se persepsie van homself en die invloed van dié persepsie op aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis | |
| 4. Adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef se belewing van en aanpassing by sy sosialiseringsomgewing. | Persepsie van sosialisering buite grense van die kinderhuis.<br>Afhanklikheid van liefde, ondersteuning en beskerming in die kinderhuis.<br>Persoonlike keuse. |
| 5. Adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef se persepsie van sy betrokkenheid by | Betrokkenheid by antisosiale gedrag<br>Persoonlike waardestelsel |

| | |
|---|---|
| antisosiale gedrag in die samelewing. | |
| 6. Adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef se persepsie van die voorbereiding wat voor, tydens en ná die proses van ontslag uit die kinderhuis aan hom gebied is. | Betrokkenheid van maatskaplike werker.<br>Fisiese voorbereiding.<br>Emosionele voorbereiding. |
| 7. Adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef se persepsie van spesifieke aspekte waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus ten einde adolessente optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis. | Voldoende voorbereiding<br>Begeleiding in die hantering van trauma<br>Verskaffing van leiding aan die individu.<br>Onafhanklikheid |

Uit bostaande navorsingsresultate blyk dit dat die aanpassing van adolessente ná ontslag uit die kinderhuis deur verskeie bydraende faktore beïnvloed word. Daar sal in die volgende hoofstuk gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word ten opsigte van veranderinge wat deur die kinderhuisstruktuur geïmplementeer kan word ten einde adolessente optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis met die oog op meer suksesvolle aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis.

# HOOFSTUK 4

# SAMEVATTING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 4.1 INLEIDING

Uit die navorsingsresultate wat in hoofstuk drie bespreek is, is dit duidelik dat die adolessent se aanpassing, ná ontslag uit die kinderhuis, deur verskeie faktore beïnvloed word. Dit het aan die lig gekom dat die aanpassing van die adolessente ná ontslag uit die kinderhuis beïnvloed is deur hulle persoonlike belewenis van die lewe in die kinderhuis, die identifisering, verwerking em oplos van trauma in hulle lewens en die ondersteuning wat hulle vanaf maatskaplike werkers in die kinderhuis gekry het.

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te dui tot watter mate die doel en doelwitte van hierdie ondersoek bereik is ten einde die navorsingsvraag te beantwoord. Daar sal vervolgens ook gevolgtrekkings en aanbevelings uit die navorsingsresultate gemaak word.

## 4.2 Doelstelling van die ondersoek

- Die doelstelling van die ondersoek was om die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis te verken.

Hierdie doelstelling is bereik deurdat 'n kennisbasis opgebou is deur middel van 'n literatuurstudie en konsultasie met deskundiges. Op grond van hierdie kennisbasis is 'n onderhoudskedule opgestel. Die onderhoudskedule is tydens tien individuele, semi-gestruktureerde onderhoude benut ten einde kwalitatiewe empiriese inligting in te samel om 'n breë beeld van die faktore wat die algemene aanpassing van adolessent by ontslag uit die kinderhuis beïnvloed, te verkry.

Die ingesamelde inligting sal verder aangewend word om die kennisleemte wat by maatskaplike werkers bestaan ten opsigte van faktore wat tot die suksesvolle of

onsuksesvolle aanpassing van die adolessent buite die kinderhuis bydra, aan te vul. Intervensieprogramme kan vir die optimale voorbereiding van adolessente, voor, tydens en ná die proses van ontslag uit die kinderhuis, in ‘n verdere studie vanuit dié inligting ontwikkel word.

## 4.3 Doelwitte van die ondersoek

Die navorser het sekere doelwitte gestel vir die bereiking van die doelstelling in paragraaf 4.2. Dié doelwitte word hieronder opgesom met ’n baie kort aanduiding van die resultate wat bereik is.

- *Om ’n teoretiese kennisraamwerk op te stel oor die adolessent se algemene leefwêreld by ontslag uit die kinderhuis, die rol en die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker in die verskaffing van deurlopende ondersteuning en optimale voorbereiding van die adolessent by ontslag uit die kinderhuis en die positiewe en negatiewe faktore wat tot suksesvolle aanpassing of wanaanpassing kan lei.*

Hierdie doelwit is bereik deurdat die navorser met behulp van ’n literatuurstudie en konsultasie met deskundiges ’n teoretiese kennisraamwerk oor bogenoemde aspekte kon opstel. Hierdie inligting is in hoofstuk 2 weergegee.

- *Om tydens ‘n empiriese ondersoek te bepaal wat die bydraende faktore is wat die adolessent se algemene aanpassing by ontslag uit die kinderhuis kan beïnvloed*.

‘n Empiriese ondersoek is uitgevoer deurdat die navorser ‘n selfontwerpte onderhoudskedule as datainsamelingsmetode gebruik het tydens semi-gestruktureerde onderhoude met tien adolessente wat gedurende 2004 uit die kinderhuis ontslaan is. Die doel was om ’n breë beeld van die bydraende faktore wat die algemene aanpassing van die adolessent by ontslag uit die kinderhuis kan beïnvloed, te verkry. Daar is op die volgende aspekte gefokus:

- die huidige lewensituasie van adolessente bo die ouderdom 18 jaar en wat buite die grense van die kinderhuis leef, hulle ervaring van die lewe as 'n kinderhuiskind en die invloed van laasgenoemde belewing op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis;
- dié adolessente se selfsiening en die invloed van dié persepsie op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis;
- hulle belewing van en aanpassing by hulle sosialiseringsomgewing buite die grense van die kinderhuis;
- hulle persepsie oor betrokkenheid by antisosiale gedrag in die samelewing;
- hulle persepsie van voorbereiding voor, tydens, en ná ontslag uit die kinderhuis; en
- hulle persepsie van aspekte waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus ten einde adolessente optimaal vir ontslag uit die kinderhuis voor te berei.

Tien respondente, wat op 'n ewekansige wyse geselekteer is, is by die ondersoek betrek.  Semi-gestruktureerde onderhoude is met behulp van 'n onderhoudskedule gevoer ten einde elke respondent se aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis te ondersoek.

- *Om uit die inligting wat deur die navorser ingesamel en geanaliseer is tot gevolgtrekkings te kom van wat die bydraende faktore is wat die algemene aanpassing van die adolessent by die ontslag uit die kinderhuis kan beïnvloed. Op grond hiervan kan aanbevelings gemaak word die kennisleemte wat by maatskaplike werkers bestaan te oorkom.*

Aanbevelings en gevolgtrekkings volg later in hierdie hoofstuk.

### 4.4 Navorsingsvraag

Hierdie ondersoek is volgens die kwalitatiewe benadering uitgevoer, en vir die doeleindes van die ondersoek is die volgende navorsingsvraag geformuleer:

> *Wat is die bydraende faktore wat die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis beïnvloed?*

Die vraag is beantwoord deurdat empiriese inligting, wat oor die bydraende faktore wat die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis óf positief óf negatief kan beïnvloed handel, ingewin en geanaliseer is.

Die inligting wat ingesamel is, kan gebruik word om maatskaplike werkers se gebrek aan kennis ten opsigte van positiewe en negatiewe faktore wat tot die suksesvolle aanpassing of wanaanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis kan lei, te oorkom. Hierdie oorbrugging van die kennisleemte kan weer aanleiding gee tot die ontwikkeling van intervensieprogramme vir die optimale voorbereiding en deurlopende ondersteuning van adolessente, voor, tydens en ná die proses van ontslag uit die kinderhuis.

## 4.5 Samevatting van die navorsingsresultate, gevolgtrekkings en aanbevelings

### 4.5.1 Samevatting van die navorsingsresultate

Die navorsingsresultate van die empiriese ondersoek kan in die onderstaande hooftemas saamgevat word:

- Die huidige lewensituasie van die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se ervaring as 'n kinderhuiskind en die invloed van laasgenoemde belewing op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se selfsiening en die invloed van laasgenoemde persepsie op die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se belewing van en aanpassing by die sosialiseringsomgewing.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef se perspepsie van sy betrokkenheid by antisosiale gedrag in die samelewing.
- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van voorbereiding wat voor, tydens en ná die proses van ontslag uit die kinderhuis ontvang is.

- Die adolessent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, se persepsie van aspekte waarop die kinderhuisstruktuur kan fokus ten einde adolessente optimaal vir ontslag uit die kinderhuis voor te berei.

Die navorsingsresultate het deurlopend met bestaande literatuur korreleer en is so aangedui.

### 4.5.2 Gevolgtrekkings

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie ondersoek geformuleer is, bereik is. ’n Empiriese ondersoek na verskeie bydraende faktore wat die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis kan beïnvloed, is suksesvol uitgevoer deurdat ’n onderhoudskedule vir tien individuele, semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode benut is.

Die navorser is verder van mening dat die navorsingsvraag wel beantwoord is. Ingesamelde empiriese data het die fokus geplaas op die bydraende faktore wat die algemene aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis beïnvloed. Daar is onderskei tussen faktore wat die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis positief beïnvloed en dié wat die aanpassing negatief beïnvloed. Waardevolle inligting is dus bekom vir die optimale voorbereiding en deurlopende ondersteuning aan die adolessent, voor, tydens en ná die proses van ontslag uit die kinderhuis.

Op grond van die empiriese data wat ingewin en in hoofstuk 3 bespreek is, kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Uit die navorsingsresultate blyk dit dat die respondent bo die ouderdom 18 jaar wat buite die grense van die kinderhuis leef, oor die algemeen wel werk het en goed aanpas by verskeie werksituasies. Enkeles het die geleentheid om hulle tersiêre opleiding voort te sit, in ’n spesifieke rigting wat pas by hulle persoonlike vermoëns en vaardighede. Die navorser is van mening dat hierdie spesifieke groep adolessente die nodige finansiële ondersteuning en begeleiding het om dié opleiding te voltooi. Tydens moeilike fases in hulle ewe vind hierdie individue dit moeilik om ten volle aan te pas, aangesien die deurlopende ondersteuning,

liefde, aandag en beskerming waaraan die individue gewoond is, verlore is ná ontslag uit die kinderhuis.

Die respondente het hulle lewe as kinderhuiskind positief ervaar en aangedui dat dit hulle sterker gemaak het deurdat daar geleenthede vir waardering vir kos, klere en behuising wat hulle nie buite die kinderhuis sou gehad het nie, geskep is. Daar is deurlopend omgesien na hulle fisiese- en emosionele behoeftes wat tot waardering daarvoor aanleiding gegee het. Gevalle waar individue steeds gemarginaliseerd is en soos 'n "weeskind" in die samelewing voel, kan toegeskryf word aan 'n onstabiele, onsekere en afhanklike identiteit as gevolg van ongedefinieerde en onverwerkte trauma. Die navorser is van mening dat onopgeloste en onverwerkte trauma 'n groot invloed op die ontwikkeling van 'n positiewe en selfversekerde persoonlikheid en aanpassing buite die kinderhuis kan uitoefen.

Ná ontslag uit die kinderhuis het die respondente oor die algemeen 'n goeie selfbeeld ontwikkel, wat aan die ontwikkeling van 'n selfversekerde en selfstandige houding wat in die kinderhuis aangeleer is, toegeskryf kan word. Hierdie gedetermineerde en selfversekerde houdings gee aanleiding tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfsiening. Die individu in die kinderhuis moet op sy gedrag en houdings let, as gevolg van 'n reeds bestaande status as kinderhuiskind. Die hoeveelheid leiding en ondersteuning, die aanleer van vaardighede en die verskaffing van liefde en aandag wat die kind in die kinderhuis ontvang, sal alles bydra tot die vorming en ontwikkeling van 'n positiewe of negatiewe selfbeeld. Laasgenoemde is baie belangrik ten einde te voorkom dat adolessente ná ontslag uit die kinderhuis minderwaardig sal voel teenoor ander adolessente in hulle omgewing.

- Die respondente toon oor die algemeen goeie aanpassing by hulle sosialiseringsomgewing. Hierdie positiewe aanpassing en inpassing by die sosialiseringsomgewing kan aan geleenthede wat daar tydens die lewe as 'n kind in die kinderhuis geskep is om op 'n gereelde basis buite die grense van die kinderhuis in interaksie te tree, toegeskryf word. Hierdeur word geleenthede vir die individu geskep om 'n sosialiserings- en ondersteuningsnetwerk buite die

grense van die kinderhuis te skep. Gevalle waar respondente negatief aanpas by hulle sosialiseringsomgewings kan teruggelei word tot die sosiale inperking van individue en die toepassing van streng reëls en regulasies met geen of min geleentheid vir bespreking nie. Die negatiewe aanpassing by sosialiserings-omgewings, kan ook toegeskryf word individue se persoonlike keuses.

Die navorser is van mening dat baie individue dit verkies om eerder nie by hulle sosialiseringsomgewings betrokke te raak nie. Hulle verkies om minder sosiaal te verkeer.

- Dit blyk dat enkele respondente wat in 'n kinderhuis grootgeword het, op 'n stadium tydens hulle skoolloopbaan by antisosiale gedrag in die samelewing betrokke was. Die soort gedrag waaraan hulle skuldig was, was meestal kleinskaalse antisosiale gedrag soos winkeldiefstal, drankmisbruik en die gebruik van dagga per geleentheid. Die rede vir dié gedrag kan hoofsaaklik aan gevoelens van benyding en minderwaardigheid ten opsigte van luukshede, klere en voordele wat ander individue in hulle omgewing geniet, toegeskryf word. Die gedrag kan ook toegeskryf word aan die proses van konformering tot 'n spesifieke groep in die samelewing. Antisosiale gedrag is geopenbaar in 'n poging om deel te wees van 'n spesifieke groep ten einde aanvaarding daarvan te bewerkstellig. Begeleiding deur 'n maatskaplike werker kan die individu help om die nadele en gevolge van sodanige gedrag te verstaan en om die spesifieke gedrag te staak. Die betrokkenheid by antisosiale gedrag van enkele respondente ná ontslag uit die kinderhuis word daaraan toegeskryf dat individue tydens hulle lewe as 'n kinderhuiskinders, te veel ingeperk en beskerm was.

- Uit die navorsingsresultate blyk ook dat die respondente tydens hulle lewe in die kinderhuis 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel het wat hulle ná ontslag uit die kinderhuis toepas. Dié individue is emosioneel sterk gemaak en is gedetermineerd om 'n sukses van hulle lewens te maak, as gevolg van die trauma wat hulle al moes hanteer tesame met die nodige leiding en basis van wat reg en verkeerd is en wat deur hulle lewens deur die kinderhuisstruktuur, daargestel is. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat hierdie waardestelsel positief bydra tot suksesvolle aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis.

- Dit blyk uit die navorsingsresultate dat die respondente van mening is dat hulle optimaal voorberei is vir die proses van ontslag uit die kinderhuis. Die respondente voel dat hulle suksesvol voorberei is en voel voorbereid om hulle ewe ná ontslag uit die kinderhuis voort te sit. Laasgenoemde suksesvolle voorbereiding en positiewe aanpassing word aan die begeleiding en ondersteuning van 'n maatskaplike werker toegeskryf. Optimale voorbereiding word volgens die adolessente soos volg beskryf:

  - hulpverlening ten opsigte van die soektog en identifisering van 'n werks- en blyplek;
  - hulpverlening ten opsigte van die opspoor van familie;
  - hulpverlening ten opsigte van naskoolse studie en 'n spesifieke werksrigting wat by hulle persoonlike vaardighede en vermoëns aanpas;
  - deurlopende hulp, ondersteuning, motivering, beskerming, begeleiding en liefde voor, tydens en ná ontslag uit die kinderhuis; en
  - deurlopende evaluering en monitering van die aanpassing van die individu ná plasing van die individu by 'n spesifieke werk- of blyplek.

- Uit die navorsingsresultate blyk dit dat die respondente wel emosioneel vir die proses van ontslag uit die kinderhuis, voorberei is. Hulle emosionele voorbereiding kan aan die emosionele ondersteuning, begeleiding en beskerming die lewe as kinderhuiskinders toegeskryf word. Laasgenoemde emosionele ondersteuning is op 'n gereelde basis deur 'n maatskaplike werker voorsien. In die geval waar 'n respondent nie emosioneel voorbereid gevoel het nie, word dit aan 'n tekort van emosionele steun in die vorm van begeleiding, ondersteuning en aandag van 'n maatskaplike werker toegeskryf. Die hantering, identifisering en verwerking van trauma deur die individu in samewerking met 'n maatskaplike werker, het ook 'n invloed op die individu se persepsie van die hoeveelheid emosionele ondersteuning wat gebied is en op die suksesvolle aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis. Dit is volgens die respondente van kardinale belang dat 'n maatskaplike werker emosionele sekuriteit bied ten einde bedreigende situasies positief te kan hanteer sodat dit op 'n konstruktiewe wyse opgelos kan word.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat laasgenoemde bydra tot die suksesvolle aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis.

Uit die navorsingsresultate blyk dit dat respondente tydens hulle kinderhuisjare goed versorg is en tydens die proses van ontslag uit die kinderhuis goed daarop voorberei is. Die navorser kom ook tot die gevolgtrekking dat elke individu se afsonderlike belewenis van die jare in die kinderhuis, tesame met die manier waarop trauma ervaar, hanteer en verwerk is, sal bepaal hoe die voorbereiding vir die proses van ontslag uit die kinderhuis ervaar word.

- Die navorsingsresultate dui op spesisifieke aspekte waaraan die kinderhuisstruktuur aandag kan skenk ten einde adolessente optimaal voor te berei vir die proses van ontslag uit die kinderhuis. Spesifieke aspekte wat geïdentifiseer is, is soos volg:

    - meer fokus op die identifisering, verwerking en oplossing van trauma wat deur die individu se lewe voorkom;
    - korrekte hantering van spesifieke emosionele situasies in die lewe van die individu, deurdat klem op die aanleer van verantwoordelikheid vir spesifieke situasies geplaas moet word.
    - meer leiding ten opsigte van 'n spesifieke beroepsrigting wat aanpas by die vermoëns en vaardighede van die individu;
    - meer aandag aan die spesifieke blyplek wat vir die adolessent geïdentifiseer is, deurdat meer tyd beskikbaar gestel word om die persoonlike lewe van die adolessent te bespreek;
    - inskakeling van familie (indien moontlik) by die lewe van die adolessent ten einde die adolessent se behoefte aan emosionele ondersteuning, liefde en aandag te verminder;
    - die oopstel van grense tydens hulle lewe in die kinderhuis deur op 'n gereelde basis buite die kinderhuis te kan sosialiseer. Hierdeur word 'n gemaklikheid by die individu op sosiale vlak bewerkstellig wat weer aanleiding gee tot suksesvolle sosiale aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis; en

- begeleiding moet verskaf word, maar daar moet steeds kans wees vir die neem onafhanklike besluite en keuses ten einde onafhanklikheid buite die grense van die kinderhuis te bewerkstellig.

Die navorser is van mening dat hierdie spesifieke aspekte wat deur die adolessente geïdentifiseer is, van groot waarde is aangesien dit uit die respondente se persoonlike lewenservaring spruit. Hierdie riglyne moet deur maatskaplike werkers in 'n kinderhuisstruktuur inaggeneem word ten einde die adolessent in die kinderhuis optimaal voor te berei vir die proses van ontslag uit die kinderhuis.

### 4.5.3 Aanbevelings

Die navorser wil na aanleiding van hierdie ondersoek sekere algemene aanbevelings maak:

❖ *Hantering van die adolessent voor ontslag uit die kinderhuis*

Die navorser wil aanbeveel dat die maatskaplike werkers in die kinderhuis van die begin af na elke individu se spesifieke vermoëns en vaardighede, finansiële geleenthede en beskikbare hulpbronne sal kyk ten einde begeleiding aan die individu te verskaf om suksesvol by sy beroepsomgewing aan te pas. Voor ontslag uit die kinderhuis kan individue, na gelang van hulle belangstellingsveld, vaardighede en vermoëns, by verskillende instansies en organisasies ingeskakel word ten einde die individu bloot te stel aan 'n besondere beroepsrigting waar hy gemaklik en selfversekerd kan voel. Tydens hierdie proses moet die maatskaplike werker deurlopend die nodige begeleiding en ondersteuning verskaf.

Die navorser wil verder aanbeveel dat daar in elke kinderhuis 'n stelsel ingevoer word wat sal fokus op elke individu se persoonlike trauma. Elke kind moet voldoende geassesseer word ten einde 'n beplanningsraamwerk op te stel, wat op terapeuties korrekte wyse die individu sal help om die trauma in sy lewe suksesvol te identifiseer, verwerk en aanvaar. Daar moet op 'n meer gestruktureerde wyse klem gelê word op die emosionele behoeftes van die adolessente.

Die navorser beveel ook aan dat elke maatskaplike werker meer klem op die identifisering en ontwikkeling van elke individu se selfbeeld moet plaas terwyl hy nog in die kinderhuis is, deur die instelling van groepswerkprogramme om die individue te help om hulle eie persoonlike sterk- en swakpunte te identifiseer. Groepsessies met ander individue in die kinderhuis kan vir laasgenoemde doel ingestel word.  Hierdeur kan die individue begelei word om die lewe buite die grense van die kinderhuis met ’n hoë vlak van selfkennis en ‘n selfversekerde houding aan te pak.

’n Verdere aanbeveling is dat daar tydens kind se jare in die kinderhuis meer geleenthede vir sosialisering buite die grense van die kinderhuis geskep moet word.  Hierdeur kry die kinderhuiskind die geleentheid om buite die grense van die kinderhuis met ander in interaksie tree.  Aansluitend hierby moet die maatskaplike werker, op ’n gereelde basis, begeleiding ten opsigte van die adolessent se ondervindings, situasies, hantering van probleemsituasies en die effektiewe hantering van konflik bied.  Die navorser maak ook die aanbeveling dat elke individu se persoonlike kwessies op ’n effektiewe wyse gehanteer moet word ten einde onsekerhede ten opsigte van groepsdruk, konformering, besluitneming en die oplossing van konflik uit die weg te ruim.  Verder moet die maatskaplike werker steeds ná ontslag uit die kinderhuis beskikbaar wees vir verdere begeleiding, hulp en ondersteuning.   Hierdie begeleiding kan verskaf word in individuele- en of groepwerksessies.

Die navorser beveel voorts aan dat die gedrag van die individu, tydens interaksie buite die grense van die kinderhuis, deur die maatskaplike werker gemonitor moet word, sodat positiewe gedrag versterk kan word en negatiewe gedrag afgeleer kan word. Die voor- en die nadele verbonde aan sekere tipes gedrag moet op ’n gereelde basis aan die individu verduidelik word ten einde hom bewus te maak van sosiaal aanvaarbare gedrag wat weer tot suksesvolle aanpassing ná ontslag uit die kinderhuis aanleiding kan gee.

❖ *Hantering van die adolessent na ontslag uit die kinderhuis*

Die navorser beveel aan dat die maatskaplike werker die plasing van die individu by 'n spesifieke werks- en/of blyplek deurlopend moet evalueer en monitor. Daar moet 'n stelsel bestaan waarvolgens die aanpassing van die individu ná ontslag uit die kinderhuis gemoniteer en geëvalueer kan word. Elke individu se spesifieke lewensituasies moet ten minste vir die eerste twee jaar ná ontslag van tyd tot tyd herevalueer word ten einde probleemsituasies wat nie deur die individu alleen hanteer kan word nie, te identifiseer en oplossings te vind. Laasgenoemde geld nie net vir die fisiese lewensomstandighede nie, maar ook vir emosionele behoeftes wat die aanpassing van die adolessent buite die grense van die kinderhuis negatief kan beïnvloed.

❖ *Verdere navorsing*

Ten opsigte van verdere navorsing wil die navorser graag die volgende aanbeveling maak:

'n Opleidingsprogram moet ontwikkel word waardeur waardevolle inligting oorgedra kan word om die tekort aan kennis by maatskaplike werkers ten opsigte van die bydraende faktore wat 'n invloed kan hê op die suksesvolle aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis, aan te vul. Maatskaplike werkers sal daardeur bemagtig word om verskillende faktore wat tot die suksesvolle aanpassing of wanaanpassing van individue by ontslag uit die kinderhuis kan bydra, te begryp, ten einde 'n raamwerk van dienslewering saam te stel wat deur maatskaplike werkers gebruik kan word om die individu optimaal voor te berei vir ontslag en deurlopende ondersteuning.

'n Hipotese wat ten opsigte van hierdie aanbeveling vir verdere navorsing gestel kan word, behels dat, indien 'n opleidingsprogram ontwikkel word, sal dit tot groter bewustheid by maatskaplike werkers lei ten opsigte van verskillende bydraende faktore wat die suksesvolle aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis kan strem. Hierdie faktore kan in ag geneem word tydens die ontwikkeling van 'n raamwerk van dienslewering wat deur maatskaplike werkers gebruik kan word om die individu optimaal voor te berei vir ontslag uit die kinderhuis.

### 4.6 Slotgedagte

Dit is duidelik dat adolessensie 'n moeilike tyd in die lewe van enige individu is. Dit word gekenmerk deur 'n tydperk waar die individu dit moeilik vind om vrede te maak met sy eie identiteit. Vir die individu in die kinderhuis word hierdie proses verder gestrem as gevolg van sy huidige lewensituasie, tesame met trauma wat in beleef is. Hierdie kinderhuisbelewenisse veroorsaak unieke struikelblokke vir adolessente in 'n poging om hulleself te vind en 'n plek in die samelewing buite die grense van die kinderhuis te kry. Traumatiese skeidings, mishandeling en verwaarlosing, armoede, gevoelens van verlies, skuld en blaam het almal 'n beduidende invloed op die kind se ontwikkeling tot adolessensie as die volgende lewenstadium. Daarom is dit van kardinale belang dat maatskaplike werkers 'n breë oorsig sal ontwikkel van die faktore wat kan bydra tot die wanaanpassing of suksesvolle aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis ten einde 'n raamwerk van dienslewering te ontwikkel wat die individu optimaal sal voorberei vir die proses van ontslag uit die kinderhuis.

# BYLAAG A

## ONDERHOUDSKEDULE

1. Wat is jou huidige lewensituasie? Hoe pas jy aan by laasgenoemde situasie?

2. Wat is jou persoonlike ervaring van jou lewe as kinderhuiskind? Hoe beïnvloed laasgenoemde status jou aanpassing buite die kinderhuis?

3. Hoe dink jy oor jouself? Hoe beïnvloed dit jou aanpassing buite die kinderhuis?

4. Hoe pas jy by jou vriendekring aan?

5. Hoe dink jy sien ander mense jou? Hoe beïnvloed dit jou aanpassing buite die kinderhuis?

6. Is/was jy al betrokke by anti-sosiale gedrag in die samelewing? Indien ja, watter tipe gedrag en die redes vir die uitvoer van die spesifieke gedrag?

7. Wat dink jy van waardes in die lewe en hoe pas jy dit toe?

8. Voel jy dat jy goed voorberei was vir die proses van ontslag uit die kinderhuis? Verduidelik asseblief jou antwoord.

9. Was daar ‘n maatskaplike werker wat tydens die proses van ontslag uit die kinderhuis jou gehelp het om jou aanpassing buite die kinderhuis so positief moontlik te laat verloop?

## BYLAAG B

# INGELIGTE TOESTEMMINGSBRIEF

**1. TITEL VAN NAVORSINGSPROJEK**

Die aanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis.

**2. DOEL VAN DIE NAVORSING**

Die doel van hierdie verkennende navorsing is die ondersoek na bydraende faktore wat aanleiding gee tot die suksesvolle aanpassing of wanaanpassing van die adolessent ná ontslag uit die kinderhuis ten einde die kennisleemte wat daar by maatskaplike werkers in die praktyk bestaan, aan te vul.

**3. NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE**

Die navorser sal gebruik maak van individuele onderhoude wat met elke geselekteerde adolessent wat die afgelope jaar uit die kinderhuis ontslaan is, gevoer sal word. Tydens die semi-gestruktureerde onderhoudvoering sal die navorser van 'n vooropgestelde onderhoudskedule gebruik maak wat slegs sal dien as 'n raamwerk vir die fasilitering van die gesprek en 'n diepgaande bespreking van die bydraende faktore wat die algemene aanpassing van die individu by ontslag uit die kinderhuis beïnvloed.

Ek, die respondent sal by een onderhoud betrek word waar inligting ingewin sal word en ek te alle tye as die ekspert beskou sal word. Genoeg geleentheid sal gebied word ten einde my storie te vertel.

**4. RISIKO'S EN NADELE VERBONDE AAN DIE NAVORSING**

Hierdie navorsing sal geensins mediese, fisiese of sosiale risiko's inhou nie. Die moontlikheid bestaan egter dat ek van onafgehandelde emosies en behoeftes wat na vore kom, bewus kan raak en verdere ontlonting en berading kan benodig. Indien dit die geval sou wees, het die navorser reeds die nodige reëlings getref, en sal ek die

nodige ontlonting en berading deur 'n onafhanklike maatskaplike werker ontvang.

**5. VOORDELE VERBONDE AAN DIE NAVORSING**

Die inligting ingesamel deur onderhoude sal waarde toevoeg tot die kennisleemte wat daar by maatskaplike werkers bestaan ten opsigte van die faktore wat die oorsaak kan wees van wanaanpassing van sekere kinders teenoor suksesvolle aanpassing van ander by die ontslag uit die kinderhuis. Deur my deelname sal ek daartoe bydrae dat maatskaplike werkers die inligting kan gebruik ten einde deurlopende ondersteuning te bied en kinders optimaal voor te berei vir ontslag.

**6. REGTE VAN DIE RESPONDENT**

Ek het die reg om te enige tyd van die studie te onttrek.

Ek kan die navorser te enige tyd vra indien ek onseker is oor iets, of indien ek enige aspek met betrekking tot die navorsing wil uitklaar.

**7. KONFIDENSIALITEIT**

Met my toestemming, sal die navorser ons onderhoude op band opneem. Daarna sal die navorser woord-vir-woord transkripsies van ons gesprekke maak. My identiteit sal te alle tye beskerm word. Slegs die navorser en haar studieleier sal toegang tot alle gesprekke wat op band opgeneem is, hê en die bandopnames sal na afloop van die navorsing vernietig word.

Die bevindinge sal in 'n mini-verhandeling en wetenskaplik geformuleerde artikel vervat word.

Ek is ingelig ten opsigte van my regte as respondent en gee hiermee vrywilliglik my toestemming om deel te neem aan die navorsing.
Ek verstaan die doel van die navorsing, asook die beoogde prosedures.
Ek sal 'n getekende afskrif van hierdie ingeligte toestemmingsbrief ontvang.

Ek……………………………………………………………………(naam van respondent) gee my toestemming dat ek vrywilliglik aan hierdie navorsing sal deelneem.

……………………………                                        …………………………

**Respondent**                                        **Datum**

……………………………                                        …………………………

**Navorser**                                        **Datum**

**BRONNELYS**

Ayasse, R.H. 1995. Addressing the needs of foster children: The foster youth services program. *Social Work in Education***,** 17(4):207-215.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. *The practice of social research.* Kaapstad: Oxford University Press.

Bagwell, J. 2001. Foster kids: Nurturing "anybody's child". *Education Digest,* 66(8):63-66.

Baron, R.A. 1998. *Psychology.* Verenigde State van Amerika: Allyn and Bacon.

Bullock, R., Little, M. & Millham, S. 1993. *Residential care for children: A review of the research.* Londen: HMSO.

Buehler, C. 2003. Foster parents' perceptions of factors that promote or inhibit successful fostering. *Qualitative Social Work,* 2(1):61-83.

Burton, J. 1998. *Managing residential care.* Londen: Routledge.

Cantos, A.L., Gries, L.T. & Slis, V. 1996. Correlates of therapy referal in foster children. *Child Abuse and Neglect,* 20(10):921-931.

Clausen, J.M., Landsverk, J., Ganger, W., Chadwick, D. & Litrownik, A. 1998. Mental Health problems of children in foster care. *Journal of Child and Family Studies,* 17(3):283-296.

Clough, R. 1998. The future of residential care- A personal view. In Jack, R. 1998. *Residential versus community care: The role of institutions in welfare provision.* Londen: Macmillan.

Craig, G.J. 1996. *Human development.* New Jersey: Prentice-Hall.
Development issues for young children in foster care. 2000. *American Academy of Pediatrics,* 106(5):1145-1150.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos., A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

De Vos., A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

Duncan, N., Van Niekerk, A. & Mufamadi, J. 2003. Developmental psychology: A life-span perspective. In Nicholas, L. 2003. *Introduction to psychology.* Kaapstad: UCT Press.

Emerson, J. & Thomas, L. 2003. The education plight of foster children in schools and what can be done about it. *Remedial & Special Education,* 24(4):199-204.

Fouché, C.B. 2002a. Research strategies. In de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. 2002b. Problem formulation. In de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

Fourie, P.B. 2004. Onderhoud. 22 Maart. Kaapstad.

Grealish, E.M. & Meadowcroft, P. 1990. Referring to, and placing children in treatment homes. In Meadowcroft, P. & Trout, B.A. 1990. *Troubled youth in treatment homes: A handbook of therapeutic foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

Greeff, M. 2002. Information collection: Interviewing. In de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

Grinnel, R.M. 1993. *Social work research and evaluation.* 4de uitgawe. Itasca IL: Peacock Publishers.

Health care of young children in foster care. 2002. *American Academy of Pediatrics,* 109(3):536-540.

Jack, R. 1998. *Residential versus community care: The role of institutions in welfare provision.* Londen: Macmillan.

Kates, W., Johnson, R.L., Raider, M. & Strieder, F.H. 1991. Whose child is this? Assessment and treatment of children in foster care. *American Journal of Orthopsychiatry,* 61(4):584-591.

Kenrick, J. 2000. 'Be a kid': The traumatic impact of repeated separations on children who are fostered and adopted. *Journal of Psychotherapy,* 26(3):393-412.

Kirby, K.M. & Hardesty, P.H. 1998. Evaluating older pre-adoptive foster children. *Professional Psychology: Research and Practice,* 29(5):428-436.

Land, H. 1990. The coming-of-age in foster care. In Maluccio, A.N., Krieger, R. & Pine, B.A. 1990. *Preparing adolescents for life after foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

Levine, K.G. 1990. Time to mourn again. In Maluccio, A.N., Krieger, R. & Pine, B.A. 1990. *Preparing adolescents for life after foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 1998. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider- Afrika.* Johannesburg: Heinemann.

Louw, D.A., Louw, A.E. & van Ede, D.M. 1998. Die neonatale fase en babajare. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling:* 3de uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling:* 3de uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Maluccio, A.N., Krieger, R. & Pine, B.A. 1990. *Preparing adolescents for life after foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

Mcfadden, E.J. 1990. Maltreatment: Obstacles to successful emancipation. In Maluccio, A.N., Krieger, R. & Pine, B.A. 1990. *Preparing adolescents for life after foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

Mcparlin, P. 1996. Children 'looked after' (in care) – implications for educational psychologists. *Educational Psychology in Practice,* 12(2):112-116.

Meadowcroft, P. & Trout, B.A. 1990. *Troubled youth in treatment homes: A handbook of therapeutic foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

Meadowcroft, P., Hawkins, R.P., Grealish, E.M. & Weaver, P. 1990. Providing services to children in therapeutic foster care. In Meadowcroft, P. & Trout, B.A. 1990. *Troubled youth in treatment homes: A handbook of therapeutic foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America, INC.

Mehra, H. 1996. Residential care for ethnic minorities children. In Kedar, N.D. & Varma, V.P. 1996. *Meeting the needs of ethnic minority children: A handbook for professionals.* Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Molin, R. 1990. Future anxiety: Clinical issues of children in the latter phases of foster care. *Child & Adolescent Social Work Journal,* 7(6):501-512.

Murph, J.R. 2000. Developmental issues for young children in foster care. *American Academy of Pediatrics,* 106(5):1145-1150.

Neuman, W.L. 1994. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches.* 2de uitgawe. Boston: Allyn and Bacon.

*Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk.* 1995. 3de uitgawe. Kaapstad: CTP Book Printers.

Porter, A. 2004. Onderhoud. 13 November. Môreson Kinderhuis, George.

Price, J.M. & Brew, V. 1998. Relationships of foster children: Developmental and mental health service implications. *Journal of Applied Developmental Psychology,* 19(2):199-218.

Sholte, E.M. 1997. Exploration of criteria for residential and foster care. *Association for Child Psychology and Psychiatry,* November:657-665.

Simms, M.D. & Halfon, N. 1994. The health care needs of children in foster care: A research agenda. *Child Welfare League of America,* LXXIII(5):505-523.

Sinclair, I. & Gibbs, I. 1998. *Children's homes: A study in diversity.* New York: John Wiley.

Sprince, J. 2000.Towards an integrated network. *Journal of Psychotherapy,* 26(3):409-411.

Stoner, M.R. 1999. Life after foster care: Services and policies for former foster youth. *Journal of sociology and social welfare,* 26(4):169-175.

Strydom, H. 2002. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In de Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods, In Maluccio, A.N., Krieger, R. & Pine, B.A. 1990. *Preparing adolescents for life after foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

Suid-Afrika 1998. Departement van gesondheidsdienste en welsyn: Kinder- en Jeugsorgstelsel. Minimum Standaarde. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika 2002. Departement van gesondheidsdienste en welsyn: Kinder- en Jeugsorgstelsel. Strategie vir die transformasie van dienste gelewer deur kinderhuise. Pretoria: Staatsdrukker.

Terblanche, H. 2004. Onderhoud. 22 Maart. George.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 1999. *Research in practice.* Kaapstad: University of Cape Town Press.

*The Standard English Dictionary,* 1990. Londen: Blackie.

Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. 1998. Adolessensie. In Louw, D.A., van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling* 3de uitgawe. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Timbers, G. 1990. Describing the children served in treatment homes. In Meadowcroft, P. & Trout, B.A. 1990. *Troubled youth in treatment homes: A handbook of therapeutic foster care.* Washington, D.C: Child Welfare League of America.

*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* 1994. Midrand: Perskor.

Suid-Afrika. 1983. Wet op Kindersorg (Wet No.74 van 1983). Pretoria: Staatsdrukker.

Zeanah, C.H. & Larrieu, J.A. 1998. Intensive intervention for maltreated infants and toddlers in foster care. *Child and Adolescent Psychiatric Clinics of North America,* 7(2):357-371.

Zetlin, A., Weinberg, L. & Kimm, C. 2003. Are the educational needs of children in foster care being addressed? *National Association of Social Workers,* 25(2):105-11.